# Sarah Goldblatt: Letterkundige administratrise van C.J. Langenhoven

deur

Leonie van Zyl

Pectora roborant cultus recti

Tesis ingelewer ter gedeeltelike vervulling van die graad Magister in Wysbegeerte (Geskiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof A. Grundlingh

April 2003

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

In 1932 is die bekende Afrikaanse skrywer en politikus, C.J. Langenhoven, op Oudtshoorn in sy huis Arbeidsgenot oorlewe. In sy testament het hy vir Sarah Goldblatt as administratrise van sy letterkundige nalatenskap aangewys. Sarah, 'n Joodse vrou, het in 1897 saam met haar gesin na die Kaap geïmmigreer en die in die studie word ondersoek ingestel na die redes waarom Langenhoven hierdie vrou as sy administratrise aangewys het.

Suid-Afrika het nie altyd die Jode met ope arms ontvang nie, veral nie Jode vanuit Oos-Europa, die gebied waarvan Sarah en haar gesin afkomstig was, nie. Spesifiek gedurende die dertiger- en veertigerjare was daar 'n sterk anti-semitiese gevoel onder Afrikanergeledere teenwoordig. Dit was juis in 1932 wat Sarah die taak as administratrise opgelê is.

Die tydperk waarna daar gekyk word is breedweg vanaf 1889 tot 1975, Sarah se lewensjare. Op hierdie manier word daar na die veranderende Suid-Afrikaanse houding teenoor Jode gekyk gedurende Sarah se lewe. Daar word ook na die rol en posisie van die Afrikanervrou gekyk om dieselfde rede gekyk. Oudtshoorn, die dorp waarop Langenhoven homself gevestig het en waar sy en Sarah se vriendskap begin het word onder die soeklik geplaas. 'n Groot getal Jode het hulleself in die dorp gevestig en hulle het 'n daadwerklike impak op die Oudtshoornse gemeenskap uitgeoefen. Hierdie ondersoek is nodig om te sien waarom dit so vreemd was vir 'n Joodse vrou en 'n Afrikaner man, om so 'n spesiale vriendskap te kon deel.

Nie alleen die Suid-Afrikaanse houding teenoor die Jood en die vrou word ondersoek nie, maar daar word ook na Langenhoven en Sarah se onderskeie houdings teenoor die sake gekyk. Beide hulle werks- en vriendskapsverhouding word ondersoek. Altwee se lewensuitkyk en hulle verhouding werp lig op die redes waarom Langenhoven uiteindelik sou besluit om Sarah as sy administratrise aan te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sarah se grootste werk hou verband met Langenhoven. Opinies verskil oor die uitwerking wat sy op sy nagedagtenis gehad het. Haar werk as administratrise was egter nie al wat Sarah verrig het nie. 'n Oorsig oor Sarah se bydraes tot die Afrikaner taal en kultuur word dus ook blootgelê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


# ABSTRACT

In 1932 the well-known Afrikaans writer and politician, C.J. Langenhoven, died in Oudtshoorn in his home, Arbeidsgenot. In his testament he appointed Sarah Goldblatt as the person responsible for the administration of his literary works. Sarah, a Jewish woman, immigrated to the Cape together with her family in 1897. The aim of this research was to find the possible reasons why Langenhoven chose an English speaking Jewish woman as his administrator.

Jews were not accepted with open arms into the South African community, especially not Jews from Eastern Europe, the area where Sarah and her family came from. Anti-semitic feelings amongst the Afriaans population were especially strong during the thirties and forties. It was during this time, in 1932, that Sarah received the job as administrator.

The period of research stretches from 1889 to 1975, from Sarah's birth to her death. A look is taken at the changing South African attitude towards Jews during Sarah's life. The role and position of the Afrikanerwomen during this time is also investigated. Oudtshoorn, the town in which Langenhoven lived and where the friendship between him and Sarah started, will also be put under the spotlight. Many Jews settled in this town and played an active part in the Oudtshoorn community.

Not only the South African attitude towards Jews and women will be discussed, but also Langenhoven's and Sarah's personal perspectives on these subjects. Both their friendship and work relationship will be discussed. Their philosophy of life and their relationship will cast light on the reasons why Langenhoven finally decided to appoint Sarah as the administrator of his literary works.

Sarah's greatest achievements were directly involved with Langenhoven. Opinions differ about the influence Sarah had on the way the South African community saw Langenhoven. The work as administrator for the literary works

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was not all Sarah did. Therefore a review on Sarah's contribution to the Afrikaans language and culture is also provided.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Aan my ouers*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BEDANKINGS

Ek is die volgende persone groot dank verskuldig vir hulle aandeel in die voltooiing van hierdie studie:

Eerstens my opregte dank en waardering aan my promotor, prof. A. Grundlingh. Hy het my nie alleen aan die onderwerp voorgestel nie, maar was altyd gereed met insiggewende voorstelle. Dankie vir u hulp, geduld en inspirasie. Dit was voorwaar 'n voorreg om onder u leiding te kon werk.

'n Woord van dank aan mev. Hanna Botha by Africana, aan die J.S. Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Dankie vir u entosiasme en bereidwilligheid om ekstra moeite te doen, hetsy met verkryging van inligting of onderskraging. Dankie ook vir u hulp ten opsigte van 'n beurs.

My dank ook aan die Langenhoven-Gedenkfonds vir hulle finansiële bydra en belangstelling in die onderwerp. 'n Spesiale woord van dank ook aan prof. Olivier wat geen moeite ontsien het om my op Oudtshoorn te ontvang en van hulp te wees in die verkryging van alle moontlike inligting nie. Dankie vir die entosiasme waarmee u u kennis van hierdie onderwerp deel.

In besonder wil ek my ouers en suster bedank, want sonder hulle sou hierdie studie nie moontlik wees nie. Baie dankie vir jare van toewyding, aanmoediging en vertroue in my. Dit word waardeer. Dankie aan Arno. Ten spyte daarvan dat hy self besig was met die voltooiing van sy D-tesis was hy bereid om tyd te maak vir die proeflees van 'Saartjie'. Dankie vir jou ondersteuning, geduld en liefde.

In die laaste plek alle eer aan my Hemelse Vader van wie ek die krag en genade ontvang het vir hierdie studie.

L. van Zyl

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| Voorwoord | | i |
| **HOOFSTUK 1** | | |
| **SARAH EVA GOLDBLATT: HAAR JEUGJARE** | | **1** |
| 1.1. | Joodse immigrasie na die Kaapkolonie | 1 |
| 1.2. | Joodse integrasie in die Kaapkolonie 1890 -1914 | 3 |
| 1.3. | Die Goldblatt gesin en hulle immigrasie na Suid-Afrika | 6 |
| 1.4. | Sarah se jeug en haar opleiding | 9 |
| **HOOFSTUK 2** | | |
| **DIE SUID-AFRIKA WAT SARAH BETREE HET** | | **13** |
| 2.1. | Suid-Afrika en die Joodse vraagstuk | 13 |
| 2.1.1. | Die algemene houding teenoor Jode in Suid-Afrika | 13 |
| 2.1.2. | Oudtshoorn en die Joodse gemeenskap | 21 |
| 2.2. | Die posisie van die Suid-Afrikaanse vrou tot 1930 | 28 |
| 2.3. | Gevolgtrekking | 35 |
| **HOOFSTUK 3** | | |
| **SARAH GOLDBLATT EN HAAR VERBINTENIS MET C.J. LANGENHOVEN** | | **37** |
| 3.1.1. | Sarah en Langenhoven ontmoet by *Het Zuid-Westen* | 37 |
| 3.1.2. | Sarah en Langenhoven na *Het Zuid-Westen* | 44 |
| 3.2.1. | Langenhoven se houding teenoor Jode in Suid-Afrika | 51 |
| 3.2.2. | Sarah as Jood in Suid-Afrika | 56 |
| 3.3.1. | Langenhoven en sy beskouing van die vrou | 60 |
| 3.3.2. | Sarah en haar siening oor die rol en posisie van die vrou in Suid-Afrika | 64 |
| 3.4. | Sarah en haar opvoeding | 67 |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5. Gevolgtrekking 68

**HOOFSTUK 4**

**SARAH GOLDBLATT SE BYDRAE VIR DIE AFRIKANER 70**

4.1. Sarah as onderwyseres 71
4.2. Radiolesse 72
4.3. Afrikaanse klasse aan huis by Sarah 75
4.4. Bydra tot die bevordering van tweetaligheid in Suid-Afrika 77
4.5. Die Afrikaner kultuur: Arbeidsgenot 81
4.6. Die Stem van Suid-Afrika 87
4.7. Sarah en die Langenhoven-industrie 88
4.8. Langenhoven-Eeufeesjaar 93
4.9. Gevolgtrekking 99

**SLOT 102**

**BRONNE 109**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VOORWOORD

In die verlede het verskillende groepe en individue onderskeie rolle vertolk en op hierdie manier is die samelewing, soos ons dit vandag ken, gevorm. Hierdie vormingsproses hou voortdurend aan. Daarom is dit nodig dat ons die verlede ondersoek sodat ons die hede beter kan verstaan. Die rol van die vrou en die invloed wat hulle in die verlede op ons gehad het, is tans een van die onderwerpe waaraan historici heelwat aandag gee.

Binne Afrika en imperiale historiografie is geslag as konstruk, sowel as die rol wat vroue binne hierdie samelewings vertolk het, grotendeels uitgelaat. Die nodige aandag is definitief nie aan vroue se spesifieke bydaes tot hulle onderskeie samelewings gegee nie. Vroue is bloot onder die algemene term *die mens* by die geskiedenis ingesluit. Hierdie term verwys in die algemeen na die mens, maar met 'n ondertoon van manlikheid. Hoewel daar in die verlede na die vrou se unieke bydraes gekyk is, is hulle tog deur die spesiefieke gebruik van hierdie terminologie ontken. ‘n Voorbeeld is dat wanneer daar na Xhosa dokters in die algemeen verwys word, word hulle as mans beskryf word, terwyl die dokters gewoonlik vrouens was.[1] Hoewel elke groep, soos die Indiërs, Xhosa's of Jode, as eenheid 'n impak op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het, het individue binne elke groep 'n spesifieke rol vertolk. So het mans en vrouens binne die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika bydraes gelewer tot die vorming van die Suid-Afrikaanse samelewing soos ons dit vandag ken.

Gedurende die 1970's is die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing getransformeer. Hierdie verandering was die werk van neo-marksistiese historici in die land. Die neo-marksiste het 'n polities-ekonomiese benadering binne hulle geskiedskrywing gevolg wat beteken dat die Suid-Afrikaanse verlede vanuit 'n ekonomiese oogpunt beoordeel is. Dit het tot gevolg gehad dat sosiale aspekte binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap grootliks

---

[1] H. Bradford: Women, gender and colonialism: rethinking the history of the British Cape Colony and its frontier zones, c. 1806-1870 (Journal of African History, 1996, 37, pp. 351-353).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agterweë gelaat is. Geslag as faktor het geen gewig in hulle navorsing gedra nie. In die tagtigerjare het historici al meer geneig na ondersoeke in verband met sosiale geskiedenis. Hierdie paradigmaskuif het baie nuwe navorsingsmoontlikhede blootgelê.[2] Die ondersoek na die rol van die vrou is ook positief deur die verandering beïnvloed.

Hetherington wys op twee spesifieke temas wat oor vroue binne die Suid-Afrikaanse feministiese historiografie gedurende die 1970's en 1980's geskryf is. Die eerste tema is dié van die swart vrou as onderdrukte slagoffer van kapitalisme binne Suid-Afrika. Tweedens is daar die tema waarvolgens die vroue wat in opstand gekom het teen die onderdrukking as helde uitgebeeld word. Blanke vroue in Suid-Afrika is egter nie tot dieselfde mate ondersoek nie.[3]

Marijke du Toit[4] gee in haar tesis 'n paar voorbeelde van dit wat oor wit vroue geskryf is. Sy maak die afleiding dat wit vroue in die historiografie meestal beperk is tot die huislewe en dat hulle passiewe meelewers van die nasionalisme was wat deur mans gekonstrueer is. Volgens Du Toit is blanke vrouens gestereotipeer as onderdanige, konserwatiewe moeders, wat nie 'n sigbare bydra tot die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het behalwe om hulle kinders volgens die nasionalistiese gevoel van die Afrikaner op te voed nie. Navorsing in Lou-Marié Kruger se tesis, "Gender, Community and Identity: Women and Afrikaner Nationalism in the Volksmoeder Discourse of *Die Boervrou*, 1919-1931" (1991), toon dat wit vroue nie nét passief was nie.

"Maar vrouens werk so ongemerk; hulle help arm gemeentes en arm kinders waarvan min weet, sodat ons partykeer voel ons moet soek om hulle spore te sien. Dit is nie dat die spore nie daar is nie; maar vrouens se spore is maar

[2] P. Hetherington: Women in South Africa: The historiography in English (The International Journal of African Historical Studies, 1993, 26(2), pp.241-242).
[3] Ibid., p. 261.
[4] M. du Toit: Women, welfare and the nurturing of Afrikaner Nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939 (Ongepubliseerde D-tesis, UCT, 1996).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lig, en hulle word so saam met die mans s'n getrap dat 'n mens hulle nie goed merk nie."[5]

Sarah Eva Goldblatt is een van die blanke Suid-Afrikaanse vroue wat beslis 'n bydra gelewer het tot die opbou van die Afrikaner. Sy was van Joodse afkoms en het na Langenhoven se dood opgetree as sy letterkundige administratrise. Nie alleen het sy Langenhoven se werke behartig nie, sy het haar ook beywer vir die bevordering van Afrikaans. Ten spyte hiervan is haar bydra nog nooit behoorlik ondersoek nie.

Daar is wel in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 'n inskrywing oor Sarah. Die inskrywing verleen 'n kort oorsig oor Sarah se lewe, waaronder 'n agtergrondskets van haar ouers en haar skoolopleiding. Haar ontmoeting met Langenhoven en haar werk saam met hom by *Het Zuid-Westen* word vermeld, asook die feit dat hy haar vir die 'Afrikaanse saak gewen' het. Sarah het haarself as onderwyseres bekwaam en daar word 'n oorsig gegee van die werk wat sy as onderwyseres verrig het, asook dit wat sy ten opsigte van die Langenhoven nalatenskap gedoen het.[6] J.P. Scannell het vir die *Ensiklopedie van die Wêreld* 'n kort opsomming van Sarah en haar werk geskryf. Hy gee ook 'n kort opsomming van haar gesin en haar opvoeding as kind. Soos die geval is in die *Biografiese Woordeboek* verwys Scannell na Sarah se werk as Langenhoven se administratrise en as onderwyseres.[7]

Die persoon wat egter tot op hede die mees gedetaileerde werk oor Sarah gelewer het, is J.C. Kannemeyer in sy boek *Langenhoven: 'n Lewe*. Hierdie is 'n biografie oor Langenhoven, maar die skrywer kan nie Sarah se rol in Langenhoven se lewe ignoreer nie, aangesien sy 'n integrale deel van Langenhoven se lewe was. Kannemeyer gee 'n oorsig oor Sarah se jeug, haar gesin en opvoeding. Hy beskryf die werk wat sy deur die jare verrig het [8]

---

[5] M. du Toit: Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939 (Ongepubliseerde D-tesis, UCT, 1996) pp. 7-9.
[6] C. J. Beyers (red) en J. L. Basson: Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V, pp. 312-313.
[7] G. 202. Pe. B. (8a): Afskrif van Scannell se geskrif vir die Ensiklopedie, g.d.
[8] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 21-23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en meer spesifiek die werk wat sy as Langenhoven se administratrise verrig het.[9] Kannemeyer beskryf die Langenhoven Eeufeesjaar in redelike detail en noem dit Saartjie se 'supersirkus'.[10] Volgens Kannemeyer wou Sarah die kollig op haarself laat val en was sy baie ontevrede omdat Langenhoven se kleinseun, Guillaume Brümmer nie ook deur die feesvieringe meegesleur is nie. Kannemeyer lei af dat die fees ''n wrang smaak in baie mense se monde gelaat het'. Volgens Kannemeyer was Sarah se werk as Langenhoven se administratrise die enigste ding wat haar tot 'n mate 'n plek binne Afrikanergeledere besorg het. Kannemeyer skep dus 'n negatiewe beeld van haar, deurdat hy beweer dat sy eerder Langenhoven se beeld skade berokken het en dat die werk deur Langenhoven aan haar opgelê, haar enigste aanspraak as deel van die Afrikanervolk was.

Hoekom is dit van toepassing om oor Sarah Goldblatt te skryf? Sarah is 'n persoon wie se lewe parallel staan met vele aspekte binne die Suid-Afrikaanse samelewing in die twintigste eeu. In die eerste instansie is dit nodig om ondersoek in te stel oor die rol wat vroue in die Suid-Afrikaanse verlede gespeel het. Vroeër is daarna verwys dat blanke vroue in geskiedskrywing afgeskeep word en 'n bespreking oor Sarah werp lig op die rol wat hulle in die Suid-Afrikaanse verlede gespeel het. Sarah was egter nie net 'n blanke vrou nie, maar 'n Joodse vrou.

Daar is drie spesifieke vrae wat beantwoord moet word rakende Sarah se lewe. Die eerste vraag is waarom Langenhoven 'n Joodse vrou as sy letterkundige administratrise aangestel het. Ten tweede word gekyk na hoekom hy vir Sarah Goldblatt aangestel het. Dit beteken dus dat daar aandag aan vroue binne die Suid-Afrikaanse samelewing gegee moet word, asook die Joodse gemeenskap in die land. Die laaste vraag waarna gekyk word, is die bydra wat Sarah vir Afrikaans asook die Afrikaner kultuur gelewer het.

---

[9] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 27-31.
[10] Ibid., pp. 36-65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die eerste hoofstuk word gekyk na wie Sarah Eva Goldblatt was. Haar gesin se immigrasie na Suid-Afrika word ondersoek. Die feit dat hulle Jode was en hoe hulle binne die Suid-Afrikaanse konteks ingepas het, word uitgelig. Sarah se skoling en dit waaraan haar ouers haar blootgestel het, word ondersoek. Die rede hiervoor is om te kan sien watter invloede uit haar persoonlike, en gesinslewe, uiteindelik bygedra het tot haar betrokkenheid by die Afrikaner se taal en kultuur. Dit is nodig om die agtergrond van Sarah te skets sodat die leser 'n beeld van haar kan vorm. Om dié drie vrae te beantwoord word daar in vier hoofstukke aandag aan die verskillende onderwerpe gegee om sodoende tot 'n gevolgtrekking te kom.

In die tweede hoofstuk word daar op die eerste vraag gekonsentreer, naamlik waarom dit vreemd was dat Langenhoven 'n Joodse vrou as sy administratrise aangestel het. In antwoord op hierdie vraag word daar in die eerste plek gekyk na die houding gedurende die twintigste eeu vanuit Afrikaner geledere teenoor die Joodse gemeenskap. Spesifieke aandag word gegee aan die inwoners van Oudsthoorn se gevoel teenoor die Jode. Die rede hiervoor is dat Langenhoven 'n inwoner van hierdie dorp was en dat dit lig op sy opinie oor Jode kan werp. Sarah was ook 'n vrou en daar word ondersoek ingestel na die vrou se posisie binne Afrikanergeledere om te sien waarom die aanstelling van 'n vrou vreemd was vir die werk om Langenhoven se nalatenskap te behartig. Aandag word spesifiek gegee aan die posisie wat vroue binne die aanvanklike taalstryd ingeneem het, juis omdat Sarah baie nou by die taalstryd betrokke sou raak.

Terwyl die tweede hoofstuk die vreemdheid van Langenhoven se besluit om 'n Joodse vrou as administratrise aan te stel uitwys, word daar in die derde hoofstuk gepoog om aan te dui waarom hy háár aangestel het. Hulle ontmoeting by *Het Zuid-Westen* en die verhouding wat vanuit hierdie noue samewerking ontwikkel het, word ondersoek. Beide Langenhoven en Sarah se houding teenoor die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika word onder die soeklig geplaas, asook beide persone se opinie rondom die rol van die vrou in die samelewing. 'n Oorsig oor Sarah se opvoeding en die bydra wat dit tot die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling van die goeie verhouding tussen Langenhoven en Sarah tot gevolg gehad het, word bespreek.

Die prentjie wat Kannemeyer van Sarah skets is nie besonder vleiend nie. Daar moet vasgestel word of die beeld wat deur hom voorgehou is volkome waar is. In die vierde hoofstuk word 'n algemene oorsig oor Sarah se doen en late gegee. Die werk wat sy ten opsigte van Langenhoven se nalatenskap, asook Afrikaans en die Afrikaner kultuur gedoen het, word beskryf. Op hierdie manier kry ons 'n gebalanseerde beeld van Sarah en die werk wat sy ten opsigte van Langenhoven en die Afrikaner gelewer het.

Daar word dus gepoog om lig te werp op die verhouding wat tussen Sarah en Langenhoven bestaan het en wat haar uiteindelik die taak as sy letterkundige administratrise besorg het, asook haar bydra vir die Afrikaner. Hoewel hierdie nie 'n allesomvattende studie is wat in die aller fynste detail ingaan nie, bied dit 'n wegspring vir verdere ondersoek na Sarah en die werk wat sy gedoen het.

L. van Zyl
Stellenbosch
Oktober 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1

# SARAH EVA GOLDBLATT: HAAR JEUGJARE

Sarah Eva Goldblatt, C. J. Langenhoven se administratrise, het as Joodse meisie saam met haar ouers vanuit Londen na die Kaap geëmigreer. Later jare het Sarah en Langenhoven saamgewerk en vriende geword. Voor dié kennismaking het Sarah deel van die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika uitgemaak.

Daar word begin deur aandag aan haar gesinslewe, jeugjare en die jare voordat sy saam met Langenhoven begin werk het, te gee. Die inskakeling van die Jode in die Kaapse gemeenskap word ook ondersoek om Sarah teen hierdie agtergrond te verstaan, siende dat sy binne 'n Joodse gesin aan die Kaap opgegroei het. Die fokus val op die jare 1890 tot 1912.

## 1.1. JOODSE IMMIGRASIE NA DIE KAAPKOLONIE

Van vroeg reeds is die Suid-Afrikaanse samelewing aan Jode blootgestel. Tydens die koloniale tydperk het Jode reeds hulleself in die Kaapkolonie gevestig en vanaf die eerste Joodse immigrant sou daar voortaan altyd Jode in die land teenwoordig wees.[1] Die Oos Indiese Kompanjie het vanaf 1652, met die vestiging van 'n kolonie aan die Kaap, werknemers vanuit alle Protestantse lande in Europa probeer lok. Hulle wou nie ander denominasies en gelowe soos Katolieke en Jode aanmoedig om hierheen te kom nie en het selfs so ver gegaan as om die bywoning van Gereformeerde dienste af te dwing. Dit was verder ook die beleid van die Kompanjie om slegs Protestantse Christene in hulle diens te neem. In 1669 word vir die eerste keer melding gemaak van Jode, wat hulle in die Kaapkolonie kom vestig het. Hierdie Jode het hulleself egter tot die Christendom 'bekeer' en kon dus op dié manier by die Kompanjie en sy Protestantse gemeenskap inskakel. Die Bataafse Republiek toon vir die eerste keer tydens hul bewindsoorname in 1803, religieuse toleransie.[2] Hoewel die Jode

[1] G. Saron: The Jews of South Africa, p. 7.
[2] M. Prozesky en J. De Gruchy: Living faiths in South Africa, p. 160.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegelaat is om hulle geloof in die Kolonie uit te leef, was daar steeds beperkinge, aangesien Wet No. 11, wat eers in 1860 uitgereik is, alle diskriminerende wetgewing teenoor dié geloof afgeskaf het.[3] Na hierdie verandering in wetgewing, het al meer erkende Jode na die Kaapkolonie gekom. Die nuwe Joodse immigrante was oorwegend van Brittanje, Duitsland en Nederland afkomstig.

Die Joodse gemeenskap wat hulle in die middel negentiende eeu in die Kaapkolonie bevind het, was 'n homogene groep en het maklik by die koloniste ingeskakel. Beide interne en eksterne faktore het daartoe bygedra dat hierdie homogene gemeenskap met verloop van tyd sou verander. Industrialisasie wat tydens die laaste helfte van die negentiende eeu in Suid-Afrika gebloei het, het veral bygedra tot verandering in die Joodse gemeenskap.

Die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886 in Suid-Afrika het grootliks tot industrialisasie bygedra en die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap is hierdeur geraak. Aandag is op Suid-Afrika gevestig en prospekteerders van reg oor die wêreld het hulle na die rykdomme gehaas. Baie Jode het hulle weg na die Kaapkolonie gevind.[4] Teen 1890 was ongeveer 'n tiende van die blanke bevolking in Johannesburg Jode. Nie alleen het Jode uit Wes-Europa na die goudvelde gestroom nie, maar ook vanuit Oos-Europa. Meeste Jode vanuit Oos-Europa was vanaf Rusland en Lituaue afkomstig. Die gevolg was nie alleen 'n toename in die aantal Jode in Suid-Afrika nie, maar 'n drastiese verskil in die samestelling van die groep. Die Oos-Europese Jode was Jiddisj sprekend en oor die algemeen handelaars en smouse.[5]

Behalwe vir die ontdekking van goud en diamante was daar ook ander redes wat Jode veral van Oos-Europa na Suid-Afrika gelok het. Onderdrukking en die onverdraagsaamheid teenoor die Joodse bevolking in Rusland het meegebring

[3] G. Saron: The Jews of South Africa, p. 7.
[4] M. Prozesky en J. De Gruchy: Living faiths in South Africa, pp. 160-161.
[5] M. Arkin (ed.): South African Jewry: A contemporary survey, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die mense die land wou verlaat. Die behoefte aan vryheid en sekuriteit, wat slegs in ander lande vir Oos-Europese Jode moontlik was, het emigrasie genoodsaak. Sommige persone het na Suid-Afrika verhuis om hulle by familie, wat reeds in die kolonie was, aan te sluit, en dan was daar natuurlik diegene vir wie dit bloot 'n avontuur was.[6]

## 1.2. JOODSE INTEGRASIE IN DIE KAAPKOLONIE 1890-1914

Aanvanklik het daar 'n algemene houding van goedgesindheid teenoor die Jode in die Kolonie geheers. 'n Atmosfeer van wedersydse respek en verdraagsaamheid het voorgekom. Kontak tussen die boere en die Jode het gelei tot 'n intieme verhouding tussen die twee groepe. Jode het oor die algemeen slegs in die stad kontak met die Engelse bevolking gehad en dit was nog minder in die platteland.[7] Die Anglo-Duitse Jode is oor die algemeen deur die Engelse bevolking aanvaar. Die rede hiervoor was dat dié Jode reeds binne die Engelse gemeenskap geakkultureer was en daar geen definitiewe verskille tussen die twee groepe voorgekom het nie, behalwe vir hulle verskil in aanbidding. Die verskil in aanbidding het egter nie in die openbaar enige verskille tot gevolg gehad nie en daarom het dit geen probleme ingehou nie.[8] Hierdie goeie verhoudings is egter nie deur almal gekoester nie en sou nie vir altyd voortduur nie.

Dit sou veral die invloei van Oos-Europese Jode wees wat die houding teenoor die Jode in die algemeen negatief beïnvloed het.[9] Hierdie 'nuwe' groep Jode het ook gesorg vir 'n skeiding binne Joodse geledere. Ten opsigte van taal, kultuur en religieuse uitlewing het die twee groepe van mekaar verskil. Die skeiding was reeds so vroeg as 1888 sigbaar en het daartoe gelei dat die Oos-Europese Jode in 1900 die *New Hebrew Congregation* in Roelandstraat gestig het. Die nuwe

[6] L. Hotz: Jews who arrived here sixty years ago (Jewish Affairs, 1963, 18(2), p. 4).
[7] M. Shain: Jewry and Cape society, pp. 4-5.
[8] M. Arkin (ed.): South African Jewry: A contemporary survey, p. 4.
[9] M. Shain, Jewry and Cape society, pp. 4-5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groep Jode was ook 'n teenvoeter vir die modernisering van Joodse tradisies.[10] Dit was spoedig duidelik dat Jode makliker by die algemene gemeenskap sou inpas indien hulle tot 'n groter mate aan die Britse kultuur sou deelneem. Vir die Anglo-Jode was die Oos-Europese Jode 'n verleentheid veral omdat dié mense Jiddisj, 'n onbekende taal vir die Anglo-Jode, gepraat het en ongewoon geklee was. Dié nuwelinge is dus aangemoedig om Engels te leer en ook om van sommige van hulle tradisionele gebruike en kleredrag afstand te doen.[11]

Sommige van die Oos-Europese Jode het begin om Engels te leer, veral omdat dit die mees algemene taal in die Kaap was. 'n Proses van 'modernisering' het onder dié Jode posgevat en tot ‘n gemakliker inskakeling by die Kaapse samelewing gelei.[12] Taalklasse is deur die Anglo-Jode geïnisieër en hierdie klasse is ook as geleentheid aangewend om die Britse kultuur aan die Oos-Europese Jode oor te dra in die poging om hulle te verengels.[13] Sarah se vader, David, was die stigter van die 'Jewish Culture Society'. Die belangrikste funksie van dié organisasie was om Engels aan die Joodse immigrante te leer.[14] Sarah was dus deel van 'n gesin wat nie nougeset volgens Joodse beginsels geleef het nie, maar wat bereid was om beperkte aanpassings te doen om by hulle nuwe land in te skakel. Hierdie gewilligheid was ook duidelik in Sarah se latere bereidheid om saam met Langenhoven aan sy koerant te werk.

In teenstelling met die religieuse onderrig wat hulle in Oos-Europa ondergaan het, is Joodse onderwys aan die Kaap gesekulariseer, veral omdat laasgenoemde van groter nut en waarde in die nuwe gemeenskap was.[15] Dit het dikwels gebeur dat Joodse kinders na die aflê van hulle *barmitzvah* (aanneming van Joodse kinders in die Joodse kerk) alle Joodse studies gestaak het en slegs

[10] M. Shain: Jewry and Cape society, pp. 11-12.
[11] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigration community (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984), p. 9.
[12] Ibid., p. 13.
[13] Ibid., p. 40.
[14] G. Saron en L. Hotz (ed.): The Jews in South Africa: A history, p. 55.
[15] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigration community (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984), p. 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met sekulêre studies voortgegaan het. Hierdie sekulêre opvoeding het bygedra tot groter inskakeling in die gemeenskap en die gepaardgaande verengelsing.[16] Wat die Joodse kerke aanbetref het daar ook 'n mate van sekularisasie plaasgevind. Die *New Hebrew Congragation* was nie heeltemal te vinde vir die beleid wat in die *Cape Town Hebrew Congregation* gevolg is nie. Daar is gevoel dat laasgenoemde te ver van die ortodokse siening afgedwaal het. Die *New Hebrew Congregation* het egter self ook nie streng volgens tradisionele reëls gehou nie, maar tog 'n bietjie daarop verslap.[17] Kerkbywoning het afgeneem, al het hulle nie totaal afstand van hulle geloof gedoen nie. Op groot Joodse feesdae is na sinagoges gegaan om dienste by te woon.[18]

Alhoewel die Jode by die Kaapse gemeenskap ingeskakel het en daar aanvanklik 'n goeie gesindheid tussen Jood en nie-Jood was, het die situasie met verloop van tyd verander. 'n Negatiewe houding teenoor die Oos-Europese Jode het reg oor Suid-Afrika toegeneem, veral na die Anglo-Boereoorlog.[19] Die Boere se anti-semitiese houding is aangevuur omdat die meeste Anglo-Jode tydens die oorlog vir Brittanje ondersteun en ook aan Britse kant geveg het. Daar was wel 'n paar Jode wat saam met die Boere geveg het, maar hulle was in die minderheid. Jode van Oos-Europese afkoms wou oor die algemeen nie aan die oorlog deelneem nie en het na die kusgebiede gegaan om hulle daar te gaan vestig. Dit wil voorkom of die Oos-Europese Jode grotendeels die Boere se saak aangehang het. Na afloop van die oorlog het die Britse bewind geblyk voordelig te wees en het daartoe aanleiding gegee dat Jode oor die algemeen hulle inskiklikheid met die Britse oorwinning getoon het. Dit was veral duidelik in die mate waartoe die Jode tot die Britse kultuur geakkulturaliseer het, tot groot ontevredenheid vir die Boere. Jode het ook begin deelneem aan die politieke lewe in Suid-Afrika, binne partye wat die Britse regering ondersteun het.[20]

[16] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigration community (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984), p. 61.
[17] Ibid., p. 64.
[18] Ibid., p. 69.
[19] M. Arkin (ed.): South African Jewry: A Contemporary survey, p. 5.
[20] G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967), pp 67-70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie houding het daartoe aanleiding gegee dat wetgewing in 1902 ingestel is wat beperkinge op immigrasie geplaas het. Hoewel die wetgewing glo daargestel is om veral die immigrasie van Asiërs te voorkom, is die immigrasie van Oos-Europese Jode ook gestrem. Wetgewing het bepaal dat immigrante voortaan aansoeke in 'n Europese taal moes invul en teken. Alhoewel die wetgewing slegs in die Kaap en Natal toegepas is, het dit probleme vir immigrante wat na die binneland wou gaan ingehou. In reaksie hierop het die Jode in Transvaal en Natal gedurende 1903 'n Raad van Afgevaardigdes saamgestel om na die welstand van die onderskeie Joodse gemeenskappe om te sien. In 1904 is daar ook in die Kaap 'n Raad van Afgevaardigdes saamgestel, grootliks onder leiding van Morris Alexander en David Goldblatt, Sarah se vader.[21] Hoewel Suid-Afrika aanvanklik 'n ideale tuiste vir die Jode gebied het, was dit duidelik dat die idilliese tuiste nie meer vir lank sou bly voortbestaan nie. In hoofstuk twee word daar meer spesifiek gekyk na die verhouding tussen Jood en nie-Jood in Suid-Afrika gedurende die vroeë twintigste eeu.

## 1.3. DIE GOLDBLATT GESIN EN HULLE IMMIGRASIE NA SUID-AFRIKA

Sarah Eva Goldblatt en haar gesin was deel van die groep Oos-Europese Jode wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Sarah Goldblatt was die dogter van David Nathan Goldblatt en Fanny Esther (Smith).[22] Sy was die egpaar se oudste van vier kinders, twee dogters en twee seuns.[23] Sarah het 'n jonger broer, Israel en 'n suster, Beccy (na haar huwelik, Cohen) gehad. Behalwe vir 'n brief wat Beccy vir Sarah gestuur het, word daar nie veel melding van Sarah se ander broer, Ruben, gemaak nie. In Beccy se brief skryf sy oor 'n grafsteen wat vir hulle moeder gemaak is. Volgens inligting wat Beccy bekom het, moet die kinders se name op die steen kom, maar Ruben, (die vierde kind), se naam moes na regte uitgelaat word aangesien hy reeds oorlede was. Beccy en Israel het gedink dat dit gepas sou wees om Ruben se naam aan te bring, aangesien hulle moeder hom haar "sorgekind" genoem het. Wanneer hierdie kind oorlede is, is nie duidelik nie,

[21] M. Arkin (ed.): South African Jewry: A Contemporary survey, p. 5.
[22] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21.
[23] C.J. Beyers (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar uit die noemnaam wil dit voorkom of hy sieklik kon wees.[24] Maria Elizabeth Rothmann (MER), 'n vriendin van Sarah, noem wel in haar outobiografie dat Ruben saam met Sarah, haar moeder en suster Beccy in 'n huis in Kaapstad gewoon het terwyl Sarah onderwyseres in die Kaap was.[25] Sterftes onder die Joodse kinders was oor die algemeen redelik hoog[26] en daarom is dit moontlik dat die seun op 'n vroeë ouderdom oorlede is.

David Goldblatt is op 11 Maart 1866 in Radom, Pole, gebore. Sy skoolopleiding het hy in 'n *yeshiva,* 'n skool met 'n godsdienstige inslag, ontvang. Later het hy ook in Warschau en Berlyn opleiding ontvang.[27] In Pole het hy verskillende beroepe beoefen en saans sy tyd aan studies gewy. Hy is op drie en twintigjarige ouderdom met Fanny getroud en saam het hulle na Londen geëmigreer. In Londen het die twee 'n boekwinkel geopen waaroor Fanny 'n oog gehou het terwyl David by die Britse Museum studeer het. Gedurende hierdie tydperk het David kennis gemaak met die sosialistiese en revolusionêre filosofieë wat in daardie tydperk hoogdy gevier het. Hierdie filosofieë het hy dan ook sy eie gemaak.[28]

Op 25 Desember 1889 is Sarah Eva Goldblatt in Londen, Brittanje gebore. Hoewel hierdie datum deur Sarah as geboortedatum aanvaar is, bestaan die moontlikheid dat dit nie haar ware geboortedatum is nie. Sarah se moeder, wat vir 'n tydperk by haar aan huis gewoon het, het tydens haar verhuising na Israel, haar seun, op dokumente afgekom waarvolgens Sarah op 31 Maart 1890 gebore is. Later, toe Sarah die dokumente van haar moeder wou hê, was dit ongelukkig weg. In 1943 het Sarah 'n beëdigde verklaring afgelê waarvolgens sy 25 Desember 1889 as haar wettige geboortedatum aanvaar het.[29]

[24] G 202. K. Fa. 2(3): Brief van Beccy aan Sarah, 19 November 1953.
[25] M.E. Rothman: <u>My beskeie deel</u>, p. 276.
[26] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigrant community, (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984) pp. 25-26.
[27] C.J. Beyers (red.): <u>Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V,</u> p. 311.
[28] M. Shain: <u>Jewry and Cape society,</u> p. 57.
[29] G 202. Pe. B. (3a): Kopie van beëdigde verklaring, 29 Desember 1943.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

David en Fanny Goldblatt het besluit om vir 'n tweede keer te emigreer. In 1896 het David Goldblatt per skip na die Kaap gekom en is 'n jaar later deur sy gesin gevolg. In Langstraat het hy weer 'n boekwinkel geopen.[30] Goldblatt, wat 'n Jiddisj sprekende joernalis was,[31] het ook 'n klein drukkery begin.[32] Vroeg reeds was daar Jiddisj sprekende joernaliste in Suid-Afrika wat gepoog het om Jiddisje joernale die lig te laat sien. Reeds in 1890 het Baer Hoffmann die eerste van dié joernale, genaamd *Der Afrikaner Israelit,* in Johannesburg uitgegee. Slegs ses maande later is die uitgawe beëindig en het Hoffmann na die Kaap verhuis. In 1898 het Hoffmann, in samewerking met David Goldblatt en twee ander mans, Eigel en Kaplansky, die joernaal *Der Afrikaner Telegraph* uitgegee. Vanaf 1 Augustus 1898 tot aan die einde van 1902 het hulle die joernaal aan die gang gehou. Tydens die Anglo-Boereoorlog het Goldblatt ook 'n daaglikse Jiddisje joernaal, *Der Kriegs Staffet* (Die Oorlogsrapport), in die Kaap uitgegee.[33] Die doel van die joernaal was om nuus oor die oorlog aan Engelssprekende Jode oor te dra. Die publikasie van hierdie joernaal is egter na net veertig uitgawes gestop. 'n Gebrek aan fondse was moontlik die oorsaak vir die spoedige staking van die blad.[34]

Na die beëindiging van die twee joernale waarby David Goldblatt betrokke was, het hy in 1904 begin met 'n weeklikse Jiddisje joernaal, *Der Judische Advocate.* David Goldblatt het hierdie joernaal tot en met 1914 uitgegee. Gedurende hierdie tydperk het hy ook 'n Jiddisje Leksikon uitgereik.[35] In 1914 het David Goldblatt Suid-Afrika verlaat en na New York gegaan. Hy het geglo dat hy in Amerika meer sou kon uitrig ten bate van die Jiddisje taal.[36] Sarah het dus in 'n huis grootgeword waar sy van vroeg reeds aan die joernalistiek bekend gestel is. Haar vader was nie alleen 'n joernalis nie, maar ook 'n redakteur en uitgewer met

---

[30] C.J. Beyers (red): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 311.
[31] M. Shain: Jewry and Cape Society, p. 31.
[32] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21.
[33] G. Saron en L. Hotz (ed.): The Jews in South Africa. A history, p. 43.
[34] C.J. Beyers (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 311.
[35] M. De Sane (ed.): The South African Jewish year book, p. 253.
[36] C.J. Beyers (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sy eie drukkery.[37] Hy was ook 'n vurige kampvegter vir sy taal en Sarah sou in sy voetspore volg, máár as kampvegter vir Afrikaans. Vroeg in haar lewe het Sarah dus uit haar vader se voorbeeld geleer hoe om op te staan vir dit waarin jy glo. David het van die media gebruik gemaak om vir sy taal te stry en dit was Sarah se voorbeeld. Saam met Langenhoven sou hulle 'n koerant as medium gebruik om die stryd vir Afrikaans aan te sê. Sarah kon dus gemaklik by Langenhoven inskakel en het selfs na sy dood voortgegaan om Afrikaans so ver moontlik binne haar vermoë uit te brei.

## 1.4. SARAH SE JEUG EN HAAR OPLEIDING

Vroeg in haar lewe het Sarah Goldblatt aktief by die joernalistieke wêreld betrokke geraak. As kind het sy haar skoolonderrig tot en met standert vier aan die St Martini-Schule aan die Kaap ontvang. Hierna het sy die skool verlaat en by haar vader se drukkery gaan werk.[38] Dit was dikwels, veral vir die Oos-Europese Jode, moeilik om 'n bestaan te voer en daarom het dit gereeld gebeur dat die hele gesin by die familie se besigheid werksaam was. Kinders het dikwels deeltydse werk gedoen en dus ook 'n bydrae tot die familie se inkomste gelewer. Dit was dus nie vreemd vir Sarah om vroeg reeds by haar pa se besigheid betrokke te raak nie. Lewenskostes was hoog en skoolonderrig was 'n groot uitgawe vir die meeste gesinne.[39] Sarah se opleiding het egter nie tot 'n einde gekom toe sy die skool verlaat het nie.

Sarah het verder private onderrig in Nederlands by mnr. C.J. van Rijn ontvang en deur selfstudie haar skooleindeksamen voltooi.[40] Sarah het dus vroeg reeds met die Afrikaners en hulle amptelike taal kennis gemaak en was nie apaties daarteenoor nie. Binne die Goldblatt huishouding was dit nie vreemd om meer as

---

[37] G. Saron en L. Hotz (ed.): The Jews in South Africa, p. 55; J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21.

[38] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21; C.J. Beyers (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 312.

[39] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigrant community (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984) pp. 29-30.

[40] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21; C.J. Beyers(red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

een taal magtig te wees nie. Sarah se vader was self Jiddisj, Russies, Duits, Pools, sowel as Engels magtig. Hoewel David nie totaal teen Zionisme gekant was nie, was hy nie ten gunste van die beweging vir eie Joodse grondgebied nie.[41] Hieruit kan afgelei word dat hy geglo het Jode moet oral deur die wêreld woon. Uit die aantal tale wat hy magtig was is dit duidelik dat hy meer as bereid was om die taal van die land waar hy woonagtig was, te praat. Om hierdie rede is dit nie vreemd dat Sarah ook Engels magtig was en moeite gedoen het om Nederlands te leer nie. Nederlands, en nie Afrikaans, was die taal waarin Taalbond eksamens afgelê is in 1911[42] en dús is dit verstaanbaar dat Sarah nie Afrikaans op vroeë ouderdom aangeleer het nie. Nederlands was die aanvaarde taal van die Afrikaner gemeenskap. Sarah was nie die enigste Jood wat Nederlands geleer het nie en 'n groot aantal Jode het selfs die Taalbondeksamen afgelê. Tot 1910 is die vergunning aan hulle verleen om na ses-uur op 'n Saterdagaand die eksamen af te lê om sodoende nie met hulle godsdienstige tradisies in te meng nie.[43]

In 1911 het Sarah die Zuid-Afrikaanse Taalbond eksamen afgelê en die sertifikaat ontvang in die hoogste afdeling in die tweede klas.[44] Sarah was nie net alleen akademies sterk nie, sy was ook musikaal. In 1911 het sy 'n sertifikaat ontvang wat gewys het dat sy musiek kon lees en dit op gehoor kon skryf. Sy kon ook volgens die sertifikaat aan 'n gevorderde koor deelneem.[45] Jode het oor die algemeen probeer sorg dat hulle kinders musiekonderrig ontvang en daar was gewoonlik minstens 'n klavier in alle Joodse huishoudings.[46]

Sarah het in 1911 haar toetrede tot die onderwys as leerling onderwyseres gemaak. Sy het haar praktiese en teoretiese eksamens afgelê en haarself

[41] G. Saron: David Goldblatt Champion of Yiddish (Zionist record and South African Jewish chronicle. New year annual, 1978, 22, p. 17).
[42] J.R. Olivier: Die S.A. Taalbond (1890-1965) (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1965) pp. 7-8.
[43] Ibid., p. 102.
[44] G 202. Pe. D. 1. (2):Sertifikaat aan Sarah van die Zuid-Afrikaanse Taalbond, 1911.
[45] G 202. Pe. D. 1(3): Musieksertifikaat aan Sarah van Tonic Sol-Fa College, 9 November 1911.
[46] B.I. Feldman: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigrant community (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, UCT, 1984) p. 62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sodoende as onderwyseres bekwaam. Sy het haar studies as laerskoolonderwyseres aan die Cape Town Training College voltooi.[47] Haar praktiese opleiding as leerling-onderwyseres het sy by die School of Industry in Roelandstraat gedoen.[48]

Sarah het nie dadelik 'n pos as onderwyseres beklee nie. Vanaf 23 Februarie 1912 tot 7 September 1912 het sy by die Garlick's Store in Adderleystraat in Kaapstad gewerk. Dit was 'n winkel wat klerasie verskaf het. Hier het Sarah as 'n Nederlandse en Engelse vertaler gewerk. Enige Duitse korrespondensie wat ontvang is, moes ook deur Sarah vertaal word.[49] Sy was dus nie alleen Engels en Nederlands magtig nie, maar ook Duits. Langenhoven het ook haar bekwaamheid as vertaler en die feit dat sy Engels, Nederlands, Duits en Afrikaans magtig was, genoem.[50]

Sarah het Garlicks uit vrye wil verlaat[51] en het na Oudtshoorn gegaan waar sy as onderwyseres by die Commercial Evening School skoolgehou het.[52] Kort hierna het sy egter weer van beroep verander, hierdie keer as sub-redaktrise van *Het Zuid-Westen*, waar sy saam met Langenhoven, redakteur van die koerant, gewerk het. In 'n getuigskrif wat Langenhoven vir haar gegee het, word genoem dat Sarah vir twee jaar en drie maande by die koerant gewerk het. Volgens sy getuigskrif het sy aan die begin van Oktober 1912 by die koerant aangesluit en het daar gewerk tot aan die begin van 1915.[53] Die koerant is gestaak weens 'n tekort aan fondse as gevolg van die ineenstorting van die oorsese volstruisveremark. Ekonomiese probleme was dus 'n werklikheid in Oudtshoorn, wat swaar op die vere industrie gesteun het.[54]

[47] G 202. Pe. D. 3(5): Aansoekvorm as skoolhoof by departement van opvoeding, g.d.
[48] G 202. Pe. D. 2(2): Brief van A.E. Rynhoudt, skoolhoof, aan Sarah, 9 November 1911.
[49] G 202. Pe. D. 2(8): Aanbevelingsbrief deur H. Richards, bestuurder Garlick's, 10 Oktober 1912.
[50] G 202. Pe. D. 2 (11): Getuigskrif deur Langenhoven vir Sarah, 7 September 1917.
[51] G 202. Pe. D. 2(8): Aanbevelingsbrief deur H. Richards, bestuurder Garlick's, 10 Oktober 1912.
[52] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21.
[53] G 202. Pe. D. 2(9): Getuigskrif deur Langenhoven vir Sarah, 9 Januarie 1915.
[54] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nie alleen sou Sarah nou met Langehoven saamwerk en goed met hom bevriend raak nie, maar sy passie vir die Afrikaanse taal en die vooruitgang daarvan het ook by haar posgevat. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Sarah geredelik by die Suid-Afrikaanse samelewing ingeskakel het. Sy het beide Engels en Nederlands geleer. Sy het ook skoolgehou en dit nie uitsluitlik vir Joodse kinders nie. Haar vader se beroep het haar natuurlik ook voorberei vir haar kennismaking met Langenhoven en die gevolglike passie wat sy vir Afrikaans gekoester het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 2

# DIE SUID-AFRIKA WAT SARAH BETREE HET

Sarah Goldblatt en C.J. Langenhoven se paaie het in 1914 in Oudtshoorn gekruis. Hulle agtergronde het aansienlik verskil; sy was 'n Jodin en hy 'n Afrikaner man. In hierdie tydperk was daar 'n groot mate van onderlinge wantroue tussen Jode en Afrikaners. Om hierdie rede word die houding teenoor vroue en Jode in Suid-Afrika ondersoek, en spesifiek die houding teenoor Jode in Oudtshoorn.

## 2.1. SUID-AFRIKA EN DIE JOODSE VRAAGSTUK

### 2.1.1. DIE ALGEMENE HOUDING TEENOOR JODE IN SUID-AFRIKA

Aanvanklik was daar ‘n positiewe houding teenoor die Jode wat hulleself in die Kaapkolonie kom vestig het. Die Afrikaanssprekende blanke boerebevolking in die Kaapkolonie, met hulle Calvinistiese agtergrond en Bybelse opvoeding, was ontvanklik vir die Jode, veral omdat dié as God se volk beskou is en daarom was veral boere op die platteland tevrede met die koms van die Jode. Daar was ook diegene wat nie die Joodse immigrasie aanvaar het nie. Jode, tesame met alle ander nie-Protestantse gelowe, is met die stigting van die *Zuid Afrikaansche Republiek,* aan sekere geloofsbeperkinge onderwerp.

Veral twee faktore was verantwoordelik vir die verandering in die houding teenoor Jode. In die eerste instansie het die immigrasie van groot hoeveelhede Jode vanuit Oos-Europa ontevredenheid ontlok.[1] Tweedens het verstedeliking boere tot nuwe insigte gebring. Kontak met die Jode en finansiële kompetisie in dié omstandighede het die boere se onderliggende ontevredenheid na vore gebring. In 1892 het President Paul Kruger se teenstander, ene Joubert, belowe dat hy iets sou doen omtrent die Hebreeuse mag wat besig was om die republiek in te neem.[2] Joodse koerante in die Kaapkolonie het die groeiende anti-Joodse

[1] M. Arkin (ed.): South African Jewry. A contemporary survey, p. 4.
[2] G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967), p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

houding bespreek. Alhoewel dié verwikkeling kommerwekkend was, kon die anti-Joodse houding nie met die rassehaat wat in Europa voorgekom het, vergelyk word nie.[3]

Die anti-Joodse houding binne Suid-Afrika, het duidelik geword deur die Immigrasie wetgewing van 1902 wat veral immigrasie deur Jode uit Oos-Europa gestrem het. Hierdie wetgewing het tot die stigting van die Raad van Afgevaardigdes vir die Jode onderskeidelik in die Kaap, Transvaal en Natal bygedra.[4]

Hoekom was dit so belangrik om te voorkom dat Jode die kolonie inkom, en waarom het hierdie anti-Joodse gevoel ontstaan? Koerante in beide die Kaap en Transvaal het deur beriggewing en spotprente die negatiewe houding teenoor Jode aangevuur. 'n Negatiewe stereotipering van mynmagnate het na die Jameson inval aan die einde van die negentiende eeu toegeneem. Hulle is dikwels as sosiaal korrup, immoreel, onpatrioties en as ekonomiese uitbuiters beskou. Die ryk mynmagnate was 'n ernstige doring in die vlees van die nie-Jode. Nie alleen die mynmagnate nie, maar ook die smouse is as uitbuiters gesien. Daar was diegene wat geglo het dat dié smouse verantwoordelik was vir die armblanke probleem.[5] Die smouse is daarvan beskuldig dat hulle van boere se gasvryheid misbruik gemaak het om hulleself te verryk. Joodse smouse het met verskeie artikels deur die platteland getrek om dit te verkoop. Boere het dan hierdie beteuterde figure ingeneem en gevoed sonder om iets in ruil te ontvang. Die smouse het sigbare vooruitgang met hulle besigheid gemaak.[6] Boere het al meer van hulle benodigdhede van die smouse gekoop en met verloop van tyd het die smouse begin om krediet aan die boere toe te staan, veral in tye wat dit finansieël moeilik met die boere gegaan het. Dit het daartoe gelei dat boere

---

[3] M. Shain: Jewry and Cape society, p. 13.
[4] M. Arkin (ed.): South African Jewry. A contemporary survey, p. 5.
[5] M. Shain: Jewry and Cape society, pp. 45-47.
[6] G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967), p. 11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

finansieël van die smouse afhanklik geword het.[7] Behalwe dat Jode as 'n bydraende faktor tot die armblanke probleem beskou is, is veral die Russiese en Poolse Jode as vuil en sosiaal onaanvaarbaar gesien. Hierdie Jode is dikwels ook gestereotipeer as krimineel en die stereotipes het in algemene persepsies verander. Dit is dus verstaanbaar dat die persepsie dat Jode oneerlike handelaars was, maklik toegeneem het.[8]

Toenemende Joodse immigrasie vanaf 1890, veral vanuit Oos-Europa, het saamgeval met die ekonomiese resessie wat vanaf 1902 tot 1910 in die Kaapkolonie geheers het.[9] Immigrasie het verdere ekonomiese druk teweeg gebring wat tot mense se negatiewe houding teenoor Jode en die gevolglike instelling van immigrasiewetgewing bygedra het. Bywonergetalle in die kolonie het toegeneem en as gevolg van ekonomiese omstandighede na die Anglo-Boereoorlog moes baie Afrikaner boere hulle plase verkoop. Onder diegene wat die plase gekoop het, was Jode en om dié rede is hulle deur die boere as uitbuiters beskou. Die boere het in die stede gaan werk soek, maar ook daar was hulle in kompetisie met die Jode wat ook daar besig was om ekonomiese en ook sosiale opgang te maak. Jode het die swartskape vir die algemene probleme van veral die Afrikaner gemeenskap geword.[10]

Ten spyte van hierdie anti-Joodse elemente, het veskeie insidente verdraagsaamheid teenoor Jode in die Kaapkolonie aangehelp. Gebeure in Rusland, wat veroorsaak het dat Jode na die Kaap geïmmigreer het, soos genoem in die vorige hoofstuk, het gemaak dat die anti-Joodse gevoel nie die oorhand gekry het nie. Hoewel die meeste nie-Jode beslis nie ten gunste van die groot Joodse immigrasie was nie, was hulle nie anti-Joods nie.[11] Teen die draai van die twintigste eeu het daar vele persepsies rondom die Jode wat hulleself

---

[7] M. Shain: The roots of antisemitism in South Africa, p. 26.
[8] M. Shain: Jewry and Cape society, pp. 45-47.
[9] M. Levenson: People of the book, p. 15.
[10] Ibid., p. 17.
[11] M. Shain: Jewry and Cape society, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die Suidpunt van Afrika bevind het, bestaan.[12] Die Jode is met verloop van tyd, veral van na 1910, deur die Afrikaner bevolking in Suid-Afrika beskou as baie liberaal. Hierdie aanname is gemaak omdat daar heelwat Jode by vakbonde, Arbeiders bewegings en die Kommunistiese party wat in 1921 in Suid-Afrika in die lewe geroep is, betrokke was. Aan die begin van die twintigste eeu het heel party Jode hulle ondersteuning aan Mohandas Gandhi, wat vir die regte van die Indiërs in Suid-Afrika geveg het, gegee.[13] Jode is nie as lojaal aan Suid-Afrika gesien nie, veral omdat daar diegene was wat ten gunste van die Zionisme, die stigting van 'n Joodse staat, was. Zionisme het van verdeelde belange tussen Suid-Afrika en 'n Zionistiese staat getuig. Ondertrou met Jode was vir die Afrikaners 'n taboe, omdat Jode as 'n minderwaardige ras beskou is in vergelyking met die Britte en Nederlanders. Jaloesie weens die Jode se ekonomiese welvaart en vooruitgang het tot die vorming van 'n 'League of Gentiles' gedurende 1925, vermoedelik in Johannesburg, gelei. Die 'League of Gentiles' was 'n geheime organisasie, naastenby soos die Ku Klux Klan in Amerika. Versoeke om hulp van die organisasie kon per pos na 'n posadres in Johannesburg gestuur word. 'n Onderhoud deur 'n geblindoekte joernalis van die *Rand Daily Mail,* wat met een van die uitvoerende lede van die organisasie gevoer is, het in die woud rondom Johannesburg plaasgevind. Die 'League' was veral daarop uit om Joodse handelaars te boikot.[14]

Na Uniewording het die Jode grotendeels met die Engelssprekende bevolking en die imperialistiese partye geïdentifiseer. Die rede hiervoor was dat die Jode geglo het dat hulle regte beter deur dié groepe beskerm sou word. In 1914 is die Nasionale Party (grootliks 'n Afrikaner party, geensins imperialisties georiënteerd en republikeins in wese) deur Generaal J.B.M. Hertzog in die lewe geroep. Genl.

[12] M. Levenson: People of the book, p. 18.
[13] Ibid., p. 20.
[14] M. Levenson: People of the book, p. 21; M. Shain: The roots of antisemitism in South Africa, pp. 119-121.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

J.C. Smuts het hierna die Joodse steun gewen aangesien die Jode teen afskeiding van die Britse Ryk was en Smuts as vriend van Zionisme beskou is.[15]

Teen 1930 het Joodse immigrasie 'n hoogtepunt in Suid-Afrika bereik. Gedurende hierdie tydperk was Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, midde in 'n ekonomiese depressie. Suid-Afrika het in VSA voetspore gevolg met die instelling van immigrasiekwotas wat veral die Jode vanuit Oos-Europa beperk het.[16] Veranderinge in Amerikaanse en Australiese immigrasiewette het juis tot verhoogde Joodse immigrasie na Suid-Afrika gedurende die twintiger jare bygedra.[17] Voortaan sou slegs immigrante van Brittanje, lidlande van die Statebond, die VSA en lande van Wes-Europa toegelaat word om vryelik na SA te emigreer. Hierteenoor sou jaarliks slegs vyftig persone van die oorblywende lande, spesifiek Oos-Europese lande, toegelaat word en dan slegs diegene wat beskou is as ten volle integreerbaar binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap.[18] In 1937 het Dr. D.F. Malan erken dat die wetgewing spesifiek op Jode gemik was.[19] Hierdie wetgewing het bewys dat die Afrikaners nie geglo het dat die Jode Westers genoeg was nie, en ook nie ten volle aanvaarbaar vir die wit bevolking in die land nie.[20] Hierdie wetgewing kan as 'n draaipunt in die verhoudinge tussen Jood en nie-Jood in die land gesien word, veral omdat dit bewys het dat die grootste gedeelte van die blanke bevolking nie in die integrasie van die Jood geglo het nie.[21]

In 1933, met Hitler se aanwysing as Duitse kanselier, het die Duitse Nasionale Sosialisme 'n tweeledige invloed op Suid-Afrika gehad. Veral die Nasionale Party is deur die Hitler regime beïndruk. Ekonomiese frustrasie, tesame met 'n anti-

---

[15] M. Arkin (ed.): South African Jewry, p. 6.
[16] M. Arkin (ed.): South African Jewry, p. 7; M. Levenson: People of the book, p. 22.
[17] M. Shain: The roots of antisemitism in South Africa, p. 114.
[18] M. Levenson: People of the book, pp. 22-23; G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967), p. 97.
[19] M. Levenson: People of the book, pp. 22-23; G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience(1910-1967), pp. 99-100.
[20] M. Levenson: People of the book, pp. 22-23.
[21] G. Shimoni: Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967), p. 107.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Britse gevoel het baie Afrikaners ontvanklik vir Duitse propaganda gemaak.[22] Duitse invloede in Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat daar met verskillende anti-Joodse bewegings begin is. Die Gryshemde (Suid-Afrikaanse Christen Sosialistiese Beweging) was so 'n groep wat die anti-semitiese gevoel in die land aangevuur het, veral deur die gebruik van propaganda wat die Joodse beeld skade berokken het. Politici het ook nie op hulle laat wag om die Joodse kwessie tot hulle voordeel te gebruik nie. Nie alleen Afrikaanse politici het hulle teen die Jode uitgespreek het nie, maar ook Engelse politici. Die feit dat beide taalgroepe in Suid-Afrika 'n negatiewe houding teenoor die Jode geopenbaar het, het waarskynlik bygedra tot die feit dat 'n anti-simitiese gevoel algemeen in die land voorgekom het.

Net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, het baie Jode in Duitsland vir Hitler se Nazi regime gevlug en hulle in Suid-Afrika kom vestig. Anti-semitisme is deur dié invloei van Jode aangehelp. Binne die Nasionale Party is daar selfs so ver gegaan as om 'n groep genaamd die Nuwe Orde te stig wat hulle met anti-Joodse aktiwiteite, veral in die landelike areas, besig gehou het. Malan wou die immigrasie van die Jode stop en het dit in 1937 deur immigrasie wetgewing gedoen. Afrikaners se weerstand teen deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en steun aan die Nazi's het toegeneem. Hierdie steun het egter afgeneem toe dit begin duidelik word dat die Duitsers nie as die oorwinnaars uit die oorlog sou tree nie. Inligting oor die Nazi's se massamoord op die Jode en die kennisname van die Joodse lyding onder die Nazi regime het aanleiding gegee tot 'n stelselmatige verandering in die houding teenoor Jode en 'n algemene hersiening van anti-semitiese idees in Suid-Afrika.[23] Die anti-semitiese beleid in Duitsland het wêreldwyd toenemende simpatie vir Joodse slagoffers ontlok. Alhoewel die Suid-Afrikaners al meer teen anti-Joodse optredes gekant was, was hulle steeds ten gunste van die immigrasiewette. Hulle het met die

[22] M. Arkin (ed.): South African Jewry, p. 8.
[23] M. Levenson: People of the book, pp. 22-25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Joodse leiding gesimpatiseer, maar wou steeds nie hê dat hulle na Suid-Afrika moes immigreer nie.[24]

Malan het reeds voor die 1948 verkiesing, wat die Nasionale Party aan bewind gebring het, begin met 'n veldtog om sy party se houding teenoor die Joodse vraagstuk te verander. Hy het dit duidelik gemaak dat die Nasionale Party teen geen blanke burgers sou diskrimineer nie en het sy opregtheid bewys deur die ondersteuning wat hy aan die Jode verleen het met die stigting van 'n nuwe Israel. Daar was twee redes vir die veranderde houding binne die NP. Eerstens het die plaaslike politiek 'n rol gespeel en tweedens het hulle geglo dat die immigrasie probleem opgelos is deur die stigting van Israel.[25] Afrikaners het hulleself al meer tot die ekonomiese middelklas opgewerk en deel van die kommersiële en professionele wêreld geword. Dit het ook beteken dat kompetisie met Joodse sakelui op 'n meer gelyke voet was. Hierdie ekonomiese vooruitgang het vir die Afrikaners groter politieke sekerheid beteken. Hoewel daar steeds in die media sporadiese tekens van anti-semitisme was, was 'n meer positiewe houding teenoor Jode in die land sigbaar.[26]

Twee faktore het egter steeds verhoudinge met die Jode vertroebel. Eerstens was daar die Joodse ondersteuning van die NP opposisie. Tweedens het Israel se houding teenoor Suid-Afrika probleme veroorsaak. Hoewel die meeste Jode hulle by blanke politieke partye, veral die Verenigde Party, geskaar het, was daar diegene onder hulle wat ook ander bevolkingsgroepe, soos die Indiërs, se politieke stryd ondersteun het. Sommige Jode het hulle by die Kommunistiese Party geskaar en ander het die vakbonde ondersteun. Die Joodse Raad van Afgewaardigdes het op kritiek wat teenoor die Joodse gemeenskap en hulle politieke uitkyk gegee is, gereageer deur die aandag daarop te vestig dat elke Joodse individu self oor sy politieke oortuiging besluit en dat daar nie 'n

[24] M. Arkin (ed.): South African Jewry, p. 8.
[25] Ibid., p. 10.
[26] M. Levinson: People of the book, pp. 24-25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kollektiewe politieke bewussyn bestaan het nie. Hierdie individue wat die NP se opposisie ondersteun het, het teenkanting teen die Jode gevoed.[27]

Israel het die Verenigde Nasies (VN) se besluit om Suid-Afrika se rassebeleid te veroordeel ondersteun. In Suid-Afrika is druk op die Jode geplaas om uitsprake teen Israel se besluit, ten opsigte van Suid-Afrika, te maak. Israel het voortgegaan om hulleself teen die Suid-Afrikaanse beleid uit te spreek en het 'n mosie van sensuur teen Suid-Afrika binne die VN ondersteun. Druk is op Joodse burgers in SA geplaas om hulle ontevredenheid teenoor die Israelse regering uit te spreek. Die Jode se verweer was dat hulle geen invloed op Israel se buitelandse beleid gehad het nie. In 1962 is 'n hoogtepunt in Suid-Afrika se gevoel teen Israel se buitelandse beleid bereik, aangesien Israel sanksies teen Suid-Afrika ondersteun het. Verwoerd het homself telkens teen anti-Joodse aktiwiteite in die land uitgespreek, maar die anti-Joodse gevoel het tog toegeneem. 'n Draaipunt in die verhouding tussen Suid-Afrika en Israel is in 1967 na die ses-daagse oorlog bereik. Algemene bewondering vir Israel se oorwinning het tot gevolg gehad dat Vorster die verbod op die finansiële ondersteuning aan Israel deur Suid-Afrikaanse Zioniste, teruggetrek het. Met verloop van tyd het die verhouding tussen die twee lande versterk. Hoewel Israel steeds die apartheidsbeleid afgekeer het, het hulle tog voortgegaan om handelsbande met Suid-Afrika te versterk.[28]

Alhoewel verskillende houdings in verskillende tydperke binne Suid-Afrika teenoor Jode bestaan het, is dit moontlik om te sê dat die dertigs die tydperk was waarin die anti-Joodse gevoel hoogdy gevier het. Daarna, was daar steeds 'n anti-Joodse gevoel, maar dit was nie meer so erg nie en weens die Afrikaner se verbeterde posisie het daar al hoe meer verdraagsaamheid voorgekom.

---

27 M. Arkin (ed.): South African Jewry, pp. 11-12.
28 Ibid., pp. 14-15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.1.2. OUDTSHOORN EN DIE JOODSE GEMEENSKAP

Aangesien Sarah en Langenhoven mekaar op Oudtshoorn ontmoet het, word daar spesifiek gekyk na die inwoners van Oudtshoorn se houding teenoor Jode. Op hierdie manier word 'n beeld geskep van die omstandighede waarin Sarah haarself bevind het in die dorp waar haar noue samewerking met die Afrikaner se taal begin het.

Vir meer as sewentig jaar was Oudtshoorn een van die grootste volstruisveerproduserende streke in die wêreld. Vanaf 1880 is die volstruisveer industrie van die Kaapkolonie daar gevestig. Vanuit die staanspoor het die Jode as verehandelaars, sowel as algemene handelaars, 'n integrale deel van hierdie industrie en dus ook die dorp Oudtshoorn gevorm.[29] So vroeg as 1881 het groot getalle Joodse immigrante na Oudtshoorn gestroom en gevolglik het die Joodse gemeenskap op Oudtshoorn tussen 1881 en 1910 waarskynlik die grootste van die landelike distrikte van Suid-Afrika geword. Aanvanklik was die immigrante nie Engels of Afrikaans magtig nie, omdat hulle van Oos-Europa afkomstig was. Hulle was ook sterk tradisievas en het nie moeite gedoen om Engels of Afrikaans te leer nie.[30] Oudtshoorn het nie slegs as die Jerusalem van Afrika bekend geword omdat daar so baie Jode was nie, maar omrede dit die enigste dorp was waar jy letterlik kon sien hoe die Jode hulle tradisies uitgeleef het soos in hulle geboorteland. Oud en jonk het dié tradisies uitgeleef, iets wat nie so opsigtelik in ander gebiede waar groot Joodse gemeenskappe voorgekom het, was nie. Jode in Oudtshoorn het 'n hegte eenheid gevorm, veral omdat hulle tot 'n groot mate van ander Jode in die land en ook van Jode in die buiteland afgesny was. Die Jode het mekaar geken siende dat hulle meestal vanaf dieselfde plekke geëmigreer het. Die sterk band binne die Joodse gemeenskap is verder versterk omdat hulle op mekaar aangewese was vir oorlewing.[31] Stelselmatig is die

[29] G. Saron en L Hotz (eds.): The Jews in South Africa, p. 121.
[30] Ibid., pp. 123-125.
[31] L. Feldman: Oudtshoorn Jerusalem of Africa, p. 103.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geboorteland vergeet soos families met verloop van tyd by mekaar aangesluit het. Dit het die Jode gehelp om meer tuis te voel in die dorp.[32]

Hierdié Jode het gehelp om die volstuisveerbedryf tot belangrike uitvoerbedryf vir Suid-Afrika te ontwikkel en het dus 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van die bedryf gespeel.[33] Dit was die Jode se bemarkingsvermoë en hulle hulpbronne, veral hulle finansiële hulp, wat die bedryf op groot skaal laat posvat het.[34] Nie alleen die verehandel nie, maar ook kleinhandelsondernemings is deur die Jode begin en dit het alle handel in Oudtshoorn gestimuleer.[35]

Kultureel en godsdienstig was die Joodse opwagting in Oudtshoorn vir die Boeregemeenskap nie-bedreigend. Goed geskool in die Ou Testament was die Jode vir hulle die volk van God van wie hulle in hulle Bybels gelees het. Jode het Afrikaans vinniger onder die knie gekry as Engelsprekendes, en volgens die boere het dit in die Jode se guns getel. Jood en Boer het mekaar dus geredelik aanvaar. Hoewel die verhouding tussen die twee groepe vir 'n lang tyd goed was, was daar van die Jode wat slegs daarin belanggestel het om geld te maak. Dit het daartoe gelei dat sommige Jode voordeel probeer trek het uit onervare boere, aangesien die handelswêreld vir baie boere 'n nuwe ervaring was. Hierdie verloop van sake het later ernstige probleme tussen die twee groepe tot gevolg gehad.[36]

Die Jode is tot 'n groot mate by die Oudtshoorn gemeenskap geïntegreer. Hoewel daar nie baie Anglo-Duitse Jode in die dorp gewoon het nie, het die wat daar was 'n groot bydra tot die inskakeling gelewer deur die voortou te neem. Dit is gedoen deur by verskillende organisasies en besighede soos die 'Cango Tobacco Company' en die Vrymesselaars betrokke te raak. Soos wat Jood en

[32] L. Feldman: Oudtshoorn Jerusalem of Africa, p. 108.
[33] Ibid., p. 99.
[34] G. Saron en L. Hotz (eds.): The Jews in South Africa, p. 133.
[35] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), p. 6.
[36] L. Feldman: Oudtshoorn Jerusalem of Africa, p. 116.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie-Jood mekaar op besigheidsvlak leer ken het, is die weg vir die twee groepe gebaan om ook op sosiale vlak te integreer. Sosiale interaksie het op die skietbaan en ook by perdewedrenne voorgekom. Sport het ook 'n gemeenskaplike gevoel tussen die groepe aangehelp. Hoewel die Oos-Europese Jode nie altyd bekend was met die Europese sportsoorte, soos krieket en rugby, wat in die dorp beoefen is nie, het dorpsspanne gehelp om 'n lojaliteitsgevoel onder mekaar te bevorder. Jode het ook aan fondsinsamelings in die dorp deelgeneem. So vroeg as 1892 het die eerste Jood homself tot die Dorpsraad verkiesbaar gestel. Hoewel hy nie verkies is nie,[37] het dit gewys dat Jode vry gevoel het om deel te neem, dit was ook nie die laaste keer wat 'n Jood in so 'n verkiesing sou deelneem nie. In 1899 is ene Morris Aschman tot die dorpsraad verkies. Daarna sou Jode altyd 'n aandeel in die Munisipale regering van Oudtshoorn hê.[38]

Die Jode het vinnig aangepas in hulle nuwe gemeenskap deurdat hulle Engels en Afrikaans geleer het.[39] Dit was veral vir handel noodsaaklik omdat die boere en die kleurlinge, sonder wie die Jode nie kon handel dryf nie, net Afrikaans gepraat het.[40] Die taalkwessie was belangrik vir die Jode aangesien dit dikwels bepalend vir hulle sosiale stand was. Afrikaans het dit vir hulle makliker gemaak om in die Oudtshoornse gemeenskap opgeneem te word. Indien die Joodse smous Afrikaans magtig was, kon hy gemaklik met die Afrikaners kommunikeer. Siende dat die boere nie gereeld na die dorp gegaan het nie, kon hulle alle nuus van die buitewêreld van die rondtrekkende *smouse* hoor. Jode is dus deur die Afrikaners verwelkom en as hulle 'koerant' beskou. Dié kommunikasie het 'n goeie verhouding tussen Jood en Afrikaner verseker. Jode se verhouding met Engelssprekendes was oor die algemeen nie so goed nie, aangesien Jode eerder deur Afrikaanssprekende boere op hulle plase verwelkom is as onder

[37] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), pp. 13-15.
[38] Ibid., pp. 18-19.
[39] G. Saron en L Hotz (eds.): The Jews in South Africa: A history, pp. 123-125.
[40] L. Feldman: Oudtshoorn Jerusalem of Africa, p. 95.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelse geledere.[41] Ten spyte hiervan het heel party Jode ook Engels geleer. Diegene van hulle wat nie tevrede was met die plattelandse lewe van die Oudtshoornse Afrikaner nie, en wat eerder by sy Kaapse eweknie wou kersvashou, het Engels geleer. Die Afrikaanssprekende gemeenskap is dikwels as ongekultiveerd beskou, veral binne Engelse kringe in die Kaap en Brittanje.[42] Afrikaans is dikwels ook met laer klas boere en kleurlinge geassosieer en om dié rede het Jode Engels geleer, veral om met die Britse Ryk te kon identifiseer.[43]

Tydens die Anglo-Boereoorlog is die Jode se lojaliteit teenoor Brittanje beklemtoon. Jode het hulleself met dié land geassosieer omdat hulle geglo het dat dit wat hulle gehad het deur Brittanje moontlik gemaak is. Hulle het geglo dat dit Brittanje was wat dit vir hulle moontlik gemaak het om van hulle omstandighede in Oos-Europa te ontvlug. Gevolglik was die Jode lojaal aan Brittanje en het diegene in Oudtshoorn die Britse oorlogspoging gedurende 1899 tot 1902 finansieël gesteun.[44]

Die tweede generasie Joodse kinders, wat in Suid-Afrika grootgeword het, was meer lojaal teenoor die Unie en ook meer gemeenskapsgerig. Hulle fokus het meer na die lewe buite die Joodse gemeenskap verskuif. Teen 1913 was dit glad nie meer vreemd om die Jode in Oudtshoorn te sien as deel van die gemeenskap en sosiale lewe nie.[45] Teen 1914 kon die Jode in Oudtshoorn hulleself as inwoners van die dorp beskou en nie bloot as 'n immigrante groep nie. In die jare hierna moes die Jode 'n paar maal hulle inwonerskap verdedig. Die val van die vere ekonomie, die Eerste Wêreldoorlog en vrae rondom geloof en die wettige gelykheid van die Jode sou meer dikwels voorkom. [46]

---

[41] D. Coetzee: Immigrant to citizens: civil imtegration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis UCT, 2000) pp.29-31.
[42] Ibid., p. 35.
[43] Ibid., p. 37.
[44] Ibid., pp. 38-39.
[45] Ibid., pp. 50-51.
[46] Ibid., p. 54.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groeiende Joodse gemeenskap in Oudtshoorn het tot die ontwikkeling van anti-semitisme bygedra. Die boere het begin glo dat die Jode die dorp wou domineer en die dominante groep wou word.[47] Die ineenstorting van die veremark het 'n ommeswaai in die goeie verhouding tussen Jood en nie-Jood op Oudtshoorn veroorsaak. Werkgewers moes óf besighede sluit, óf het salarisse verminder. Die eienaars was oor die algemeen Jode en die nie-Jode wat daar gewerk het, het geglo dat hulle ingedoen word. Meeste krediteure was Jode wat net verdere olie op die vuur was. Jode is openlik vir die finansiële probleme beskuldig, veral in koerante soos die *Oudtshoorn Courant*[48]. 'n Doelbewuste poging is dus aangewend om 'n sondebok vir die verswakkende ekonomiese omstandighede te vind en die Jode met hulle finansieële vooruitgang was 'n gemaklike teiken.

Die Eerste Wêreldoorlog het 'n verhoging in verbruiksartikels se pryse tot gevolg gehad. Vrae rondom Joodse burgerskap was aan die orde van die dag tydens die oorlog, siende dat etniese wrywing voorgekom het en veral omdat Brittanje die Jode se steun gehad het.[49]

Tydens en na die oorlog het die Joodse gemeenskap tot 'n groot mate verandering ondergaan. Die tweede generasie Jode, wat tot 'n groot mate binne die Oudtshoorn gemeenskap geïntegreer was, het nou die plek van hulle voorgangers ingeneem. Daar is tot 'n mate met die streng ortodokse maniere weggedoen en die Suid-Afrikaanse kultuur is binne die Joodse kultuur geakkommodeer. Vriendskappe tussen Jood en nie-Jood is uitgebrei wat interaksie vergemaklik het.[50] Joodse integrasie was van so 'n aard dat Arthur Jacobson, 'n Jood, in 1913 as Burgermeester van Oudtshoorn verkies is.[51]

---

[47] D Coetzee: Immigrant to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000) pp.20-21.
[48] Ibid., p. 56.
[49] Ibid., pp. 58-59.
[50] Ibid., pp. 68-71.
[51] Ibid., p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die goeie verhouding tussen Jood en nie-Jood op Oudtshoorn is soms deur 'n mate van anti-semitisme vertroebel, maar georganiseerde optredes teen die Jode het nooit voorgekom nie. Die dertiger en veertiger jare sou egter anders daarna uitsien. Die ekonomiese depressie en die invloede vanuit Europa sou verandering tot gevolg hê.[52]

Die groot groep werklose armblankes in Oudtshoorn, het die dorp 'n teelaarde vir die stigting van 'n tak van die 'Gryshemde' gemaak. 'n Paar openbare byeenkomste is wel deur hulle op 'n leë veld in die dorp gehou, maar bo verwagting het hulle nie die volle ondersteuning van die dorp ontvang nie en is eerder deur die dorp se inwoners gekritiseer. In Junie 1934 is daar in die plaaslike koerant oor dié groep geskryf en hulle is vir hulle militêre en rassistiese neigings gekritiseer. Die nie-Jode het hulle Joodse mede-inwoners verseker dat hulle die anti-semitiste veroordeel het vir hulle houding. Jode het dus steeds welkom in Oudtshoorn gebly.[53] Hierdie groepe is nie toegelaat om byeenkomste op munisipale grond te hou nie, wat gewys het dat die dorpsraad nie anti-semitisme gesteun het nie. Hoewel die meeste mense hierdie organisasies teengestaan het, was daar diegene in Oudtshoorn wat hulle wel ondersteun het, soveel so dat anti-semitiese groepe tog vir wrywing binne die dorp gesorg het en Jode wel angstig was oor moontlike optredes teen hulle. Die organisasie het egter nie by die meerderheid Afrikaners in die dorp byval gevind nie.[54]

Die Tweede Wêreldoorlog het gesorg vir meer prominente optredes en uitsprake teen Jode. Binne die Afrikaner gemeenskap in die geheel was daar 'n groep wat deelname aan die oorlog teengestaan het, veral omdat hulle nie Brittanje wou ondersteun nie. Afrikaner ondersteuning vir Malan is in hierdie tydperk gekonsolideer, 'n uitvloeisel van die teenstand vir Britse ondersteuning. Inwoners van Oudtshoorn het protesoptogte teen die oorlog gehou. Onrus het meer

---

[52] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), p. 133.
[53] Ibid., pp. 135-136.
[54] Ibid., pp. 141-142.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

algemeen geword binne die gemeenskap. Dié anti-Engelse houding het gepaard gegaan met 'n anti-Joodse houding omdat Jode oor die algemeen die Engelsgesinde partye ondersteun het. Dit was duidelik dat die Ossewabrandwag werksaam was in Oudtshoorn. Hierdie groep was militaristies en sterk teen die Engelse gekant. Vir Oudtshoorn het dit beteken dat hulle teen die Brits-Joodse imperialisme gekant was. Die Ossewabrandwag het vir oproer in die dorp gesorg en eers in 1941 het hulle daadwerklike opposisie gekry deur die weiering van die Nasionale Pary leiers om die Ossewabrandwag vergaderings by te woon. Ondersteuning vir die Ossewabrandwag het gekwyn. Dit wou tog voorkom of die Ossewabrandwag nie teen die Jode as sulks gekant was nie, maar meerendeels teen die Engelse. Hoewel persone aan die Ossewabrandwag behoort het, was daar dikwels steeds interaksie tussen hulle en die Jode. Jode het steeds in 'n kwesbare posisie verkeer omdat baie van hulle met die Engelse geassosieer het.[55] Joodse besighede het die meeste gely onder brandstigting wat in die dorp plaasgevind het. Hoewel die Jode sterk vermoedens gekoester het oor wie die saboteurs was, kon dit nooit bewys word nie.[56] Veral na 1943 en die bekendmaking van die Nazi volksmoord van die Jode, het die dorpsraad hulle al meer teen anti-semitisme uitgespreek.[57]

Na die bewindsoorname van die Nasionale Party het die party hulle rug op die anti-semitiste gekeer en hoewel anti-semitisme nooit geheel en al uit die party verdwyn het nie, het geloofsverskille nie meer die party se aandag vasgevang nie. Die Joodse kwessie is op die agtergraond geskuif en sake soos rasse en linkse en regse groepe binne die politiek het die aandag geverg. Met Republiekwording in 1960 is Jode as deel van die land se blanke bevolking gereken en nie meer as immigrante nie.[58]

---

[55] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), pp. 147-149.
[56] Ibid., p. 153.
[57] Ibid., p. 156.
[58] Ibid., p. 177.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na 1955 is die Jode in Oudtshoorn as burgers van die dorp beskou. Hulle was lojaal en het Suid-Afrika en Oudtshoorn as hulle tuisland en -dorp beskou, selfs al was hulle bande met die nuwe staat Israel sterk. Joodse tradisies is tot 'n groot mate binne Oudtshoorn behou, veral die bywoning van die *shul.*[59] Gedurende die sestiger en sewentigerjare het Oudtshoorn se Joodse kinders gewoonlik verder studeer en slegs in uitsonderlike gevalle het dié kinders na Oudtshoorn teruggekeer om daar vir hulle 'n lewe te maak. Identifikasie met Oudtshoorn se Joodse gemeenskap was dus minimaal wat beteken het dat die Joodse gemeenskap op die dorp met verloop van tyd al kleiner geword het. Teen 1970 het daar tog steeds 'n mate van wantroue voorgekom wat blyk uit die feit dat Jode nie tot die bestuur van ko-operasies verkies is nie. Hierdie diskriminasie was egter minimaal en dit was slegs enkelinge wat hierdie tipe houding gekoester het.[60] Die kwynende getal Jode was nie die gevolg van assimilasie of ondertrouery met Afrikaners nie, maar die migrasie van Jode uit die dorp om op ander plekke ekonomiese standvastigheid te vind.[61]

## 2.2. DIE POSISIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VROU TOT 1930

Gedurende die tydperk in Suid-Afrika wat die meeste Afrikaners boere was, was daar 'n streng patriargale styl binne die gesinslewe gehandhaaf wat bygedra het tot die patriargale styl wat oor die algemeen in die Afrikanersamelewing gevolg is.[62] Mans was hoof van hulle gesinne terwyl daar van die vrou verwag is om die huishouding te behartig. Hierdie huishouding was haar gesagsdomein. Hoewel dit mag voorkom asof die man met 'n ysterhand regeer het, het daar tog 'n mate van gelykheid tussen man en vrou bestaan. Die man was wel die hoof, maar die vrou is as hoeksteen van die huishouding en gesinslewe beskou en was daar om haar man by te staan.

---

[59] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), pp. 181-182.
[60] Ibid., p. 184.
[61] Ibid., pp. 189-190.
[62] P. W. Grobbelaar (red.): Die Afrikaner en sy kultuur, I, Mens en land, p. 152.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vrouens se aandeel in die lewe wat man en vrou vir hulleself geskep het, was nie as minderwaardig teenoor dié van die man beskou nie. Volgens die Afrikaner se kultuur het die moeder na die afsterwe van die vader die leiersposie in die gesin oorgeneem en nie die oudste seun soos dikwels die geval in baie ander nasionaliteite was nie.[63] Samewerking tussen egpare was algemeen en beide persone het geweet wat hulle van mekaar verwag het.

Ten spyte van die mate van gelykheid wat vroue binne die patriargale gesin geniet het, was vroue in die algemene samelewing nie as mans se gelykes beskou nie. 'n Goeie voorbeeld van die ongelykheid is dat vroue eers in 1930 stemreg in Suid-Afrika verkry het.[64] Die rol en taak van tuisteskepper wat aan vroue toegeskryf is, het ook bewys dat hulle nie as mans se gelykes gesien is nie.

Aangesien Sarah Goldblatt op verskillende wyses by die taalstryd van die Afrikaner betrokke was, is dit van pas om te sien watter posisie vroue binne hierdie stryd beklee het. Dalene Pienaar kyk spesifiek watter aandeel vroue aan die taalstryd gehad het. Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.) gestig om die stryd teen die verengelsing van die kolonie aan te pak. Binne skool en parlementêre verband is daar besluit dat Engels gebruik moes word en die G.R.A. wou die reëling verander. Die G.R.A. sou hulle stryd vir die taal aanpak deur Afrikaans as skryftaal te ontwikkel en erken te kry. Vanuit die staanspoor is vroue nie by die Genootskap toegelaat nie en kon nie die stigtingsvergaderig bywoon nie. Op 4 Desember is die moontlikheid om vroue as vriendinne van die Genootskap te beskou, wel bespreek, maar dié idee is in 1876 verwerp. Lede van die G.R.A. kon nie besluit of vroue toegelaat sou word om 'n bydrae in *Die Patriot,* die spreekbuis van die organisasie, te lewer nie. Ten einde laaste is daar wel teen sulke bydraes besluit en vroue is nie toegelaat om vir die koerant te skryf nie.[65]

---

[63] Ibid., p. 156.
[64] C. Walker (ed.): Women and gender in Southern Africa to 1945, p. 313.
[65] D. Pienaar: "Stuur julle gedigte kêrels!" (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1997), pp. 3-5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verskeie redes is aangevoer vir die weglating van vroue in die G.R.A. Die eerste was dat die organisasie as 'n geheime organisasie hanteer sou word en om dié rede moes lede se name nooit bekend gemaak word nie. Mans het geglo dat vroue nie met geheime vertrou kon word nie en daarom is hulle deelname afgekeer. In die tweede plek het die mans geglo dat hulle die vrouens teen diegene wat die organisasie vyandig gesind was, moes beskerm. Vroue moes teen teenkanting en openbare kritiek beskerm word. Omrede die G.R.A. nie alleenlik 'n taalbeweging was nie, maar wel 'n kultuurpolitieke beweging, kon vroue nie toegelaat word volgens die patriargale houding van mans nie. Hierdie denkwyse was nie net tot Afrikanermans beperk nie, maar was die houding wat deur mans wêreldwyd gekoester is.[66]

Afrikaner dogters se skoolopleiding het die G.R.A. verder laat aarsel om vroue tot die taalstryd toe te laat. Meeste meisies het hulle opleiding in kerkskole ontvang waar die onderwyseresse grootliks van Amerika afkomstig was en die onderrig grotendeels in Engels was. Dié onderrig het dikwels tot gevolg gehad dat die meisies van die Afrikaanse taal en kultuur vervreem was. Hierdie meisies was die moeders van die volgende geslagte en hulle kon 'n nadelige invloed op die taal hê.[67]

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het 'n einde aan die G.R.A. se stryd vir Afrikaans gebring en die tydperk het as die Eerste Taalbeweging bekend geword. Die oorlog sou uiteindelik tot hernude vuur vir die ontwikkeling en erkenning van Afrikaans bydra. Na die oorlog het die Tweede Taalbeweging tot stand gekom.[68] Die taalstryd was nie al wat positief deur die oorlog beïnvloed is nie. Die emansipasie van die vrou is ook aangehelp. Die rol wat boervroue gedurende die oorlog moes vervul het gehelp om die rolle wat aan hulle toegeskryf is te verander en om te bewys dat hulle tot baie meer in staat was as wat aanvanklik

[66] D. Pienaar: "Stuur julle gedigte kêrels" (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1997) pp. 7-8.
[67] Ibid., pp. 11-12.
[68] Ibid., p. 47.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur veral mans geglo is.[69] Na die oorlog is daar gedigte oor hulle ontberinge geskryf en daar is nooit meer met hulle gespot nie, maar daar is met erns oor hulle lyding en bydrae in die oorlog geskryf. Vroue se gehoorsaamheid, wat geblyk het uit hulle gewilligheid om verantwoordelikheid te dra vir byvoorbeeld plase tydens die oorlog, is besing. 'n Gevoel van eerbied is aan vroue betoon.[70]

Die oorlog was nie die uitsluitlike faktor wat die emansipasie van die Afrikanervrou aangehelp het nie. Een van die mees ingrypende van hierdie faktore was die verstedeliking van die Afrikaner wat 'n groot impak op sosiokulturele gebied gehad het. Talle verarmde boere in die Transvaal en Vrystaat moes hulle plase verlaat en na die stede trek om werk te kry en daar 'n lewe te maak. In die stede het die Afrikaners met die Engelse sosiale kultuur kontak gemaak en is sterk daardeur beïnvloed. Stede het vir vroue nuwe moontlikhede ingehou, want daar was 'n groter verskeidenheid tydverdrywe asook verskillende beroepe wat hulle kon beoefen. Aan stedelinge is hoër finansiële eise gestel omdat hulle bo die algemene lewenstyl wou uitstyg en dit het tot gevolg gehad dat daar minder tyd en geld beskikbaar was om kinders te kon grootmaak. Vroue het dus nou makliker tot die arbeidsmark toegetree. Die meeste voue het hulleself gewoonlik as onderwyseresse, verpleegsters, kantoor- en fabriekswerkers bekwaam. Na die oorlog het die tydskrifwese vooruitgang gemaak. Aan vroue het dit die geleentheid gebied om te skryf en baie het toe werk as joernaliste gedoen. Aangesien joernalistiek nie 'n baie lonende werk was nie, was dit waarskynlik waarom vroue eerder as mans hierdie werk gedoen het. Leiers van die nuwe taalbeweging was meer as bereid om bydraes van hierdie vroue te erken en om hulle deel van die taalstryd te maak. Vroue het hulleself as aanwins bewys omdat hulle werk van so 'n aard was dat dit veral aan vroue en kinders se behoeftes voldoen het.[71]

[69] D. Pienaar: "Stuur julle gedigte kêrels" (Ongepubliseerde MA-tesis, US, 1997) pp. 49-50.
[70] Ibid., pp. 52-53.
[71] Ibid., pp. 57-58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onder vroue was daar 'n opkomende feministiese bewussyn. Reeds so vroeg as 1906 is 'n feministiese beweging in die Kaap gevorm. Vroue het begin om die beeld wat van hulle binne die Afrikaner kultuur gevorm is, te bevraagteken. Marie du Toit, dogter van S.J. du Toit, was die eerste Afrikanervrou wat oor feminisme in Suid-Afrika geskryf het.[72]

Gebeure in die buiteland het ook gehelp om die vrou se posisie in die samelewing te verbeter. Reeds in 1869 het vroue in die staat Wyoming in die VSA stemreg gekry. In 1893 het vroue stemreg op nasionale vlak in Nieu-Zeeland gekry en in 1902 in Australië. Dit wil voorkom asof dit moontlik is dat die ongenaakbare grenslewe van die verskillende volke bygedra het tot die groter vryheid van hulle vroue, juis omdat daar meer van die vroue verwag is as die in meer ontwikkelde lande en in stede waar daar nie soveel uitdagings aan die orde van die dag was nie.[73]

Die sekondêre nywerheidsontwikkeling wat in Suid-Afrika plaasgevind het weens die goudindustrie, het gehelp om vroue se ekonomiese stand en gevolglik hulle lewensuitkyk te verander. Veral na die Eerste Wêreldoorlog is die impak van die nuwe nywerhede op vroue gevoel. Daar was veral vir jong, ongetroude, wit vroue groter werksgeleenthede. Die aanvraag na veral onderwyseresse het toegeneem omdat meer geskoolde arbeid nodig was. Teen 1891 was ongeveer 75 persent van alle wit onderwysers in die Kaap vroue. Hierdie verwikkelinge het tot gevolg gehad dat al meer meisies geskool is. Privaat onderrig en afrondingskole was nie meer slegs vir die dogters van ryk vaders beskikbaar nie. Alle dogters se opvoeding is uitgebrei.

Industrialisasie het op sosiale gebied verskeie veranderinge tot gevolg gehad. Die tradisionele patriargale gesinsstrukture van veral die landelike areas is deur al bogenoemde faktore geraak. Kinders, waarby ook dogters ingesluit kon word,

[72] D. Pienaar: "Stuur julle gedigte kêrels!", p. 60.
[73] C. Walker: Women and gender in Southern Africa to 1945, p. 318.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was oor die algemeen nie meer ekonomies afhanklik van die gesin en veral die vader soos tevore nie. Gesinsstrukture het begin verbrokkel. Europese idees het op die verstedelikte Suid-Afrikaners afgesmeer.[74]

Stemreg aan vroue was een van die idees waaraan stedelinge blootgestel is. Vir sommige vroue was die kwessie rondom die emansipasie van die vrou aan die orde van die dag. Een van die eerste vroueorganisasies wat hulle op die vrouestemreg toegespits het was die 'Women's Christian Temperance Union' (WCTU). Die organisasie is in 1889 gestig en het hulle ses jaar later op vrouestemreg toegespits. Hulle het geglo dat indien vroue nie politieke insae het nie, hulle organisasie geen van hulle doelwitte sou kon bereik nie, omdat hulle nie ernstig opgeneem sou word nie. Stemreg was dus vir die vroue 'n middel tot 'n doel en hulle stryd was nie daarop gemik om vroue se status binne die politiek te verbeter nie. Aanvanklik was dit net 'n paar klein linkse arbeiders partye wat vrouestemreg ondersteun het. Teen die einde van die negentiende eeu, en die begin van die twintigste, was dit meerendeels vakbonde wat die stemreg ondersteun het. In 1910 het die linkse arbeidersgroepe saamgesmelt en die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty gevorm. Vir baie jare was dit die enigste party in Suid-Afrika wat vrouestemreg op hulle agenda geplaas het.[75]

In 1911 is die 'Women's Enfranchisement Association of the Union' (WEAU) in Durban in die lewe geroep. Hierdie groep het alle vroue organisasies wat besig was om vir vrouestemreg te stry binne een organisasie saamgevoeg. Hierdie groep het hoofsaaklik uit wit, Engelssprekende, verstedelikte vroue uit die middelklas bestaan. Hierdie vroue was geskool en gerig op hulle gemeenskappe. Baie van hulle het in dieselfde kringe as die manlike wetgewers wat hulle wou beïnvloed, beweeg. Volgens veertien biografieë wat van dié vroue beskikbaar is, het hulle dikwels middelklas beroepe beoefen. Daar was onderwyseresse en skoolhoofde, een boer, ‘n botanikus, joernalis en 'n genekoloog. Hoewel hierdie

---

[74] C. Walker: Women and gender in Southern Afrikca to 1945, pp. 321-323.
[75] Ibid., pp. 325-326.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie 'n verteenwoordigende steekproef is nie, wys dit tog na die verband tussen vroue se ekonomiese onafhanklikheid en hulle lojaliteit tot vrouestemreg en regte.[76]

In weerwil van die feit dat vroue vir hulle stemreg geveg het, was hulle steeds daarvan oortuig dat die vrou se primêre verantwoordelikheid haar huis, gesin, huwelik en haar kinders was. Daar was wel individue wat nie hierdie siening ondersteun het nie. Politici het ook geargumenteer dat die vrou nie haar werk in die huis moes afskeep nie en daarom was hulle gekant teen vrouestemreg.[77] Daar is selfs so ver gegaan as om te sê dat die vrou haarself sou verneder deur by die politiek en die lewe buite haar huis betrokke te raak en op die manier haar huis afskeep. Hierdie argument kon nie deurgevoer word nie, want die teenargument was dat die vroue se politieke deelname hulle eerder waardigheid sou gee omdat sy groter deelname aan die gemeenskap toegelaat sou word.[78] Vir die twee kante was die vraag dus of vroue hulle huislike plig saam met hulle politieke regte kon hanteer. Aangesien wit vroue met verloop van tyd al minder tyd aan die huishouding spandeer het en ook hulle tyd vir ander dinge gebruik het, bv. om te werk, het die argument dat vroue nie hulle taak as vrouens en moeders saam met die politieke regte kon uitleef nie, grond verloor.[79]

Nadat vroue stemreg ontvang het, is die vraag waarom vroue dan steeds nie 'n groter invloed op die politiek uitgevoer het nie, gevra. Twee antwoorde is hierop verskaf. Eerstens is daar gesê dat daar geen onderskeid getref kon word tussen die belange van die man en die vrou binne die gevestigde Suid-Afrikaanse samelewing nie. Tweedens is daar geredeneer dat die vrou nie tradisioneel so polities bewus was soos mans nie en daarom nie tuis gevoel het op hierdie gebied nie. Om hierdie rede het vroue dus, wanneer hulle wel betrokke was,

---

[76] C. Walker: Women and gender in Southern Africa to 1945, pp. 326-328.
[77] Ibid., pp.338-339.
[78] E. Stockenström: Geskiedenis van die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930 (Ongepubliseerde D-tesis, US, 1944) p. 435.
[79] C. Walker: Women and gender in Southern Africa to 1945, pp. 338-339.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondergeskikte rolle binne party-politieke organisasies gespeel. Hulle het dus altyd onder die leiding van mans gewerk. Daar is steeds van die ideale vrou verwag om konserwatief en behoudend op te tree en sy moes hierdie invloed op die gemeenskap uitoefen.[80] Vroue is dus toegelaat om hulle stemme uit te bring, maar nie om hulle revolusionêr te gedra nie. Selfs die feit dat vroue groter deelname aan die politiek gegee is, het nie gehelp om hulle ten volle te emansipeer nie. Vroue het steeds ondergeskikte rolle vervul en is steeds nie gesien as iemand wat haarself kon laat geld binne die wêreld van 'n man nie. Verandering het dus nie volle emansipasie beteken nie.

## 2.3. GEVOLGTREKKING

Die jaar 1932 toe Sarah as administratrise van Langenhoven se nalatenskap aangewys is, was 'n tydperk waarin Jode nie in Suid-Afrika verwelkom was nie, en dit nie algemene goedkeuring weggedra het om vroue sulke verantwoordelikhede te gee nie. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die Afrikanerboere se aanvanklike positiewe houding teenoor die Jode stelselmatig verander het.

Gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog het grootliks bygedra tot hierdie negatiewe houding wat teenoor die Jode ontwikkel het, aangesien die Jode Brittanje in hierdie stryd gesteun het. Na die oorlog het verstedeliking en die armblankevraagstuk toegeneem. Joodse kompetisie in die stede en die groeiende Joodse besigheidsklas is as oorsake uitgewys. Die negatiewe houding teenoor die Jode het uiteindelik gely tot die instel van immigrasiewette in 1902 en 1930. Die Tweede Wêreldoorlog met die Joodse volksmoord het weer 'n matigende effek op die anti-semitisme in Suid-Afrika gehad. Dit is duidelik dat die anti-Joodse benadering in Suid-Afrika van tyd tot tyd verskil het. Hier het dus nie 'n gevestigde anti-Joodse sentiment in die land bestaan nie.

[80] E. Stockenström: Geskiedenis van die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930 (Ongepubliseerde D-tesis, US, 1944) pp. 440-441.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Langenhoven en Sarah het in Oudtshoorn ontmoet waar die inwoners van die dorp redelik pro-Joods was. Die Joodse aandeel in die opbou van die dorp deur hulle bydra in die opbou van die veremark, het grootliks gesorg vir groter samewerking tussen Jood en nie-Jood. Hoewel verhoudinge tussen die twee groepe in Oudsthoorn wisselend was, was Jode oor die algemeen 'n welkome groep in die dorp. Langenhoven het homself in 'n dorp bevind waar mense 'n meer pro-Joodse houding geopenbaar het.

Vroue het wel in die dertigerjare stemreg verkry, maar vroue was steeds besig met die stryd om emansipasie. Die stereotipe dat die vrou tuis gehoort het en verantwoordelik was vir die huishouding was nog nie iets van die verlede nie. Verskillende geleenthede, veral na die Anglo-Boereoorlog, het vroue te beurt geval, maar 'n verandering in die heersende persepsies sou slegs met verloop van tyd plaasvind.

‘n Joodse vrou was beslis nie in die dertigerjare die mees waarskynlike keuse vir Langenhoven se administratrise nie. Ten spyte hiervan het sy keurse op Sarah geval. Redes vir die besluit word in die volgende hoofstuk ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 3
# SARAH GOLDBLATT EN HAAR VERBINTENIS MET C.J. LANGENHOVEN

In die vorige hoofstuk is gepoog om die vraag waarom dit so vreemd was dat Langenhoven 'n Joodse vrou as sy administratrise in sy testament aangewys het, te beantwoord. In hierdie hoofstuk val die fokus op die verwante redes waarom Langenhoven voortgegaan het om vir Sarah Goldblatt as administratrise van sy letterkundige nalatenskap aan te stel.

Laasgenoemde vraag kan net beantwoord word indien daar na die inligting wat in die vorige twee hoofstukke gegee is, verwys word. Verder word die werks- asook sosiale verhouding wat tussen Sarah en Langenhoven bestaan het, bestudeer. Die Jood en die vrou word weereens onder die soeklig geplaas, maar hierdie keer word daar gekonsentreer op beide Langenhoven en Sarah se opinies rondom dié sake. Langenhoven en sy beskouiing van Jode word ook teen die agtergrond van hom as 'n inwoner van Oudtshoorn bespreek. Die kringe waarin Sarah beweeg het en die vriendskappe wat sy aangeknoop het sal ook ter toeligting bespreek word.

Dit is onmoontlik om hierdie vraag te beantwoord en nie wyer oor Langenhoven en sy werk uit te brei nie. Waar van toepassing sal daar na Langenhoven en sy bedrywighede gekyk word. 'n Kronologiese uiteensetting binne hierdie hoofstuk is moeilik, siende dat die feite nie noodwendig 'n kronologie sal toelaat nie. So ver moontlik, sal die hoofstuk egter kronologies aangebied word.

### 3.1.1. SARAH EN LANGENHOVEN ONTMOET BY *HET ZUID-WESTEN*

Op 1 April 1912 het die eerste uitgawe van *Het Zuid-Westen* onder redakteurskap van Langenhoven verskyn. Reeds in die eerste hoofartikel wat hy vir die koerant geskryf het, het Langenhoven verduidelik dat hy namens homself sou praat en nie namens 'n anonieme 'ons' nie.[1] *Het Zuid-Westen*

---

[1] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 249.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou, tot die koerant gestaak is, vir Langenhoven as spreekbuis vir die bevordering van Afrikaans dien. Dit was juis Langenhoven se taalstryd, en al die werk wat hy ter bevordering van die taal gedoen het, wat tot die ontwikkeling van die vriendskap tussen hom en Sarah bygedra het.

Langenhoven was nie vanuit die staanspoor 'n stryder vir Afrikaans nie, maar het eers teen 1910 tot dié stryd toegetree.[2] Aanvanklik was hy gekant teen die gebruik van Hoog-Hollands in Suid-Afrika, aangesien hy nie daarvan oortuig was dat dié taal die stryd as tweede taal sou kon wen nie. Langenhoven het homself in 'n artikel, wat hy vir *The State* geskryf het, ten gunste van Engels uitgespreek. Hy het egter nie met hierdie artikel Afrikaans, wat hy as die ware moedertaal beskou het, heeltemal buite rekening gelaat nie. Langenhoven het skerp kritiek oor die artikel in *The State* gekry, veral van die ondersteuners van Hollands. Hierna het hy besluit om homself op die stryd vir Afrikaans toe te spits en het sy skryftalent gebruik om Afrikaans te bevorder.[3]

Binne die Hollandse gemeenskap in Suid-Afrika het op hierdie stadium geen eenstemmigheid vir die rigting waarin die taalkwessie gestuur moes word, bestaan nie. Diegene wat die gebruik van 'n vereenvoudigde Nederlands aangehang het, het geglo dat dit minstens naby verwant was aan die spreektaal Afrikaans en dat dit uiteindelik ook vir die Nederlandssprekendes aanvaarbaar sou wees. Die gebruik van Afrikaans was egter nie vir hulle 'n opsie nie, omdat dit as 'n kombuistaal beskou is, 'n taal wat geen verhewe gedagtes kon akkomodeer nie. Afrikaans is slegs beskou as bruikbaar vir die skryf van grappige stukke. Die nuwe stryd vir die Afikaanse taal is beskou as 'n herlewing van die Patriotbeweging wat voorheen die stryd gevoer het vir die gebruik van Afrikaans in die land. Hierdie beweging het in diskrediet verval weens hulle leier, S.J. du Toit, wat homself met die Engelse politikus Cecil John Rhodes, vereenselwig het. Du Toit se fonetiese spelwyse was ver verwyderd van Nederlands en dus vir baie mense onaanvaarbaar. Afrikaners het skepties teenoor die nuwe taalstryd gestaan weens hulle ondervinding met die Patriotbeweging. Diegene wat die stryd vir Afrikaans wou voortsit kon

[2] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 246.
[3] C.J. Langenhoven: U dienswillige dienaar, pp. 133-134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie op die werk van die Eerste Taalbeweging voortbou nie. 'n Nuwe generasie leiers was nodig vir so 'n beweging. Joernaliste was oor die algemeen die mees geskikte leiers vir die taalstryd. Dit is dus nie vreemd dat verskeie koerante as spreekbuise vir die taalstryd gebruik is nie. *Het Zuid-Westen* was een van hierdie koerante.[4]

*Het Zuid-Westen* is reeds vanaf 1900, tydens die Anglo-Boereoorlog, as mondstuk vir die boerebevolking gestig. Vanaf die ontstaan van die koerant is beide Afrikaanse en Engelse artikels daarin geplaas. Meeste van die aanvanklike verkope was danksy die advertensies en inligting oor veilings wat daarin voorgekom het. Niko Hofmeyer, die eerste redakteur, het nie die koerant vir die bevordering van Afrikaans gebruik nie, die teendeel het eerder onder sy leiding plaasgevind. Na Hofmeyer was daar 'n paar ander redakteure tot tyd en wyl J. H. Malan die redakteurskap voor Langenhoven behartig het. Volgens Langenhoven het hy niks ten bate van Afrikaans gedoen nie en was die enigste Afrikaans wat in die koerant gepubliseer is te danke aan Langenhoven wat self vir die koerant geskryf het. Dit was 'n baie subjektiewe oordeel van Langenhoven aangesien Malan wel Afrikaanse aritikels gepubliseer het en tog soms self uitsprake ten gunste van Afrikaans gelewer het. Dit was waarskynlik slegs te min na Langenhoven se sin.[5]

Volgens Langenhoven het hy die eerste Afrikaanse artikels vir die koerant, terwyl hy die redaksie vir 'n maand in Malan se afwesigheid waargeneem het, geskryf. Langenhoven het geglo dat dit juis hierdie inisiatief was wat verseker het dat hy die volgende redakteur van Het Zuid-Westen sou word.[6] Vroeg in 1912 is Malan gedwing om te bedank weens ontevredenheid oor sy vyandige gesindheid teenoor die regering van die dag. 'n Advertensie vir die redakteurspos van *Het Zuid-Westen* het op 15 Januarie 1912 in die koerant verskyn. Op 28 Maart 1912 het Malan aangekondig dat Langenhoven hom as redakteur sou opvolg. Volgens Langenhoven was die direkteure van die

[4] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 246.
[5] C.J. Langenhoven: U dienswillige dienaar, pp. 135-136; Ibid., pp. 247-249.
[6] C.J. Langenhoven: U dienswillige dienaar, p. 138.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koerant eensgesind dat indien hulle hulle koerant wou verkoop, hulle genoodsaak was om Langenhoven as redakteur aan te stel.[7]

Aanvanklik het Langenhoven alleen gewerk, maar omdat die koerant uitgebrei het, het hy hulp benodig. Die eerste persoon wat die pos beklee het, het die koerant spoedig weer verlaat. In Augustus 1912 is die pos vir 'n joernalis weer geadverteer. Hierdie keer het Sarah Goldblatt om die betrekking aansoek gedoen. Sy is in die pos aangestel en het in September 1912 by *Het Zuid-Westen* in diens getree. Hoewel sy aanvanklik Afrikaans nie goed geken het nie, het sy dit baie vinnig aangeleer, só vinnig dat Langenhoven reeds na 'n week se werk vir haar 'n eksemplaar van sy *Verjaardagboekie* gegee het.[8] Die feit dat sy private Nederlandse onderrig as kind ontvang het en dié taal magtig was,[9] en siende dat sy in 1911 haar taalbond eksamen geslaag het,[10] het haar waarskynlik gehelp om Afrikaans vinniger baas te raak.

Alleen moes die twee alle proeflees- en vertaalwerk doen, omtrent alle berigte skryf, of uit ander bronne vertalings doen om sodoende die koerant te vul en twee uitgawes 'n week te verseker. Samewerking tussen die twee was baie goed, iets wat 'n hegte werksverhouding verseker het. Later van tyd het hulle ook huisvriende geword. Die twee het mekaar onderskeidelik as 'Chief' en 'Sub' aangespreek. Volgens Langenhoven het hy van Sarah 'n Afrikaner gemaak soos wat hy was. Die koerant is deur Langenhoven gebruik om Afrikaans as taal te propageer en hiermee moes Sarah hom help. Afrikaans was egter nie die enigste oorweging vir die koerant nie. Langenhoven het ook aktuele onderwerpe in die koerant bespreek, soos byvoorbeeld immigrasie uit Engeland, Nederland en Duitsland, asook vrouestemreg. Hierdie koerant kan dus beskou word as die middel waardeur Langenhoven gepoog het om die Afrikaner ingelig te hou oor verskillende sake, al was dit dan ook Langenhoven se persoonlike opinie.[11]

---

[7] C.J. Langenhoven: U dienswillige dienaar, pp. 247-249.
[8] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 251-252.
[9] G. 202. Pe. B (8): Getikte afskrif van lewensbeskrywing oor Sarah deur J.P. Scannell, g.d.
[10] G 202. Pe. D. 1. (2):Sertifikaat aan Sarah van Zuid-Afrikaanse Taalbond, 1911.
[11] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 252-253.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer 'n mens na Langenhoven en Sarah en hulle vriendskap oor die jare kyk, is dit nie so verbasend dat Langenhoven kon byval vind by sy assistent nie. Daar is reeds na haar vader en sy werk as joernalis verwys. As kind het Sarah vir hom gewerk en was sy vertroud met joernalistiek en die koerantwese.[12] David Goldblatt het ook sy koerante as mondstuk vir die bevordering van sy volkstaal, Jiddisj, onder die Joodse gemeenskap in die Kaap gebruik.[13] Vir Sarah was dit niks nuuts dat Langenhoven sy taal en kultuur deur middel van 'n koerant wou bevorder nie. Aangesien sy nie by die koerant bedank het nie, kan 'n mens met veiligheid aflei dat Sarah nie gekant was teen die stryd vir Afrikaans nie. Sy was eerder iemand wat vroeg in haar ouerhuis geleer het om op te staan vir dit waarin jy geglo het. Sy het ook deur haar vader se voorbeeld geleer dat jy self moes werk vir dit wat jy wou verander. Sarah was in dié opsig vir Langenhoven die ideale assistent, omdat sy sy passie kon verstaan en prakties ook vir hom tot hulp kon wees.

Hoewel sy nie 'n gebore Afrikaner of Afrikaanssprekend was nie, was dit wel 'n kultuur wat haar geïnteresseer het en daarom het sy haarself nie as leek by Langenhoven en 'sy' koerant aangesluit nie. Opvoeding was vir die Goldblattgesin belangrik. Sarah noem in een van haar radiopraatjies dat daar altyd 'n studeerkamer in haar ouerhuis ingerig was, ten spyte daarvan dat hulle nie welgesteld was nie. Kamers was eerder gedeel as om die studeerkamer prys te gee. In dié vertrek was boeke tot die kinders se beskikking. Dit wil voorkom of haar vader wyd belese was en daarop klem gelê het dat sy kinders dieselfde pad moes volg. Tussen seun en dogter is daar ook geen onderskeid getref nie,[14] wat Sarah se werksvermoë verduidelik.

Sarah was nie alleen divers betreffende haar taalvaardighede nie. As lede van die Oos-Europese Joodse gemeenskap in die Kaap het die Goldblatt's nie apaties teenoor die kultuur in die land gestaan nie. David het die stryd vir

[12] C. J. Beyers (ed.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 312.
[13] G. Saren: David Goldblatt: Champion of Yiddish (Zionist record and South African Jewish chronicle. New Year Annual, September 1978, p. 18).
[14] G.202. Ku. 6G.(7):Afskrif van praatjie vir SAUK vrouerubriek deur Sarah, 4 September 1959.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jiddisj gevoer, maar hy was nie so blind dat hy nie die waarde van Engels in Suid-Afrika besef het nie. Dié feit word bewys deurdat David die stigterslid van die 'Jewish Culture Society' was. Die organisasie was daarop uit om Jode Engels te leer. Hierdie tipe Joodse organisasie het nie net die taal nie, maar ook die Britse kultuur aan die immigrant probeer oordra. Sarah kon dus nie apaties teenoor 'n meer westerse kultuur gestaan het nie. Langenhoven het dus nie saam met 'n ortodokse Jood gewerk wat onbewus was van die kulturele diversiteit in Suid-Afrika, of apaties teenoor die heersende kulture gestaan het nie. Sarah was bereid om te verander indien nodig.[15]

Vanuit die staanspoor skryf Langenhoven vir sy lesers oor Afrikaans en daarom handel sy eerste artikel as redakteur oor tweetaligheid in Suid-Afrika. Volgens Langenhoven moes Engels en Afrikaans die twee landstale wees.[16] Langenhoven het konstant oor die gebruik van Afrikaans as skool- en kerktaal geskryf. Langenhoven se stryd was om Afrikaners tot die besef te bring dat dit onnodig was om Afrikaans as kombuistaal te aanvaar. Hy wou Afrikaners wys dat dit vir hulle kinders nadelig was om in Engels geskool te word, juis omdat dit nie hulle huistaal was nie. Kinders was dikwels van mening dat hulle in vergelyking met Engelssprekende skoliere onfatsoenlik was. Afrikaners het nie in hulle taal gelees nie, dit is nie akademies gebruik nie en gevolglik het dit dikwels gebeur dat Afrikaanssprekendes nie ver met hulle skoolopleiding gevorder het nie. Langenhoven wou die Afrikaner wys dat hulle nie 'n tweederangse volk was bloot omdat hulle nie met die gebruik van Engels tuis gevoel het nie en dat Afrikaanse kinders nie moes terugstaan vir die Engelse kinders saam met hulle in die skole nie.[17] Langenhoven het dus 'n alleenstryd aangeknoop om die Afrikaner te leer dat dit sy reg was om sy taal, naamlik Afrikaans, te praat. Hy het probeer om sy volk nasietrots in te boesem. *Het Zuid-Westen* was dus 'n middel tot 'n doel, 'n propagandamiddel vir Afrikaans en Afrikanerskap.

---

[15] G Saron en L. Hotz (ed.): The Jews in South Africa: A history, p. 55.
[16] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 263.
[17] Ibid., pp. 268-269.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar het egter 'n stryd tussen Nederlands en Afrikaans in Suid-Afrika ontwikkel. Daar was diegene wat Nederlands ten koste van Afrikaans wou behou. Vir Langenhoven was dit 'n uitgemaakte saak, Afrikaans was die taal van die Afrikaner, Nederlands was nie die algemene taal in algemene omgang onder Suid-Afrikaners nie.[18] Sou dit vir enige iemand moontlik wees om nie by Langenhoven se stryd vir Afrikaans betrokke te raak as jy vir bykans twee en 'n half jaar nou saam met hom gewerk het terwyl hy druk besig was om die taalstryd op sy eie manier te stry nie? Dit maak sin dat hy Sarah kon oorhaal om betrokke te raak by sy stryd vir Afrikaans en dit is duidelik dat hy haar sou aanvuur. Deur haar betrokkenheid by *Het Zuid-Westen* het Sarah bewys dat sy dit wou doen.

Sarah en Langenhoven sou egter nie te lank kon voortgaan met hulle werk by *Het Zuid-Westen* nie, want in Oudtshoorn het die ondenkbare gebeur. Die veremark het gedurende 1913 en 1914 in duie gestort. Oudtshoorn se ekonomie was in 'n verknorsing en hiermee saam het *Het Zuid-Westen* ernstige finansiële probleme ondervind. Al minder winkeliers het in die koerant geadverteer en salarisse vir werkers van die koerant moes verminder word. Langenhoven het besef dat dit beter sou wees om die koerant te staak. Op 19 Oktober 1914 het hy as redakteur bedank, maar die direksie wou nie sy bedanking aanvaar nie en daar is besluit op slegs een uitgawe per week. Op 9 Januarie 1915 is die koerant gestaak omdat dit finansieël nie meer die mas kon opkom nie.[19]

Alhoewel Sarah slegs Langenhoven se assistent by *Het Zuid-Wes*ten was, was sy op 'n keer genoodsaak om die verantwoordelikheid vir die koerant op haar eie skouers te neem. Langenhoven was saam met 'n afvaardiging na die Kaap en die koerant is in Sarah se hande oorgelaat. Sy vertel dat 'n korrespondent uit Ladismith juis op daardie stadium 'n brief na *Het Zuid-Westen* gestuur het waarin daar oor die gebruik van Nederlands in amptelike kringe op die dorp gekla is. Die brief wat hy geskryf het was in 'n soort Hoog Hollands. Sarah het dit goed gedink om hierop te reageer, met die gevolg dat

[18] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 272-273.
[19] Ibid., p. 275.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skadevergoeding aan die korrespondent betaal moes word. Sy het nie oor dié voorval in die moeilikheid gekom nie, want dit is as gulde geleentheid beskou om mense op die gebruik van Afrikaans attent te maak.[20] Sarah het dus haar bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans in die koerant gelewer en vroeg reeds haar sentimente omtrent Afrikaans duidelik gemaak.

### 3.1.2. SARAH EN LANGENHOVEN NA *HET ZUID-WESTEN*

Nadat *Het Zuid-Westen* se deure gesluit het, het Sarah na die onderwys teruggekeer en weer by die Commercial Evening School op Oudtshoorn aandklasse gegee. Daarna het sy op Leeuwblad in die George distrik gaan skoolhou. Hierdie verandering het nie Sarah en Langenhoven se vriendskap en samewerking tot 'n einde laat kom nie. Sarah se doelwit as onderwyseres was om die parlementsbesluit, wat in 1914 deur Langenhoven aangevoer is, in die skole te implimenteer. In 'n brief wat Sarah op 26 Mei 1973 aan Elsa Joubert geskryf het, sê sy dat dié eksperiment 'n volslae sukses was. Sy vertel dat sy graag vir haar 'chief' wou wys hoe die besluit, wat deur sy harde werk 'n werklikheid geword het, in die praktyk daarna sou uitsien. Sarah sou vir die res van haar lewe betrokke wees by opvoeding in Afrikaans.[21]

In 1917 het Sarah na die Kaap teruggekeer waar sy vir 'n kort tydperk as redaksielid by *Die Burger* gewerk het. Ten spyte van die feit dat Sarah na die Kaap teruggekeer het, het sy voortgegaan om vir Langenhoven as 'n tipe 'sekretaresse-assistent' te werk. Sy moes gereeld sy manuskripte deurlees en ook sy sake by *Die Burger*, vir wie hy weekliks artikels gelewer het, hanteer. Dit was ook Sarah se verantwoordelikheid om, in sy afwesigheid, namens Langenhoven met die Nasionale Pers oor sy publikasies te onderhandel. Dit was by *Die Burger* waar Sarah en Maria Elizabeth Rothman (MER) mekaar leer ken en bevriend geword het. MER het by *Die Boerevrou* gewerk en Sarah was deeltyds by *Die Burger*. MER noem dat Sarah amptelik eintlik Langenhoven se betaalde sekretaresse was. Sy was daarvoor verantwoordelik om die proewe van sy weeklikse bydra, *Aan Stille Waters,* vir die koerant na te sien. MER skryf dat sy twyfel of Sarah ooit 'n enkele fout sou

[20] G. 202. L. 1. T.A. (3):Praatjie by leeskring deur Sarah, 20 April 1966.
[21] G. 202. Pe. B. (5): Brief van Sarah aan Elsa Joubert, 26 Mei 1973.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

laat deurglip, want sy het 'n oog vir 'n fout gehad, en haar kennis van Afrikaans was baie goed. Sarah was die enigste persoon in wie Langenhoven genoeg vertroue gehad het om dié werk vir hom te doen. Siende dat Sarah vir so lank baie nou saam met Langenhoven gewerk het, het sy presies geweet hoe hy oor sy werk gevoel het en daarom het sy verstaan hoe hy wou hê dat dit hanteer moes word.[22]

Sarah het ook Langenhoven se sensitiwiteit vir die kritici verstaan. Op 26 Julie 1918 het Sarah aan Langenhoven 'n brief geskryf waarin dit duidelik is dat sy hom in sy skryfwerk kon onderskraag, veral wanneer negatiewe kritiek oor sy werk uitgespreek is. Sy skryf vir hom in verband met *Die Vrouw,* wat hy geskryf het, en herinner hom daaraan dat hy moet onthou dat die volk nie sy werk aanvaar op aanbeveling van 'die eksperte' (soos sy die kritici genoem het) nie. Sy het hom daaraan herinner dat dit dikwels gelyk het of sy werke nie aanvaar sou word nie, maar dat dit tog uiteindelik suksesvol was. Volgens haar moes hy onthou dat kritiek van die deskundiges nie gewig gedra het nie, slegs die opinie van die volk.

Sarah skryf verder dat hy nie anders kan as om te skryf nie. "Jij moes doen wat jij geweet het net <u>jij</u> alleen kon doen." " Watter saak maak die deskundige kritiek? Watter saak maak mij goedkeuring? Jij weet, so goed als jij weet dat jij nou asem haal, dat jou werk goed is. En my liewe Chief, mij arme verontregte Afrikaner, jij weet dat jou volk jou dienste waardeer, jou stukke lees en oorlees, naar jou luister, jou dienste wil hê. En jij moet dit gee. Daarvoor is jij jij en nie een van die deskundiges nie."[23] Sarah het Langenhoven dus bemoedig in die tye wanneer hy nie meer in homself en sy werk kon glo nie. Sy was nie bereid om hom te laat glo dat dit moontlik was om kritiek teen sy werk te lewer nie. Dis juis hierdie lojaliteit wat Sarah teenoor Langenhoven en sy werk gekoester het wat daartoe bygedra het dat hy haar as assistent gebruik het en later as administratrise.

---

[22] M.E. Rothman: <u>My beskeie deel</u>, pp. 275-276.
[23] 202. KG. 13: Brief van Sarah aan Langenhoven, 26 Julie 1918.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sarah se lojaliteitsgevoel was vroeg reeds duidelik. Op 30 Junie 1916 het Sarah in 'n brief aan Langenhoven hom die versekering probeer gee dat hy niemand (dit verwys na kritici) se goedkeuring nodig gehad het vir sy werk nie. Sy werk het hy vir sy volk gedoen en dit is wie se goedkeuring hy moes kry en dit het hy gehad.[24] Uit die herhaaldelike versekering wat Sarah aan Langenhoven in briewe gegee het, is dit baie duidelik dat Langenhoven uiters gevoelig was vir kritiek van die 'eksperte'. Dit was egter iets wat nie hy of Sarah prontuit sou erken nie.

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat Langenhoven en Sarah by mekaar aanklank gevind het. Hy het byvoorbeeld maklik vir haar 'n geskenk in die vorm van 'n boek gegee. Volgens Kannemeyer het Langenhoven in Sarah 'n geestelike maat gevind. Dit blyk duidelik dat sy hom op intellektuele vlak kon stimuleer. Langenhoven het Sarah vertrou en haar opinie was vir hom van belang, wat bewys dat hy haar as sy gelyke, of nagenoeg daaraan, beskou het. Sy was ook die enigste ander persoon wat hom waarskynlik so goed soos sy vrou geken het en sy temperament as kunstenaar kon verstaan en hanteer. Sy moes hom menige male 'troos' nadat iemand kritiek oor hom of sy werk uitgespreek het.

Telkens kry 'n mens die indruk uit Langenhoven se korrespondensie met Sarah dat hy 'n jaloerse besitlikheid oor haar gekoester het. Dit kan ook wees dat hy slegs haar verwerping gevrees het. Weens sy oormatige drankgebruik het Langenhoven homself nie altyd in die Kaap na wense gedra nie en moes Sarah soms na hom omsien. Hierdie insidente het waarskynlik die vrees by hom ontlok dat Sarah hom sou verwerp en daarom die verdagtheid wanneer Sarah te lank na Langehoven se sin geneem het om 'n brief aan hom te stuur. 'n Oop vriendskap het beslis tussen die twee mense bestaan. Sarah het vry gevoel om selfs haar gevoel van eensaamheid met Langenhoven te deel.[25] Sarah was een van Langenhoven se min vertrouelinge. Kannemeyer skryf dat dit opmerklik is dat wannneer daar na die herinneringe van Langenhoven se ander vriende gekyk word, hulle nie melding maak van Langenhoven se

---

[24] 202. KG. 1: Brief van Sarah aan Langenhoven, 30 Junie 1916.
[25] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 645-647.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siektetoestande soos Sarah nie. 'n Mens kry die idee dat dit slegs Vroutjie en Sarah was wat hiervan bewus was. Hy het sy skete slegs by die twee dames bekla, 'n bewys van hoe heg die vriendskap tussen Langenhoven en Sarah was.[26]

Sarah was deeglik bewus van Langenhoven se drankprobleem. Dikwels in die Kaap het hy homself te buite gegaan om dan weer in Oudtshoorn 'n skuldaanval te beleef. Sarah moes glo dikwels met haar motorfiets in die Kaap rondry en die verskillende kroeë besoek op soek na Langenhoven. Wanneer sy hom gevind het, het sy hom in haar syspan gelaai en na haar huis geneem waar sy hom kon versorg. In heel party van die briewe wat hy aan haar geskryf het maak hy melding van sy drankprobleem en deel hy haar mee hoe dit met hom in dié opsig gaan.[27] Hy het dikwels verskoning gemaak in sy briewe en haar gevra om hom te vergewe. Sarah het Langenhoven getrou bygestaan in sy stryd teen alkoholisme en het in een van haar briewe aan hom geskryf dat sy hom baie jammer kry omdat hy so moet stry. Sy het hom bemoedig deur hom daarvan te verseker dat sy oortuig is dat hy die stryd eindelik sou wen. Sy sê ook dat hy net moet vertrou op hulle meegevoel. Die 'hulle' na wie sy verwys is syself, Vroutjie en Engela.[28]

Teen 1927 was Langenhvoen se drankprobleem so erg dat Vroutjie saam met hom in die Kaap was vir die parlementsitting wat hy moes bywoon. Terug op Oudtshoorn was Vroutjie so desperaat dat sy aan Sarah geskryf het en gesê het dat sy moedeloos was en dat haar gesondheid ook daaronder gely het. Sy noem dat sy al dertig jaar met die probleem te make gehad het en dat dit elke keer net moeiliker was om Langenhoven weer op die been te kry. Hierdie was nie die enigste keer dat Vroutjie aan Sarah geskryf het nie. Sy het gereeld aan Sarah geskryf om haar vrese oor Langenhoven se toestand met haar te deel.[29] Dat Vroutjie aan Sarah geskryf het, wys dat Sarah deel van die

[26] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 628.
[27] Ibid., p. 631.
[28] Ibid., pp. 633-634.
[29] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 637-638.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

binnekring van die gesin was en in hulle probleme gedeel het. Sarah was dus 'n vertroueling vir die Langenhovens.

Daar het ongetwyfeld 'n hegte vriendskap tussen Sarah en Langenhoven bestaan. Die vraag wat 'n mens jouself afvra, is of daar nie 'n romantiese verhouding tussen die twee bestaan het nie. Die antwoord is nie so eenvoudig nie. Dit wil voorkom of Sarah se vriende die verhouding, tussen haar en Langenhoven, verskillend beleef het. Persone soos Alba Bouwer en Auderey Blignault was verbaas oor die oorgawe waarmee Sarah haar opdrag deur Langenhoven aan haar in sy testament gegee, uitgevoer het. Hulle het nog nie tevore gesien dat iemand soveel moeite gedoen het om 'n ander se nagedagtenis te laat voortleef nie. Volgens Elsa Joubert, 'n goeie vriendin van Sarah, was Sarah altyd teen buitehuwelikse verhoudings gekant. Elsa glo dat Sarah haar juis aan haar taak as administratrise oorgegee het omdat sy seksueel onvervuld gelaat is. Elsa Joubert was daarvan oortuig dat daar eerder 'n intellektuele verhouding tussen die twee bestaan het.[30]

Op 12 Januarie 1966 het 'n ou vriendin van Sarah, Isobel Chilton, aan haar 'n koerantberig vanuit Brittanje gestuur.[31] Die berig het in die *Church Times* verskyn. Die artikel verwys na die liefde wat daar tussen 'n monnik en non gedurende die middeleeue bestaan het. In die berig gee ene Gerald Vann 'n verklaring vir ongeoorloofde liefdes wat tussen persone ontstaan. Volgens Vann is dit vir kreatiewe mans wat werk van hoë waarde en belang lewer nodig om 'n vertroueling van die teenoorgestelde geslag te hê met wie hulle hulle werk kan deel. Hierdie vertroueling moet oor genoegsame kennis van die kunstenaar se werk beskik. Intellektuele gesprekke wat kritiese sensitiwiteit toon word deur die twee persone gedeel. Hierdie intellektuele verhouding het dan die potensiaal om tot iets diepers te ontwikkel. Dit sluit nie noodwendig 'n seksuele verhouding in nie, maar die moontlikheid bestaan wel. Kreatiwiteit is volgens Vann afhanklik van die verhouding, hoewel dit buite die konvensionele verhoudingswêreld bestaan. In die artikel word daar na nog so 'n paartjie verwys, 'n niggie en neef. Die neef was betrokke in die

[30] J.C. Kannemeyer, Langnehoven: 'n Lewe, p. 649.
[31] G. 202. KH. 2 (1): Brief van Isobel Chilton aan Sarah, 12 Januarie 1966.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eerste Wêreldoorlog en het sy gedagtes met sy niggie gedeel. Hulle verhouding en briewe is opgeneem in die boek, *The Making of a Mind.*[32] Isobel het die gedeelte wat die rede vir die verhoudings verduidelik, uitgelig. Dit skep die indruk dat sy daarvan bewus was dat daar 'n intieme verhouding tussen Sarah en Langenhoven bestaan het. Dit is waarskynlik veilig om af te lei dat sy geglo het dat 'n intellektuele verhouding tussen Sarah en Langenhoven bestaan het, een waarin Langenhoven sy kreatiwiteit met Sarah kon deel, aangesien sy sy kreatiwiteit volkome verstaan het. Daar kan min twyfel bestaan of Sarah vir Langenhoven op intellektuele vlak aangevul het. MER noem in haar outobiografie dat sy dink die twee tien-teen-een gebore is om uiteindelik saam te werk, siende dat beide intellektueel baie skerp was. Sy noem dat dit soms vir haar moeilik was om die twee te volg.[33]

Afgesien van die intellektuele band, wil dit uit briewe tussen Sarah en Langenhoven tog voorkom of daar sprake van 'n romantiese en moontlik fisiese verhouding kon wees. Sarah skryf op 11 Januarie 1926 aan Langenhoven dat sy sy briewe aan haar weer deurgegaan het. Dit wat met manuskripte, die pers en die politiek te doen het, het sy gehou en die res het sy vernietig. Sy sê dat dit haar seergemaak het, omdat al dié biewe vir haar 'n intieme skakeling met die verlede was en dat dit weerklank in haar verlede en hart gevind het. Volgens Kannemeyer wat die briewe noukeurig bestudeer het, kan die briewe nie na iets soos Langenhoven se drankprobleem verwys nie, want talle ander briewe wat daarna verwys het, het behoue gebly.[34]

Kannemeyer maak verder melding van terugkerende kodes wat in die briewe tussen Sarah en Langenhoven duidelik is. Hy praat nie van opmerkings soos "jou innige vriend/vriendin" nie. Kannemeyer verwys na opmerkings soos dié in 'n brief van 7 Julie 1924 deur Langenhoven: "My dear Sub", "alles is beuselagtig op die een ding nà wat ek nie kan skryf nie." In 'n ander brief op 13 November 1924 skryf hy weer: "Daar is nie 'n ding wat ek sou kan sê nie of ek moet stilbly daarvan." Hierdie tipe aanmerkings wys op iets persoonliks

[32] G. 202.KH. 2. (1a): Koerantknipsel; A pattern of love (Cape Times, 10/9/1965).
[33] M. E. Rothman: My beskeie deel, p. 276.
[34] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 650.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen Langenhoven en Sarah en dit wil tog voorkom of dit na 'n romatiese verhouding verwys.

Vroutjie se dogter, Joyce Pocock, praat in 1991 van die verhouding wat tussen Langenhoven en Sarah bestaan het. Sy sê: "Because he was always drunk... and then, that terrible business with Sarah Goldblatt". Marjorie Pocock, die kleindogter van Vroutjie, verwys na Langenhoven se seksuele onversadigbaarheid en verwys na sy indiskresie met Sarah in die kantore van *Het Zuid-Westen.*[35] 'n Mens vra jouself egter af hoe objektief hierdie afleidings is, aangesien die verhouding tussen Langenhoven en Vroutjie se kinders uit haar eerste huwelik nie altyd goed was nie.

Guillaume Brümmer, Langenhoven se kleinseun het self op 'n vroeë ouderdom van die verhouding te hore gekom. Brümmer was elf of twaalf toe sy ouma op 'n stadium by hulle aan huis in Beaufort-Wes gekuier het. Een aand laat het Vroutjie by haar dogter, Engela, se kamer ingekom om te gesels. Gedurende sy ouma se besoeke moes Guillaume in 'n bed in sy ma, Engela, se kamer slaap. Tydens die vroue se gesprek het hy wakker geword en na hulle lê en luister en gehoor dat die verhouding tussen Langenhoven en Sarah bespreek is. Dit was vir hom duidelik dat dit 'n onderwerp was wat reeds tevore onder bespreking was. Engela wou weet waarom haar moeder by Langenhoven gebly het. Vroutjie se antwoord was dat sy hom liefgehad het en dat dit nie genoeg rede was om hom te verlaat nie, selfs nie toe sy hom en Saartjie saam in die bed op Arbeidsgenot betrap het nie.

Ten spyte van die moontlikheid van 'n fisiese liefdesverhouding tussen Langenhoven en Sarah, was Langenhoven lief vir Vroutjie. Vir die twee vroue het hy verskillende tipes liefdes gekoester en hulle het verskillende behoeftes van Langenhoven aangespreek. Langenhoven sou nooit 'n egskeiding van Vroutjie vra nie. Vroutjie en Engela het sy daaglikse lewe met hom gedeel, terwyl Sarah sy werkslewe met hom gedeel het. Sy is deur hom toegelaat om na sy dood sy werk te administreer, dit wat hulle tydens sy lewe ook aan

[35] J C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 650-652.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mekaar verbind het.[36] Hoewel daar dus verskillende faktore genoem kan word wat daarop dui dat daar moontlik ook 'n fisiese verhouding tussen Langenhoven en Sarah bestaan het, is daar geen konkrete bewyse vir so 'n verhouding nie. Wat van belang is, is dat Langenhoven sy letterkudige nalatenskap in Sarah se hande oorgelaat het. Hierdie taak was basies al wat Sarah van haar "Chief" gehad het en dit is dalk die rede vir haar oordrewe besitlikheid oor sy letterkundige nalatenskap. Sarah se bekwaamheid en kennis van Langenhoven was waarskynlik wat die deurslaggewende faktor was vir Langenhoven om hierdie taak aan haar oor te dra.

### 3.2.1. LANGENHOVEN SE HOUDING TEENOOR JODE IN SUID-AFRIKA

In hoofstuk twee is die Suid-Afrikaanse houding teenoor die Joodse immigrante volledig bespreek. Uit die bespreking is dit duidelik dat alle Suid-Afrikaners nie teen die Jode, of Jode as individue gekant was nie. Langenhoven het in Oudtshoorn gewoon en dit is waar hy die meeste kontak met die Jode gehad het en dis die plek waar hy en Sarah se jarelange verbintenis begin het.

Baie Jode in Oudtshoorn was Afrikaans magtig, iets wat beslis hulle aansien in Langenhoven se oë sou laat styg het. Dit het ook gehelp om die verhouding met Sarah te verstewig. Jood en Afrikaanssprekende het oor die algemeen in dié dorp beter met mekaar oor die weg gekom as Jood en Engelsman. Oudtshoorn het tot 'n groot mate hulle vooruitgang aan die Joodse inwoners te danke gehad en Langenhoven was wys genoeg om nie hierdie punt te ontken nie. Dit moes daartoe bygedra het dat Langenhoven nie teenoor die Jode as individue 'n beswaar gehad het nie, maar wel teenoor die mag wat hulle in die land kon opbou. Daar was Afrikaners wat geglo het dat groeiende Joodse getalle vir die Afrikaner 'n gevaar kon inhou, maar of hierdie vrees gegrond was, is te betwyfel.

Op Oudtshoorn was dit duidelik dat die tweede generasie Jode meer lojaal teenoor die Unie was en hulleself op die gemeenskap in die breë toegespits

[36] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 652-653.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het en nie uitsluitlik op die Joodse gemeenskap en hulle kultuur nie. Sarah wat as jong kind na Suid-Afrika gekom het kan ook onder die tweede generasie Jode gesien word deurdat sy grotendeels hier grootgeword het. Dit verklaar waarskynlik waarom sy deur Langenhoven en ook ander Afrikaners aanvaar is, ten spyte van haar Joodsheid. Sy was binne Afrikaner kringe geassimileer en aanvaar. Sarah was in elkgeval in Oudtshoorn gedurende die tydperk wat Jode as inwoners van die dorp beskou is. Hulle was geïntegreer en is nie meer as immigrante beskou nie. Hierdie houding het tot die aanvaarding van dié vrou as lid van *Het Zuid-Westen* se redaksiespan bygedra.

Die feit dat Jode dikwels die Engelse goedgesind was, veral tydens die Wêreldoorloë en ook tydens die Anglo-Boereoorlog, het tot hulle ongewildheid bygedra. Sarah daarteenoor, kon wel Engels praat, maar haar verbintenis met Langenhoven het bewys dat sy nie 'n Britse ondersteuner was nie. Sy het Langenhoven in sy stryd vir Afrikaans ondersteun en ook sy politieke oortuiginge gedeel. Langenhoven het in 1921 as 'n senator by die politiek betrokke geraak as lid van die Nasionale Party. In 1924 het die party, wat 'n pakt met die Arbeidersparty gevorm het, die verkiesing gewen. Sarah het haar opgewondenheid oor die verwikkelinge met Langenhoven in 'n brief op 19 Junie 1924 gedeel. Hieruit kan afgelei word dat sy 'n kranige Nasionalis was. Sy vertel ook dat sy ene Michau, 'n SAP-ondersteuner, in die Koffiehuis raakgeloop het. Hy het sy misnoeë oor die NP oorwinning uitgespreek, terwyl Sarah nie haar tevredenheid kon onderdruk nie. Dit is dus duidelik wat haar politieke voorkeur was en dit was bekend onder diegene met wie sy kontak gehad het.[37] Sarah was dus 'n nasionalis ten spyte van die feit dat sy 'n Jood was en baie Jode in Suid-Afrika die SAP ondersteun het. Haar politieke oortuiging maak dit dus verstaanbaar dat Langenhoven wel met haar bevriend sou wees en met haar kon saamwerk.

Hierdie was 'n bewys dat sy nie die Engelse goedgesind was nie en daarom 'n aanvaarbare Jood binne Afrikaner geledere was. Met verloop van tyd het NP

[37] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 404.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die anti-semitiese houding begin veroordeel. Volgens Langenhoven se politieke oorweginge kon hy nie as anti-semities beskou word nie en kan 'n mens dus verstaan dat hy 'n Jood in sy diens kon neem en met haar 'n hegte vriendskap kon opbou.

Arthur Jacobson, 'n Joodse prokureur op die dorp het in 1914 besluit om na Cambridge te gaan. By sy afskeidspartytjie moes Langenhoven die heildronk instel. Uit die toespraak was dit duidelik dat Langenhoven Jacobson se vertrek nie as 'n verlies vir Suid-Afrika beskou het nie, aangesien Jacobson 'n Jood was. Die vertrek het wel vir Langenhoven persoonlike verlies ingehou omdat hy die man respekteer het.[38] Daar moet in gedagte gehou word dat Langenhoven nie teen Jode as persone gekant was nie, maar teen die probleem wat hy geglo het die immigrasie van Jode vir Suid-Afrika ingehou het.

'n Verdere bewys dat Langenhoven die Joodse gemeenskap goedgesind was, spruit uit sy deelname aan die stryd om die Joodse skool, die Hebrew School, op Oudtshoorn aan die gang te hou. Die afname in skoliere het beteken dat die skoolfooie baie verhoog het. Die voortbestaan van die skool het in die gedrang gekom. Joodse ouers het egter vir die voorbestaan gestry, want die ander skole in die omgewing was nie bereid om Hebreeus aan te bied nie. Die ouers het ook Langenhoven se hulp ingeroep, veral omdat hy op daardie stadium 'n NP Lid van die Provinsiale Raad was. Hy het namens die ouers met die administrateur, Frederick de Waal, gepraat om te verhoed dat die skool gesluit word. Laasgenoemde het hiertoe ingestem, mits die ouers self tekorte by die skool sou dra. Met die hulp van mense soos Langenhoven het die Jode dit dus reggekry om die voortbestaan van die skool vir 'n verdere dertig jaar te verseker. Hierdie is nie net 'n bewys dat Langenhoven die Jode goedgesind was nie, maar ook dat die gemeenskap hulle aanvaar het. Saam met Langenhoven het ene J. Edmeades, 'n nie-Jood, vir die voortbestaan van

[38] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die skool gestry. Edmeades was 'n boer en sekretaris van die Hebrew School Committee.[39]

Daar was 'n verskil in Langenhoven se persoonlike en politieke houding teenoor Jode. Selfs diegene wat in Oudtshoorn met hom omgegaan het, was bewus hiervan. Ene Bennie Gillis wat op gereelde basis met Langenhoven kontak gehad het, het opgemerk dat dit duidelik was dat Langenhoven vriende onder die Joodse gemeenskap gehad het. Dit wou voorkom of Langenhoven deur die Nasionale Party se opinie van Jode, en ook die algemene anti-Joodse houding in die land, negatief beïnvloed is teenoor die Jode. Hy het geglo dat Jode in die algemeen vir sekere van die Afrikaner se ekonomiese probleme verantwoordelik was.

In 1920 is 'n Werkloosheidskommissie na Oudtshoorn gestuur. Langenhoven het as leier van die Nasionale Party op die dorp die kommissie genader. Volgens hom was die dorp se ekonomiese probleme opgesluit in die oorinvestering in grond en die onderverdeling van plase tydens die vere-era. Met verloop van tyd kon mense nie meer hulle lenings en verbande betaal nie en is hulle grond deur maatskappye of landhere, wat nie persoonlik op die plase teenwoordig was nie, opgekoop. Langenhoven het geglo dat hierdie afwesigheid van eienaars voorkom moes word. Tydens die verkiesing van 1920 het Langenhoven weereens die Afrikaner se materiële agterstand en agteruitgang op die Jode blameer. Hy het selfs so ver gegaan as om Jode met parasiete te vergelyk wat op die Suid-Afrikaanse ekonomie teer en alle moontlike voordeel daaruit probeer put het.[40] Dit is duidelik dat hoewel Langenhoven polities die Jode dikwels die skuld gegee het vir die Afrikaner se agterstand, hy tog nie teruggestaan het om met Jode bevriend te raak, of om hulle te ondersteun nie, soos byvoorbeeld met die behoud van hulle skool op Oudtshoorn.

---

[39] D. Coetzee: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society (Ongepubliseerde MA-tesis, UCT, 2000), pp. 71-72.
[40] Ibid., pp. 93-94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Suid-Afrika is oor immigrasiewetgewing geredekawel. Jode was onder diegene wat 'n probleem vir die Suid-Afrikaanse regering geskep het. In die parlement is hierdie saak breedvoerig bespreek en Langenhoven het ook sy gevoel oor die saak uitgespreek. Weens sy ondervinding met Jode het Langenhoven opgemerk dat dit 'n hardwerkende groep mense is. Hulle was meer as bereid om Afrikaans te leer, en nie net vir besigheidsdoeleindes nie, maar omdat hulle volgens hom in die taal belanggestel het. Hy noem dat die Jode in Duitsland ook baie vir die Duitse taal gedoen het en dat Suid-Afrikaners dit ook in hulle land vir Afrikaans kon verwag. Sonder versuim het Langenhoven prontuit erken dat hy beslis die Wetsontwerp steun. Langenhoven wou die Joodse Senator Ginsberg verseker dat hy vir die wetgewing stem, omdat hy geglo het dat dit vir die land se beswil was. Dit was nodig om Suid-Afrika teen 'n sekere klas immigrant te beskerm omdat die land weens getalle nie meer alle immigrante onvoorwaardelik kon aanvaar nie.

Langenhoven noem dat die Jode wel by die Suid-Afrikaanse samelewing ingeskakel het, maar hulle het nie met die Suid-Afrikaanse bevolking geassimileer nie. Joodse getalle, veral vanuit Oos-Europa, het baie toegeneem en dit is juis in dié getalle, asook die feit dat hulle hulle rassuiwerheid behou het, waarin die gevaar van die Jode vir Suid-Afrika gelê het. As daar 'n te groot getal Jode in Suid-Afrika sou woon, sou dit beteken dat die Afrikaners dalk die beheer oor die land kon verloor. Langenhoven het dit as 'n kompliment aan die Jode bedoel, omdat hulle so getrou aan hulle ras gebly het, maar hy wou hê dat hulle moet weet dat dit juis die sterkpunt van hulle is wat vir hom as Afrikaner die gevaar inhou.[41]

Langenhoven moes beslis sy opmerkings in die parlement opreg bedoel het. Onder Langenhoven se beste vriende, volgens Kannemeyer in sy boek, was Marcus Hotz, een van die pioniers van die Joodse gemeenskap in Oudtshoorn.[42] Langenhoven het dus waarlik slegs 'n gevaar in Joodse getalle gesien.

[41] 202. Po. 4.3. (13): Afskrif van Langenhoven se toespraak in senaatsvergadering, 4/3/1930.
[42] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 625.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.2.2. SARAH AS JOOD IN SUID-AFRIKA

Uit briewe en ander skriftelike dokumente van Sarah is dit moeilik om af te lei wat haar godsdiensoortuiging was. Wat wel duidelik is, is dat sy haarself wel as Jood gesien het, hoewel sy nie dié geloof aktief uitgeleef het nie. Ofskoon Sarah baie nou by die Afrikaner en sy taal betrokke was deur die werk wat sy vir Langenhoven, en ook ná sy dood gedoen het, het sy haarself beslis nie van die Jode in Suid-Afrika gedistansieer nie. Met 'n vader wat so aktief by die Joodse kultuur betrokke was, is dit seker te verstane dat sy haarself nie volkome sou kon losmaak van die kultuur nie. Dit wil voorkom asof sy haarself as Afrikaanse, Joodse, Suid-Afrikaner beskou het. 'n Mondvol, maar uit dit wat sy gekryf het, is dit duidelik dat Sarah se kulturele- en rasse-beskouing kompleks was.

Daar kan met sekerheid gesê word dat Sarah haarself nie van die Suid-Afrikaanse Joodse gemeenskap losgemaak het nie. Sy is soms gevra om artikels vir Joodse tydskrifte te skryf en dit het sy ook gedoen. Sarah was verder ook van hulp met die opstel van 'n Afrikaanse sillabus vir Joodse skole in die Kaap. 'n Brief wat sy op 17 November 1939 ontvang het, verwys na die raamwerk wat Sarah vir so 'n sillabus opgestel het, asook die feit dat sy sekere voorstelle vir dié opleiding gedoen het.[43] Sarah het beslis nie onverskillig teenoor die Jode gestaan nie.

Op 21 Januarie 1937 het Sarah 'n brief van ene Mnr. Hotz ontvang waarin hy haar na behuising vir 'n familielid van hom gevra het.[44] Sarah het in antwoord aan hom geskryf en ook haar beskouing oor die verhouding wat tussen Jode en Afrikaners in Suid-Afrika op daardie stadium bestaan het, bespreek. Sarah spreek die Jode in die land aan as haar mense en bewys dat sy nie haar Joodsheid probeer ontken het nie. Sarah het daarvan melding gemaak dat sy deeglik bewus was van die skeiding wat tussen Jood en nie-Jood in Suid-Afrika ontwikkel het. Sy was egter nie blind vir die aandeel wat beide partye in die aangeleentheid gehad het nie. Volgens haar het die hooghartige houding van Jode teenoor nie-Joodse Afrikaners, wat deur baie Jode as

[43] G. 202. Pe. J. (4): Brief aan Sarah van bestuur van *Habonim* tydskrif, 17 November 1939.
[44] G. 202. Pe. J. (3): Brief van Hotz aan Sarah, (maand onduidelik) 1937.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

minderwaardig beskou is, die verwydering tussen die groepe aangevuur. In reaksie op die houding het die Afrikaners die Jode die koue skouer toegekeer. Die instelling van bepaalde wetgewing en die gebeure gedurende 1930 tot 1940 getuig van die negatiewe houding wat deur baie Afrikaners teenoor die Jode gekoester is. Sarah het gevoel dat dit vir die Jode nodig was om te besef dat Afrikaanssprekendes nie minderwaardig teenoor hulle staan nie.

Sarah noem dat sy gepoog het om haar huis so in te rig dat dit duidelik sou wees dat sy geen rassevoorkeure het nie. Wat interessant is, is dat sy noem dat haar moeder dit in haar afwesigheid moeilik gemaak het vir Sarah om die beeld van haar huis te laat voortbestaan. Dit wil voorkom of haar moeder dalk Sarah se nie-Joodse vriende ontuis en onwelkom laat voel het, sodat hulle nie Sarah se huis met vrymoedigheid sou gebruik nie. Dit was vir haar onmoontlik om haar oortuiging aan haar moeder oor te dra en dit wil tog lyk asof dit 'n geskil tussen dogter en moeder veroorsaak het. Volgens Sarah was sy 'n verlore siel vir haar moeder, hoewel haar moeder tog trots was op haar. Wat hulle Joodse konsepte betref sou moeder en dogter egter nooit ooreenstem nie.

Sarah het gevoel dat die Jode die probleme wat hulle in Suid-Afrika ervaar het vir hulleself op die hals gehaal het. Sy vra byvoorbeeld hoeveel Joodse kinders in Bloemfontein Afrikaans magtig was en dit gebruik het. Sy vra ook uit na die kinders se kennis oor Afrikaanse literatuur. Sarah het geweet dat die Joodse jeug Engels verkies het en volgens haar het hierdie houding grotendeels tot die Afrikaner se afkeur vir die Jood bygedra. Sarah het geglo dat indien die Jode in die land sou besluit om Suid-Afrikaners te wees en nie Engelsmanne nie, sou hulle verwelkom word.

Sarah het Hotz om verskoning gevra oor haar uitbarsting, maar sy kon haar wroeging nie teenoor haar Afrikaanse vriende uitspreek nie, omdat sy dan sou voel asof sy haar Joodse kultuurgroep in die rug steek. Sy kon dit egter ook nie met Jode deel nie, want hulle sou nie eens luister as sy in Afrikaans met hulle praat nie. Sarah was wel bereid om haar gedagtes met Hotz te deel, want in haar brief noem sy dat hulle saamstem oor die Joods, Afrikaner

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangeleentheid. Uit die brief kom dit voor of Hotz probeer om die verhouding tussen Jood en nie-Jood te verbeter, veral onder die jeug in Bloemfontein waar hy gewoon het. Sy eindig deur te sê dat sy Joods gebore is en dat sy vertroud is met die beginsels en voorskrifte van dié geloof en kultuur. Sy het haarself egter as Afrikaans in murg en been beskou en sy het empatie met die Afrikaners se ontevredenheid met die Jode en hulle hoogmoedigheid.[45]

Langenhoven het beslis nie met Sarah en haar religieuse oortuigings saamgestem nie. In 'n brief wat Sarah aan hom geskryf het, noem sy dat dit op daardie stadium nie so goed met haar gegaan het nie. Sy het die brief glo eerder geskryf om haarself te troos as wat sy dit as brief bedoel het. Sarah het in die brief prontuit erken dat sy nie aan die Hiernamaals geglo het nie. Sy was ook deeglik daarvan bewus dat Langenhoven haar van sy leidende God wou oortuig, maar uit die toon van die brief is dit duidelik dat sy nie oortuig is nie. Langenhoven se geloofsoortuiging het haar wel gehelp wanneer dit met haar baie sleg gegaan het, want sy het geglo dat daar 'n krag uit sy sekerheid na haar gestraal het wat haar deur die donkerste tye gehelp het.[46] Sarah is dus nie deur Langenhoven verwerp weens hulle verskillende geloofsoortuiginge nie, dit het hom eerder aangemoedig om haar tot sy eie oortuiging oor te haal.

In 'n artikel in *Die Huisgenoot* van 2 Desember 1932, skryf Sarah dat dit vir haar later gewoonte geword het om die Kersvakansie op Oudtshoorn by die Langenhovens deur te bring. Dieselfde het ook in 1931 gebeur, die laaste Kersfees wat Langenhoven met sy geliefdes sou deurbring. Sarah het oudergewoonte tydens dié vakansies ook haar verjaardaggeskenk ontvang en daardie jaar was geen uitsondering nie. Saam met die geskenk het sy ook die gebruiklike limiriek, wat vir haar geskryf is, ontvang. Die een wat daardie jaar deur haar 'Chief' en 'Vroutjie' aan haar gegee is, het sy in die artikel opgeneem.

*Die Geloofs-versoening*

*Die Ounooi en Chief het saamgeclub*

---

[45] G. 202. Pe. J. (3a): Sarah se brief aan Mnr. Hotz, g.d.

[46] 202. KG. (46): Brief van Sarah aan Langenhoven, g.d.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Om die Ou Jaar se odium uit te rub*
*Met 'n ghoi-presentjie aan Joods Saartjie*
*Op hierdie onJoodse Nuwejaartjie,*
*Want kosjer vir hulle is sy, die Sub.*[47]

Hierdie gedig getuig van die aanvaarding wat Sarah van die Langenhovens gekry het. Nie alleen van Langenhoven nie, maar ook van sy vrou en gesin, want sy was altyd welkom, Jood of nie.

In 'n dagboek het Sarah aantekeninge gemaak oor bepaalde sake waaraan sy gedink het, of gebeure op 'n bepaalde dag. Hierdie boek is egter nie volledig nie, daar is slegs enkele inskrywings. Op 6 Januarie 1970 is daar so 'n inskrywing en sy skryf oor wat sy eendag by haar begrafnis gedoen wil hê. Sy skryf hieroor na aanleiding van ene P. Jordaan wat veras is. Sy as is na die tyd in sy tuin uitgestrooi. Sarah noem dat sy aan geen Joodse gemeente behoort nie en dat sy ook nie wil nie. "Gaan my nie laat dissiplineer deur godsdienstige wette nie." Sy het ook aan geen Christelike kerk behoort nie.

Volgens haar is die filosofie van die Christelike kerk aanneemlik, maar nie die Christelike leerstellinge nie. Sy wil nie 'n keuse tussen die verskillende dogma's maak nie en vind dit in elkgeval redelik godslasterlik. Daar sal dus geen vorm van 'n kerkdiens vir haar begrafnis wees nie. Iemand moet slegs die opdrag kry om haar te laat veras en die as moet of net daar waar sy veras is bly, of oor Arbeidsgenot gestrooi word. Sy weet egter nie wie sy kan vra om die taak uit te voer nie, want haar broer Israel sal oor 'n paar maande na Israel vertrek. Verder noem sy Karen, maar die persoon ken nie haar Afrikaner lewe nie en vir Sarah is dit die enigste lewe wat sy geken het en die enigste wat vir haar van belang was.[48]

Sarah se gebrek aan 'n spesifieke geloofsoortuiging moes dit moeilik gemaak het om op dié terrein met haar 'n aanknopingspunt te vind. Dit wil tog voorkom of sy met verloop van tyd sinnigheid in die Christelike geloof gevind het, maar

---

[47] G. 202. L. 1. A. 2 (6): Afskrif van Sarah se artikel vir *Die Huisgenoot*, 2 Desember 1932.
[48] G. 202. L. 1. NB. 10: Afskrifte van aantekeninge in ou dagboeke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit nie uitgeleef het nie. Hoewel Langenhoven probeer het om haar tot die Christelike geloof oor te haal, het hy nooit die vriendskap verbreek op grond van hierdie verskil nie.

### 3.3.1. LANGENHOVEN EN SY BESKOUING VAN DIE VROU

In toesprake wat Sarah geskryf het, kan afgelei word wat haar houding ten opsigte van die vrou was. Een van die toesprake was die wat sy geskryf het vir 'n Moeder-en Vrou-dag van die A.T.K.V., wat op 19 Mei 1953 in Kaapstad sou plaasvind. In die toespraak het Sarah uittreksels uit Langenhoven se werke geneem om die vrou in verskillende hoedanighede te beskryf. Die eerste uittreksel wat sy gebruik het, het gekom uit *Ons Weg deur die Wêreld,* waaruit sy die gedig *Die Vrou* geneem het. In hierdie gedig het Langenhoven die vrou binne die ruimte van haar huis beskryf, die pligte wat sy teenoor haar man en gesin moes nakom, bv. huis skoonmaak, kosmaak en die versorging van die kinders. Haar grootste plig is egter om haar man in alles wat hy doen, by te staan. Sy moet voorspoed en teenspoed met hom deel en help om sy beeld na buite altyd goed te laat lyk. Die vrou moet dus haar man so onderskraag dat hy suksesvol sal wees. Hierdie taak moet sy verrig vir haar land en haar volk.

*Dit alles, o vrou, is jou plig en die pand*
*Aan jou toevertrou vir die heil van jou land.*
*En om laaste die hoogste en duurste te noem:*
*Vir die heil van jou volk, hou jou eer en jou roem.*

Sarah haal ook aan uit Langenhoven se *Ons Heldinne* wat gepubliseer is in *Aan Stille Waters II* aan. Hierin beskryf hy alle vroue as heldinne. Volgens hom verrig hulle miskien nie heldedade soos wat 'n mens jou voorstel 'n heldedaad is nie, maar hulle heldedade lê in hulle alledaagse take. Die vroue wat byvoorbeeld siek familielede dag vir dag versorg sonder dat enige iemand daarop ag slaan. Dié take word as vanselfsprekend aanvaar. Vroue voer hierdie take uit sonder groot weerstand en hierin, volgens Langenhoven, lê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die heldedaad van die vrou, die onbaatsugtige uitvoer van haar pligte om liefde teenoor ander te leef.[49]

Langenhoven was nie die enigste om die rol van die vrou as dienend te beskou nie. In 1919 verskyn die eerste vrouetydskrif, *Die Boerevrou*. In hierdie tydskrif is die rol van die vrou verbind met die etniese kwessies van die Afrikaner. Vroue is in die tydskrif aangemoedig om hulleself op te lei sodat hulle hulle kinders kon oplei, tot voordeel van die volk. Ook in *Die Boerevrou* is die plig van die vrou as tuisteskepper en moeder beklemtoon. Mabel Malherbe, redaktrise van *Die Boerevrou,* ook kranige kampvegter vir vrouestemreg, het nooit laasgenoemde saak in die tydskrif bespreek nie. In die publiek, as kamvegter vir vrouestemreg, het Malherbe hierdie reg beskou as 'n verlengstuk van die vrou se rol as 'n *volksmoeder* (die moeder wat haar kind as Afrikaner opvoed), maar nooit as 'n reg wat los van dié rol gestaan het nie.[50] Die hoofstroom in Afrikaner geledere het geglo in die vrou, eerstens as moeder en vrou vir haar man.

Langenhoven het tien-teen-een juis hierdie eienskappe in Sarah raakgesien. Sarah het hom dikwels gehelp wanneer hy haar nodig gehad het, byvoorbeeld om na sy werk om te sien, of wanneer hy siek was. Sarah was ook bereid om vir Langenhoven se geliefde volk te werk. Sy het hom in sy taalstryd bygestaan en gehelp met die opvoeding van sy volk deur haar werk as onderwyseres en die onderrig van Afrikaans. Hoewel Sarah nie haar eie gesin gehad het nie, kon Langenhoven in haar die beeld wat hy van die vrou gehad het, sien. In die onderstaande gedeelte is dit duidelik dat Sarah se idee van die rol van die vrou ook met Langenhoven se beskouiing van die vrou se rol om die volk te dien, ooreenstem.

In Langenhoven se weeklikse artikel vir *Die Burger*, *Aan Stille Waters*, skryf hy op 10 Mei 1926 oor vroue en hulle stryd vir stemreg. Volgens

[49] G. 202. L. 1. T. E. (1): Toespraak geskryf vir M. Nortier deur Sarah, 19 Mei 1953.
[50] M. du Toit: Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939 (Ongepubliseerde D-tesis, US, 1996) pp. 203-207.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Langenhoven het die vroue in Suid-Afrika ook wakker geskrik en was hulle besig om verskillende organisasies en groepe te stig. Vroue het vergaderings en konferensies gehou, koerantartikels geskryf en propaganda vir hulle saak gemaak. Volgens die artikel het hulle 'n lawaai opgeskop. Wat Langenhoven betref het, het vroue hulle met alles behalwe die beskerming van hulle eie belange besig gehou. "Ek vrees die ridderlikheid van die man teenoor die swakkere vrou is besig om geknak te word deur haar onverstandige optrek met 'n eis van burgerlike gelykheid."[51] Uit die artikel kom dit voor of Langenhoven geglo het dat vroue hulle met verkeerde belange besig gehou het en dat hulle nie raakgesien het wat eintlik van belang vir hulle was nie. Stemreg was volgens hom nie veronderstel om 'n eerste prioriteit vir vroue te wees nie.

Op 19 Mei 1926 skryf Langenhoven weer in *Aan Stille Waters* oor die vrou. Teen die einde van sy artikel noem hy dat sy artikel van die vorige week aanstoot gegee het. Hy sê dat hy te haastig moes skryf en homself swak uitgedruk het en daarom het mense hom verkeerd verstaan. Hy noem dat hy weet dat die vroue van Suid-Afrika hulle nog nie aan sulke "openbare luidrugtigheid" skuldig gemaak het soos vroue in die buiteland nie. Langenhoven het om verskoning gevra oor die oorhaastige skrywe. Sy enigste doelwit was om die vrou se eiendomsreg te beskerm, en hy was bitter omdat hy die enigste een was wat 'n poging aangewend het.

Langenhoven skryf egter in dié artikel oor die wêreldwye toename in skeisyfers. Hy kyk na 'n artikel van ene R. le Clarc Phillips wat in 'n Amerikaanse tydskrif, die *Century,* verskyn het. Langenhoven skryf dat, volgens Phillips, vroue in die verlede hulle huwelike as hulle werk beskou het omdat dit die manier was waarop hulle hulle voortbestaan kon verseker. Vroue was dus afhanklik van mans en die huwelik was dus 'n materiële ooreenkoms. Wat Langenhoven betref het die situasie teen 1926 omgekeer. Huwelikskontrakte is tussen mans en vroue opgestel en vroue was nie meer finansieël van mans afhanklik nie. Volgens hom het die standaard van

---

[51] C.J. Langenhoven: Aan stille waters: Ons Hoed (Die Burger, 1926).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huwelike afgeneem. Hy wou aan vroue sê dat hulle moet glo dat die mans wat nie hulle stryd vir politieke regte gesteun het nie, nie noodwendig vrouehaters was nie. Volgens hom het hierdie mans die implikasie van die veranderde samelewing in gedagte gehou en 'n besluit geneem wat hulle geglo het ook vir vroue die beste was.[52]

MER, een van Langenhoven se vriendinne het in 'n brief aan hom geskryf en op sy twee artikels in *Die Burger* gereageer. MER het Langenhoven se artikel, "Die Hoed" negatief ervaar en het gevind dat sy hom dalk beter verstaan het na sy artikel "Die Tugmeesteres". Sy stem nie met hom of Phillips se redenasies saam nie, maar vind wel die artikel wat hy aanhaal interessant. MER sê ook dat sy weet dat Langenhoven hulle (MER was betrokke by die NP se vroueparty) teenstaan en dat hoewel sy nie van sy opinie hou nie, sy die artikel kan waardeer omdat dit sy eerlike opinie weergee. Sy vind dat sy artikels tekens van minagting teenoor vroue toon, deurdat hy vroue aanval wat op organisasies dien, veral organisasies ten gunste van vrouestemreg. Sy bedank hom egter teen die einde vir sy tweede artikel waarin hy verskoning maak vir die vorige een.[53]

Langenhoven het ook 'n stuk in een van sy notaboeke oor die stemreg vir vroue en bruinmense geskryf. Teen die einde van die stuk kom hy tot die gevolgtrekking dat dit die vrou se taak is om na kinders, ou mense en siekes om te sien. Dit is 'n taak wat sy met liefde en deernis kan doen, 'n taak wat deur geen ander klas uitgevoer kan word met dieselfde bekwaamheid nie. Vroue moet dus nie hulle opgelegde taak in die lewe miskyk deur by die take wat mans opgelê is te wil betrokke raak nie. Hy verwys daarna dat dit Europese mans se taak is om na die politiek om te sien. Elke groep, Europese mans, vroue en bruinmense het elk 'n besonder taak waarvoor hulle op aarde is en dit is waarmee jy jou moet besig hou.[54]

[52] C.J. Langenhoven: Aan stille waters: Die Tugmeesteres (Die Burger, 1926).
[53] 202. K. R. 14 (3): Brief van MER aan Langenhoven, 22 Mei 1926.
[54] 202. L. 1. A. 2.3. B. 1. (10):'n Euklidiaanse Redenasie, geskryf deur Langenhoven, g.d.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Langenhoven het 'n besliste idee gehad van wat die rol van die vrou behoort te wees. Sarah het aan Langenhoven se idee van 'n vrou voldoen.

### 3.3.2. SARAH EN HAAR SIENING OOR DIE ROL EN POSISIE VAN DIE VROU IN SUID-AFRIKA

In die vorige afdeling is dit duidelik gemaak dat die vrou nie beskou is as iemand wat 'n leidende rol in die gemeenskap moes speel nie. Oor die algemeen is geglo dat vroue nie hiertoe in staat was nie. Dit is egter duidelik dat daar verskeie individue was wat nie aan die norm getrou was nie. Sarah is een van die vroue wat haarself nie aan bande laat lê het deur die samelewing se beskouiinge nie. As daar gekyk word na haar vriendekring en die persone met wie sy in kontak was, is dit duidelik dat sy nie 'n 'vrou op haar plek' was nie.

In die eerste plek het Sarah in die stad gewoon. Vir stedelinge was vroue met 'n voltydse beroep meer algemeen en aanvaarbaar. Sarah was ook nie getroud nie en het nie kinders gehad nie. Daar was dus niemand vir wie sy verantwoordelik was nie. Sy was vry om te doen soos sy wou. Hierdie vryheid het dit vir haar moontlik gemaak om haar lewe lank te werk. Baie van haar tyd het sy aan haar werk, en natuurlik ook Langenhoven s'n spandeer.

Dit is moeilik om te sê presies wat haar beskouing oor die rol en plek van die vrou binne die Suid-Afrikaanse samelewing was. 'n Paar van die stukke wat Sarah vir byvoorbeeld radioprogramme, toesprake of tydskrifte geskryf het, dui op haar beskouing. Op 29 April 1963 is 'n praatjie deur Sarah by die SAUK vir hulle vroueprogram opgeneem. Haar praatjie het gehandel oor die vraag waar 'n kind opgevoed word. Sy het begin met die bewering van 'n sielkundige dat indien jy 'n man opvoed, is dit 'n individu wat opgevoed word, maar sodra jy 'n vrou opvoed, is dit 'n gesin wat opgevoed word. Sarah se uitgangspunt was dat 'n kind se basiese opvoeding reeds tuis plaasvind, voordat hy skool toe gaan om dáár te leer lees, skryf en wiskunde doen. Sarah het onderskeid getref tussen kennis en opvoeding. Volgens haar is die bevoegdheid om te kan lees en skryf wat 'n kind op skool leer, slegs die hulpmiddels om met verloop van tyd kennis op te bou. 'n Liefde vir lees en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dus gepaardgaande weetgierigheid word tuis vir die kind geleer. Hierdie liefde vir lees was volgens Sarah opvoeding. Volgens haar was dit wat moeders tuis aan hulle kinders moes leer, want dit word nie in skole oorgedra nie.

Sarah het besef dat mense verskillende betekenisse aan die woord opvoeding heg en het daarom uitgebrei oor wat sy bedoel het met dié term. Sy het geglo die kind se opvoeding bepaal tot watter mate hulle die kennis wat hulle op skool leer kan gebruik in nuwe situasies waarmee hulle gekonfronteer word. Opvoeding, volgens haar, bepaal tot watter mate die kind sou weet wat reg en verkeerd is. Sosiale vaardighede word ook tuis aangeleer. Dit is vir dié opvoeding wat die moeder van kardinale belang is. Indien 'n vrou opgevoed is, sal sy 'n gesin kan opvoed, en indien gesinne opgevoed is, sal die samelewing uit opgevoede mense bestaan. Vir Sarah is die opvoedingstaak van moeders dus uiters belangrik vir die land en sy bevolking en daarom het sy geglo moet dames se opvoeding nie afgeskeep word nie.[55]

Sarah was aan die stadslewe gewoond. Sy het haarself opgelei en kon vir haarself sorg. In die stede het vroue meer geleenthede gehad en Sarah het hiervan gebruik gemaak. Sodoende het sy by die stryd van die Afrikaanse taal betrokke geraak. Siende dat vroue na die Anglo-Boereoorlog makliker by die stryd aanvaar is, is dit te verstane dat sy ook tot die stryd toegelaat is en ook binne die kringe wat hulleself op die stryd toegespits het, aanvaar is. Sarah het dus 'n mark betree wat haar goedgesind sou wees.

As daar gekyk word na die vroue met wie Sarah bevriend was, is dit duidelik dat sy beslis nie daarvan oortuig was dat vroue nie daartoe in staat was om 'n prominente bydrae tot die samelewing en die Afrikaner kultuur te kon lewer nie. Wanneer daar na Sarah se versameling gekyk word, wys dit dat mense soos MER en Alba Bouwer onder haar vriende getel het. Hierdie vroue was almal prominente figure binne die Suid-Afrikaanse samelewing, veral onder Afrikaner geledere. Dit was vroue wat nie geskroom het om te doen waarin

[55] G. 202. Ku. 6G. (10): Afskrif van praatjie vir SAUK vroueprogram deur Sarah, 1 Mei 1963.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle geglo het bloot omdat hulle vroue was nie. Hulle was bereid om hulle nekke uit te steek en die mans wêreld te betree. Dit was dikwels as joernaliste, maar hulle word tog vandag gereken saam met name soos Langenhoven.

Wanneer 'n mens M.E.R., een van Sarah se goeie vriendinne, se biografie, *M.E.R. My beskeie deel,* lees, kom jy gou agter dat sy 'n mens was wat 'n lus vir die lewe gehad het en bereid was om geleenthede wat haar tebeurt geval het, aan te gryp. So het dit dan ook gekom dat M.E.R. in 1893 na Stellenbosch gegaan het om haar opleiding voort te sit. Die 'South African College', soos die Kaapstadse Universiteit op daardie stadium bekend gestaan het, was die eerste om jong vroue toe te laat om daar te studeer. Hierna het Stellenbosch gevolg en sy sou die vierde vrou wees om by die instansie te studeer. Vanaf haar tweede jaar was MER die enigste vrou in haar klas, aangesien die ander vrou wat saam met haar begin studeer het na 'n jaar gestaak het.

Gedurende hierdie tyd was dit nog nie algemeen vir vrouens om hulleself so ver op te lei nie. Daar was ook verskillende opinies oor die geleerdheid van vrouens. Dit was duidelik uit 'n gesprek wat MER en haar moeder met 'n winkeleienaar op Swellendam gehad het. Die winkelier, meneer George Ravenscroft het opgemerk: "Ta'Annie laat seker jou kinders leer sodat hulle mans kan kry." MER se moeder se reaksie hierop was: "Ek laat hulle leer, om sonder mans klaar te kan kom as hulle wil."[56] Met hierdie houding van haar moeder, kon 'n mens verwag dat MER beslis nie sou toelaat dat die blote feit dat sy 'n vrou was haar sou terughou nie. Dis is ook duidelik dat almal nie noodwendig te vinde was vir dié nuwe idees wat deur sommige dames gekoester is nie.

MER was ook een van die vroue wat vrouestemreg sterk ondersteun het. Wanneer jy dink aan vroue wat by die tipe aksies betrokke is, dink jy onwillekeurig aan feminisme, maar jy dink ook dat dit vroue is wat reeds

[56] M. E. Rothman: My beskeie deel, pp. 72-73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geëmansipeer is, nie noodwendig in die praktyk nie, maar wel volgens hulle denke. In Suid-Afirka het die 'Women's Enfranchisement League', een van die eerste organisasies wat hulle vir vrouestemreg beywer het, hoofsaaklik uit Engelssprekende dames bestaan. Een van die redes hiervoor is waarskynlik omdat die organisasie 'n uitvloesel was van soortgelyke organisasies in Engeland. Dié Engelsheid was een van die mees bepalende redes waarom Afrikaner vroue nie tot die groepe toegetree het nie. Vroue het hulleself op daardie stadium reeds met die taalstryd en die armblanke vraagstuk in die land besig gehou. [57]

Sarah was nie betrokke by die vrouestemreg organisasies nie, maar was wel by die taalstryd betrokke en het nie teruggestaan vir die manswêreld nie. Sy was dus in haar eie denke geëmansipeer.

### 3.4. SARAH EN HAAR OPVOEDING

In die eerste hoofstuk is daar reeds na Sarah se lewe as kind gekyk. Sy het wel as Jood saam met haar ouers in Suid-Afrika kom woon, maar sy was nog baie jonk, ongeveer sewe jaar, toe hulle na die Kaap verhuis het. Sarah het dus die grootste deel van haar jeug in Suid-Afrika gewoon en hier opgegroei. Vir Sarah was Suid-Afrika die eerste en enigste land wat sy haar eie kon noem, want Brittanje was nie die Goldblatts se eindbestemming nie.

Selfs binne haar huisgesin is Sarah aangemoedig om meer van Suid-Afrika te wete te kom. Op 4 Augustus 1959 het Sarah 'n praatjie vir die vrouerubriek by die S.A.U.K. gelewer. Die praatjie handel oor die boek wat haar lewe die meeste geraak het. Sy noem nie 'n enkele boek nie, maar uit die praatjie is dit duidelik dat Sarah in haar huis reeds 'n aanvoeling vir die Afrikaner geleer is. Vir haar is dit moeilik om een boek te kies want sy het geglo 'n mens kom met verloop van tyd met 'n klomp verskillende boeke in kontak wat elk 'n bepaalde invloed en verandering in jou lewe tot gevolg het. Uiteindelik is al hierdie ervaringe deel van wie jy is en hoe jy gevorm word. Sarah kon dus nie sê tot

[57] M. E. Rothman: My beskeie deel, pp. 226-227.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

watter mate elke boek wat sy al gelees het, of ervaringe wat sy gehad het, bygedra het tot wie sy uiteindelik was nie.

Sy vertel van 'n ervaring wat sy as dogter gehad het. Sarah was verantwoordelik vir die skryf van haar vader se briewe omdat hulle op daardie stadium nog nie 'n tikmasjien besit het nie. Haar handskrif het egter veel te wense oorgelaat en haar vader het besluit om iets daaromtrent te doen. Sy oplossing was om Sarah elke aand nadat sy haar skoolwerk afgehandel het, 'n aantal bladsye uit 'n boek, Theal se *History of South Africa,* te laat uitskryf. Woedend het sy die opdrag uitgevoer, maar natuurlik nie aandag gegee aan wat sy geskryf het nie. Sarah wou net klaarkry sodat sy verder aan haar jeugroman kon lees. Met verloop van tyd het haar skrif verbeter en sy het begin om te lees wat sy skryf. Nadat haar vader tevrede was met haar werk, was sy egter geïnteresseerd in die boek en het dit met haar vader begin bespreek. Hy het met kaarte, sketse en prente haar vrae probeer antwoord.

By Sarah is dus vroeg reeds 'n belangstelling in Suid-Afrika gekweek. Teen die tyd wat sy saam met Langenhoven begin werk het, het sy reeds ander werke oor Suid-Afrika se geskiedenis soos Preller se *Piet Retief* en boeke van Jan Cilliers en Eugene Marais, gelees. Sy het verder ook opgemerk: “Ek was vrugbare aarde vir die doelgerigte propagandis, Langenhoven, met sy onbedaarlike drang na erkenning van volk en taal, van die taal vir sy volk”. Haar leesgierigheid het egter nie hier gestop nie. Sarah se vader het haar aangemoedig om al meer en wyer te lees. Dit is dus te verstane dat die weetgierige Sarah vir Langenhoven op intellektuele gebied kon stimuleer.[58]

## 3.5. GEVOLGTREKKING

Langenhoven en Sarah se ontmoeting het plaasgevind weens Sarah se vermoë en wil om by ‘n koerant te werk. As kind is Sarah aan die koerantwese, sowel as ‘n taalstryd blootgestel. Sarah het gemaklik by Langenhoven en *Het Zuid-Westen* ingeskakel en spoedig het die twee mense by mekaar aanklank gevind.

[58] G. 202. Ku. 6G. (7):Praatjie vir SAUK vrouerubriek, 1 Mei 1963.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoewel Sarah van Oos-Europese, Joodse oorsprong was, was sy weetgierig en taalvaardig, twee eienskappe wat voorkom het dat sy apaties teenoor die Afrikaner en sy kultuur gestaan het. Haar gesin het alles in hulle vermoë gedoen om by die Kaapkolonie se heersende kultuur in te skakel en ook Sarah se skoling het inskakeling vergemaklik. Hierdie faktore het bygedra tot die vorming van 'n hegte vriendskap tussen Sarah en Langenhoven. Langenhoven het selfs geglo dat hy van Sarah 'n Afrikaner gemaak het. As onderwyseres het Sarah voortgegaan om Afrikaans aan kinders te leer. Sy het dus die passie wat sy vir Afrikaans onder leiding van Langenhoven geleer het verder uitgedra, selfs nadat sy Oudtshoorn verlaat het.

Sarah het voortgegaan om Langenhoven met sy werk en stryd vir Afrikaans by te staan so ver as wat dit vir haar moonlik was. Langenhoven het dus geleer om Sarah nie alleen in 'n vriendskapsverhouding te vertrou nie, maar ook met sy werk. Spoedig het Sarah ook Langenhoven se sensitiwiteit en afkeur aan kritici leer ken en verstaan en hom in die idée gesteun wat Sarah as 'n goeie kandidaat vir administratrise bewys het. Daar bestaan ook die moontlikheid van 'n romantiese verhouding tussen die twee mense wat haar opgelegde taak verstaanbaar maak. Konkrete bewyse van so 'n verhouding is egter nog nie blootgelê nie.

Beide Langenhoven en Sarah se siening van die Jode in Suid-Afrika was van so 'n aard dat 'n goeie verstandhouding tussen hulle moontlik gemaak is. Wat die rol van die vrou betref kon die twee mekaar ook in hulle opinies vind. Hierdie twee aspekte het dus die verhouding vergemaklik, eerder as wat dit stremmend daarop ingewerk het. Die feit dat Sarah nie gebind was deur 'n gesin van haar eie nie, het dit vir haar moontlik gemaak om genoeg tyd aan Langenhoven en sy werk af te staan. Sy het ook genoeg tyd tot haar beskikking gehad om 'n positiewe bydra tot die Afrikaanse taal te lewer.

Hoewel die idee bestaan dat Sarah haar slegs met Langenhoven se werk besig gehou het, is dit 'n wanindruk. Sarah het baie gedoen vir die Afrikaner se taal en kultuur. In die volgende hoofstuk word daar spesifiek na Sarah se bydraes op hierdie terreine gekyk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 4
# SARAH GOLDBLATT SE BYDRAE TOT AFRIKAANS

Laetitia Brümmer, vrou van Guillaume Brümmer, Langenhoven se kleinseun, het Sarah namens haar man versoek om besonderhede oor haar loopbaan neer te skryf. Aanvanklik wou Sarah dit nie doen nie en het die idee haar geamuseer. Later van tyd het sy tog oor die werk wat sy oor die jare gedoen het, geskryf. Opvallend van haar opsomming is dat sy nie die bydra wat sy op onderwysgebied gelewer het van groot belang beskou het nie, maar wel haar kennis oor die diens wat Langenhoven aan die Afrikanervolk gelewer het.[1] Hoewel in 'n vorige hoofstuk verwys is na Sarah se kunstenaarstemperament, het sy nooit 'n eie skrywersloopbaan gevolg nie.

In 1920 het Sarah drie digbundels die lig laat sien, genaamd *Liefdes kransie* en *Wolf en Jakkals versies* in twee dele.[2] Eersgenoemde het sy spesifiek vir skoolgebruik geskryf. Die reaksie wat sy op dié bundel gekry het, was egter nie baie positief nie, so ook nie die resensie wat in *Die Burger* verskyn het nie. Langenhoven het in 'n brief aan Sarah geskryf dat hy glo die resensie onregverdig en opsetlik kwaadwillig was. Sarah het verder nie van haar eie werk die lig laat sien nie.[3] Dit wil voorkom of Sarah weens haar eie mislukking haarself aan Langenhoven se werk oorgegee het en in sy kreatiewe skadu geleef het. Sy het geen verdere skeppende werk gelewer waarvolgens haar werk geoordeel kan word nie, veral omdat die skryfwerk wat sy gedoen het saam met ander was, of met Langenhoven verband gehou het. Hoewel die werk wat Sarah deur die jare gedoen het onlosmaakbaar van Langenhoven staan, moet 'n mens nooit haar persoonlike bydra tot die Afrikaanse taal en kultuur uit die oog verloor nie.

Dit is nodig om te kyk na al die werk wat sy vir die bevordering van Afrikaans gedoen het. 'n In diepte studie van Sarah se werk en lewe word nie hier gedoen nie, want 'n oorsig is voldoende omdat daar slegs vasgestel moet

---

[1] G. 202. Pe. B. (5): Brief van Sarah aan 'n vriendin, Elsa Joubert, 26 Mei 1973.
[2] C.J Beyers (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V, p. 313.
[3] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 24 -25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word watter bydrae Sarah vir die Afrikaner gelewer het. 'n Kyk na Sarah en dit wat haar gemotiveer het sal tot 'n mate in die hoofstuk ontbloot word. Hierdie hoofstuk sal soos die vorige nie kronologies aangebied word nie, daar word eerder volgens bepaalde temas na Sarah se werk gekyk.

Dit wil voorkom asof Langenhoven as katalisator in Sarah se lewe gedien het. Saam met Langenhoven het Sarah gewerk vir die Afrikaanse taal, 'n werk wat sy tot haar dood voortgesit het. By Langenenhoven is haar liefde vir die Afrikaner en sy taal versterk en sy het alles in haar vermoë gedoen om die taal te bevorder. Sarah was nie bloot 'n onderwyseres wat Afrikaans aan haar leerlinge oorgedra het nie, maar het by verskillende aktiwiteite betrokke geraak waardeur sy Afrikaans aan mense geleer het. Voorbeelde van die projekte waaraan sy deelgeneem het, of wat deur haar geloods is, word bespreek.

## 4.1. SARAH AS ONDERWYSERES

Nadat *Het Zuid-Westen* gesluit is, het Sarah by Leeuwenblad in die George distrik skoolgehou, voordat sy weer na die Kaap teruggekeer het. Volgens haar het sy as onderwyseres die besluit van 1914, waardeur die gebruik van Afrikaans in skole bevestig is, in skole geïmplimenteer. Sarah het eers by *Die Burger* en later Sanlam gewerk, voordat sy in die Kaap as onderwyseres werksaam was. Dit is dus verstaanbaar dat sy as laerskoolonderwyseres gewerk het met die idee om 'n bydra te lewer tot die instelling van moedertaalonderwys vir die Afrikanerkind. Sarah skryf dat sy by Tokai in 'n skool gewerk het wat die eerste was om Afrikaans in te stel. Na Tokai het Sarah ook by Zwaanswyk en die Opleidingskollege van Kaapstad klas gegee. Sy het ook by 'n paar ander laerskole gewerk en later ook vir agt jaar Afrikaans in twee hoërskole aangebied. Vir 'n paar jaar was sy as dosent in Afrikaans by die Opleidingskollege vir kleuterskoolonderwysers in Claremont.[4] Sarah het haar taak as onderwyser met oorgawe uitgevoer en dit is deur haar kollegas raakgesien, want in 1928 is sy as lid van die hoofbestuur van die Kaapstadtak van die SAOU verkies.[5] Sarah het dus haar onderwys gebruik

[4] G. 202. Pe. B. (5): Brief van Sarah aan haar vriendin Elsa Joubert, 26 Mei 1973.
[5] G. 202. Pe. D. 2. (19): Getuigskrif van J.F. Burger vir Sarah, 10 Augustus 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om Afrikaans in skole te vestig en uit te bou. Dit was egter nie die enigste manier waarop dié vrou Afrikaans bevorder het nie. Buite skoolverband het sy ook haar deel vir Afrikaans gedoen.

## 4.2. RADIOLESSE

Sarah was nie alleen 'n onderwyseres in die klaskamer nie, maar het ook radiolesse aangebied tydens 1960 en 1961. Sarah het verskillende briewe gedurende die uitsaaitydperk ontvang wat as bewys dien van die waarde wat hierdie lesse vir haar luisteraars gehad het.

Op 23 April 1960 het sy 'n brief van 'n onderwyser, D. G. Truscott, ontvang. Truscott vra dat Sarah se program beter bemark moes word, sodat meer leerlinge aangemoedig sou word om daarna te luister. Truscott kon nie uitvind waarom leerlinge nie na die program geluister het nie, maar kon wel uit ondervinding noem dat nuus en verhale voorkeur bo skool- en huiswerk geniet. Truscott het verder voorgestel dat dat die program daagliks uitgesaai moes word en dat Sarah gesprekke met leerlinge moes voer, sodat die Engelssprekende kinders kon hoor hoe Afrikaans in die gespreksituasie gebruik word. Dit sou ook die kinders help met hulle uitspraak van Afrikaans, sowel as hulle woordeskat.[6] Dit is duidelik dat hy beslis geglo het dat Engelssprekendes baat by die program kon vind en daarom sou hy wou sien dat die program uitgebrei word.

Sarah se program is wel met verloop van tyd uitgebrei. Op 31 Julie 1960 het Sarah 'n brief van 'n luisteraar, Mnr. Truscott, geantwoord. Sarah het aan hom geskryf dat die bestuur daaraan gedink het om met 'n nuwe reeks programme te begin. Hierdie reeks sou spesiaal vir beginners wees, terwyl die program, soos sy dit op daardie stadium aangebied is, sou voortgaan. Sarah het genoem dat sy vermoed dat hulle die volgende jaar met die nuwe lesse sou begin.[7] Die belangstelling in Sarah se radiolesse was dus van so 'n aard dat die SAUK bereid was om die program uit te brei.

[6] G. 202. Ku. 1. B. 3. (23): Brief van D.G. Truscott aan Sarah, 23 April 1960.
[7] G. 202. Ku. 1. B. 3 (23a):Brief van Sarah aan D.G. Truscott, 31 Julie 1960.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mev. M. Fradley, 'n Engelssprekende moeder, het op 8 Oktober 1960 aan die SAUK geskryf en gevra dat die Afrikaanse lesse verder uitgebrei moes word. Sy het geskryf dat sy bewus was van die lesse wat twee maal per week deur Sarah aangebied is, maar het gevoel dat daar 'n behoefte aan meer eenvoudige lesse ook was. Sy het gevra dat daar byvoorbeeld Afrikaanse frases, wat daagliks deur Engelssprekendes gebruik word, ingesluit moes word. Sy wou ook hê dat die lesse op die Engelse kanaal uitgesaai moes word. Mev. Fradley het geglo dat dit vir haar nodig was om 'n basiese kennis van Afrikaans te hê, veral aangesien die land 'n republiek sou word en sy geglo het dat ‘n kennis van die taal dan noodsaaklik sou word. Hierdie lesse, het sy geglo, sou Engelssprekendes help om Afrikaans met groter vrymoedigheid te gebruik, veral in die openbaar. Dit sou ook kontak tussen persone van die twee taalgroepe uitbrei en vergemaklik.[8]

Daar sou egter nie gehoor aan Mev. Fradley se versoek gegee word nie, want in 1960 het daar 'n stryd tussen Sarah en die uitsaaikorporasie ontstaan, omdat die tydsgleuf waarin die program uitgesaai is, verander sou word. Sarah het nie die saak rakende die verandering in die skedulering van haar radioprogram net daar gelaat nie. Op 24 Maart 1961 het sy aan die programorganiseerder van die SAUK geskryf oor hierdie kwessie. 'n Opname, volgens die briewe wat sy van luisteraars ontvang het, het getoon dat die meeste van haar luisteraars ouer persone, senior skoliere, pasiënte in hospitale en ouers was wat graag hulle kinders met Afrikaans wou help. Volgens haar sou hierdie persone nie laat in die aand na die program kon luister nie, óf omdat hulle reeds in die bed sou wees, óf omdat hulle net nie meer daardie tyd van die aand genoeg sou kon konsentreer om die lesse in te neem nie. In die brief noem sy dat sy daarvan bewus is dat die programme wat gewoonlik laat aand uitgesaai word, nie werklik aanhang geniet nie.[9] Sarah was derhalwe ontevrede oor die skuif van haar program na die nuwe tydsgleuf.

[8] Brief van Mev. M. Fradley aan Mr. McCormack, 8 Oktober 1960 (geheg aan brief van Lester)

[9] G. 202. Ku. 6A. 1 (45): Sarah se brief aan McCormack, 24 Maart 1961.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sarah het op 18 April 1961, in reaksie op haar ontevredenheid oor die skuif van haar program, 'n brief ontvang. Die hoof van die Engelse radiodiens het gesê dat hy jammer was oor haar ontevredenheid, maar dat hulle egter nie haar program op 'n ander tyd kon inpas nie. Hulle het gevoel dat haar luisteraars bereid sou wees om by 'n ander tyd in te pas. Hy het sy spyt uitgespreek omdat Sarah en die SAUK nie tot 'n vergelyk kon kom nie en dat sy die radioprogram wou staak. Hy het haar verseker dat daar op die volgende programkonferensie weer na die saak gekyk sou word en 'n poging sou aangewend word om 'n moontlike oplossing te vind.[10] Sarah was dus nie te vinde daarvoor dat die tyd van haar program verander word nie en was eerder bereid om die program te staak.

Uit briewe wat Sarah van luisteraars ontvang het, blyk dit of haar kapsie geen verandering teweeg gebring het nie. Dit het eerder gelyk asof Sarah se program tot 'n einde sou kom. Op 1 Mei 1961 het sy 'n brief van 'n radioluisteraar, Dorotthy Bazier, ontvang waarin Bazier geskryf het dat sy ontsteld was om op 24 April 1961 te hoor dat die beginnerlesse nie meer uitgesaai sou word nie. Sy was ontevrede omdat sy veral baat by dié lesse gevind het. Sy was nog meer geskok om op 26 April te hoor dat álle lesse gestaak sou word. Sy wou weet waarom die lesse gestaak is, want sy was daarvan oortuig dat baie Engelssprekendes daarby gebaat het. Bazier het haar hoop uitgespreek dat die situasie weldra anders daarna sou uitsien.[11]

Sarah was nie die enigste persoon wat haar tot die SAUK gewend het om vir die radiolesse te stry nie. Op 16 Mei 1961 het mev. A. Silvestri van Seepunt aan Dr. Friis, lid van die 'Local Advisory Council' in die Kaap, geskryf om te vra of daar nie iets gedoen kon word om Sarah se radiolesse weer op die lug te plaas nie. Sy het gevoel dat die lesse wat op Maandae en Woensdae van 7:20-7:30 deur Sarah uitgesaai is, nie net van waarde vir Engelssprekende Suid-Afrikaners was nie, maar ook vir immigrante wat die land ingekom het. Mev. Silverstri het gesê dat sy baie telleurgesteld was in die beëindiging van

[10] G. 202. Ku. 6A. 1 (46): H.J. Howell (Engelse dieste SAUK) brief aan Sarah, 18/04/1961.
[11] G. 202. Ku. 1. B. 3. (5):Brief van D. Brazie aan Sarah, 1 Mei 1961.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die baie kort, maar baie doeltreffende program.[12] Mev. Silverstri het ook aan Sarah geskryf en haar meegedeel dat sy aan Dr. Friis geskryf het. Sy het aan Sarah gesê dat sy hoop Sarah en die SAUK sal iets kan uitwerk sodat die lesse kon voortgaan. Volgens Mev. Silvestri sou almal met wie sy al oor die lesse gepraat het, dit baie mis.[13]

Op 24 Mei 1961 het Mev. Silvestri 'n antwoord van die 'Local Adcisory Council' van die SAUK gekry waarin hulle haar verseker het dat haar versoek voor die 'Board of Governors' in Johannesburg voorgelê is. Hulle het gehoop om 'n meer gepaste tyd vir die program te vind. Die hoop was ook dat die raad in Johannesburg op die uiteinde aan haar 'n gunstige antwoord sou kon gee.[14] Daar is ongelukkig geen bewys daarvoor dat Sarah voortgegaan het met die radiolesse nie, aangesien daar geen verdere uitgewerkte lesse tussen haar dokumente vir na 1961 is nie. Dit wil voorkom of Sarah en die SAUK nie tot 'n vergelyk kon kom nie. Wat egter seker is, is dat daar wel 'n aantal Engelssprekende persone was wat baat by haar lesse gevind het en dit geniet het. Dit is duidelik uit 'n brief wat Sarah op 12 Desember 1960 van E. A. Lester ontvang het. Lester bedank Sarah vir die werk wat sy gedoen het. Volgens Lester was die lesse baie goed en om daardie rede moes Sarah nie teneergedruk wees oor die beïndiging daarvan nie, want sy het beslis haar bes gedoen. Lester skryf verder dat sy die lesse baie geniet het en beslis baat daarby gevind het.[15]

## 4.3. AFRIKAANSE KLASSE AAN HUIS BY SARAH

Tuis het Sarah ook die gebruik van Afrikaans bevorder. Dit het sy gedoen deur privaatlesse vir persone wat Afrikaans wou leer, of hulle gebruik van die taal wou verbeter, aan te bied. Hierdie werk wat Sarah verrig het, word bewys deur briewe wat dié studente aan Sarah gestuur het. In 'n opsomming oor haar werk deur die jare heen, verwys Sarah na die privaatlesse wat sy aan huis aangebied het vir die hele tydperk wat sy ook as onderwyseres

[12] G. 202. Ku. 1. B. 3. (20): Brief van mev. A. Silvestri aan Dr. Friis, 16 Mei 1961.
[13] G. 202. Ku. 1. B. 3. (20a): Brief van mev. A. Silvestri aan Sarah, 18 Junie 1961.
[14] G. 202. Ku. 1. B. 3. (20b): Brief aan mev. A. Silvestri van SAUK, 24 Mei 1961.
[15] G. 202. Ku. 1. B. 3. (17): Brief van E.A. Lester aan Sarah, 12 Desember 1960.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoolgehou het. Sy het onder andere vir BA-studente, matrikulante, volwasse immigrante, diplomate en parlementslede lesse aangebied. Sommige het dit gedoen om hulle taaleksamens te slaag en ander om hulle gebruik van Afrikaans te bevorder.[16] Een van die vroegste briewe wat oor hierdie privaatlesse handel, is in 1939 aan haar gestuur. In hierdie brief, deur J. M. W. Bundle, skryf die meisie dat sy nie verder lesse sal kan neem nie. Bundle is genoodsaak om haar lesse te staak weens die tyd wat dit in beslag geneem het omdat sy 'n redelike afstand na Sarah se huis moes reis vir dié lesse.[17]

Dit wil voorkom of Sarah bekend was vir hierdie lesse. In 1973 ontvang sy 'n brief van ene M. U. Osler waarin die vrou vra om lesse by Sarah te neem, want sy hoor gedurig Sarah se naam waar dit kom by Afrikaans.[18] Uit Rhodesië het Sarah 'n brief van 'n mev. D. Frost ontvang. Mev. Frost het geskryf dat sy Afrikaans kan praat en dat sy informele Afrikaanse lesse begin aanbied het. Sy het egter net kinderboeke in Afrikaanse gehad en het iets anders benodig omdat haar studente meerendeels volwassenes was. Sy het ook verdere raad van Sarah verlang vir die aanbied van sulke lesse.[19]

Gedurende 1959 het 'n Finse vrou, Greta Airaksinen, 'n verpleegster by die 'Nurses Training School' vir Ovambo meisies, Sarah genader vir Afrikaanse lesse. Airaksinen het twee maande gehad waarin sy haar Afrikaans moes opskerp en het daarom dringend Sarah se hulp benodig.[20] Sarah het haar laat weet dat sy sou kon help en het ook aangebied om die meisie van verblyf te voorsien. Sarah sou Afrikaanse persone soek wat aan die meisie verblyf sou verskaf, sodat sy terselfdertyd haar Afrikaans kon oefen.[21] Sarah was bereid om werklik baie moeite vir haar studente te doen. Dit is ook duidelik dat sy 'n verskeidenheid persone van verskillende volke gehad het vir wie sy lesse aangebied het.

[16] G. 202. Pe. B. (5): Brief van Sarah aan Elsa Joubert, 26 Mei 1973.
[17] G. 202. Ku. 1. A. B. (9) Brief van J. M. W. Bundle 12/11/1939 aan Sarah i.v.m. privaatlesse.
[18] G. 202. Ku. 1. A. B. (16) Brief aan Sarah op 12/10/1973 van Me M. U. Osler.
[19] G. 202. Ku. 1. A. B. (9) Brief van Mev. D. Frost aan Sarah op 3/5/1966.
[20] G. 202. Ku. 1. A. B. (2) G. Airaksinen se brief aan Sarah 4/11/1959.
[21] G. 202. Ku. 1. A. B. (2) Sarah se brief aan Airaksinen 13/11/1959.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende 1973 het Sarah nie kans gesien om met die lesse voort te gaan nie omdat sy druk besig was met die Langenhoven feesjaar. Sy het beide vir Robbie Nurock[22] en M. U. Osler[23] aangeraai om haar die volgende jaar weer vir lesse te nader.[24] Gedurende 1974 was Sarah weer aan die gang, want op 15 Augustus 1974 ontvang sy 'n brief van Deena Lifson waarin Lifson noem dat sy op aanbeveling van haar dokter nie verder lesse sou kon neem nie, omdat haar oë net te swak was.[25] Dit wil voorkom of Sarah besig was om op hierdie privaatlesse af te skaal. Sy antwoord Lifson se brief deur haar aan te moedig om voort te gaan met lees vir oefening en sê dat sy in elk geval te besig was om klas te gee. Voortaan sou Sarah meerendeels van hulp wees deur gespreksgroepe te reël waarin nie-Afrikaanssprekendes hulle Afrikaans kon oefen.[26]

## 4.4. BYDRA TOT DIE BEVORDERING VAN TWEETALIGHEID IN SA

Binne die Suid-Afrikaanse Unie het dit gebeur dat Afrikaanssprekendes tot 'n groot mate van hulle Engelse landgenote afgesluit was. Afrikaner kinders is in Afrikaanse skole opgelei en kontak met Engelsprekendes was beperk, iets wat beteken het dat die groepe nie mekaar se kultuur en taal goed geken het nie. Die uiteinde was dat 'n projek gedurende die dertigerjare in die Transvaal geloods is vir die bevordering van Afrikaans onder Engelssprekendes.

Hierdie projek is deur Wouter du Preez, 'n onderwyser, geloods. In 1934 het hy 'n pos by die Engelsmedium King Edward VII High School vir seuns in die Witwatersrand aanvaar. Du Preez moes Afrikaans as vak aan die Engelse seuns aanbied, maar het vinnig besef dat dit 'n baie moeilike taak sou wees. Die seuns se kennis van die taal was nie besonders goed nie en boonop het hulle nie daarin belanggestel om die taal te leer nie.[27]

---

[22] G. 202. Ku. 1. A. B. (15b): Brief van R. Nurock aan Sarah, 9 Oktober 1973.
[23] G. 202. Ku. 1. A. B. (16): Brief van M. U. Osler aan Sarah 12 Oktober 1973.
[24] G. 202. Ku. 1. A. B. (16a):Brief van Sarah aan Osler, 15 Oktober 1973.
[25] G. 202. Ku. 1. A. B. (11): Brief van Lifson aan Sarah,15 Augustus 1974.
[26] G. 202. Ku. 1. A. B. (11a): Sarah se brief aan Lifson, 21 Augustus 1974.
[27] A.D. Bosman: J. wouter du Preez. Vader van die Uitruilskema, p. 46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 'n dag, terwyl Du Preez besig was om die Afrikaner se plaaslewe aan die seuns te verduidelik, het een van die seuns, ene William Miller, sy hand opgesteek. Die seun het aan Du Preez gevra om te reël dat hy gedurende die komende skoolvakansie een van die boereplase kon besoek om dan Afrikaans te kon leer. In reaksie wou Du Preez graag al die seuns in sy klas na 'n plaas stuur. Hy het dadelik na die skoolhoof gegaan met hierdie idee. Du Preez het aan die hoof verduidelik dat dit nie net die seuns was wat by so 'n projek sou baat nie, maar ook die volwassenes wat by die projek betrokke sou raak, want die betrokke partye sou die geleentheid kry om mekaar beter te leer ken. Hy het daarop gewys dat kontak tussen Afrikaans- en Engelssprekendes uitgebrei sou word en dit sou help om volkseenheid te bevorder.

Die hoof het ingestem en die organisering van die projek in Du Preez se hande oorgelaat. Op hierdie manier is die 'Uitruilskema vir Tweetaligheid' begin. Gedurende die Oktobervakansie van 1934 het 77 Engelse seuns na boereplase gegaan en daar gaan vakansie hou. Die eerste poging was baie geslaagd en gedurende die Desembervakansie is nog 'n groep seuns op so 'n vakansiebesoek gestuur. Die Engelssprekendes se beeld van die Afrikaner is verbeter deurdat hulle die Afrikaner se kultuur, werk en leefwyse leer ken het. Kinders en ouers het geleer om mekaar beter te verstaan en in koerante is die projek gunstig bejeen. Wouter du Preez het sy projek verder uitgebrei deur Afrikaanse kinders na Engelssprekende gesinne in die stede te laat gaan, aangesien die Engelse stedelinge die kinders genooi het.[28]

Du Preez se projek het ook heelwat kritiek uitgelok. In 'n artikel in *Die Transvaler* is geskryf dat die projek Afrikaanse kinders sou verengels. Behalwe vir dié kritiek is die program egter baie goed ontvang, so goed dat Sir Abe Bailey vyfhonderd duisend rand as 'n trustfonds vir die program bemaak het.[29] Hierdie uitruilprojek van Wouter du Preez was egter nie tot die Transvaal beperk nie. Sarah Goldblatt was een van die persone wat die uitruilskema in die Kaap geïmplimenteer het.

[28] A.D. Bosman: J. wouter du Preez. Vader van die Uitruilskema, pp. 53-55.
[29] Ibid., pp.62-63.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sarah het die positiewe resultate in die Transvaal waargeneem en besluit dat dit ook in die Kaap probeer moes word.[30] Volgens Dr. T. Pauw, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (S.A.O.U.), het Sarah Goldblatt die S.A.O.U. en die 'South African Teachers' Association' (S.A.T.A.) genader met die voorstel om ook in die Kaap 'n organisasie op die been te bring wat Engels- en Afrikaanssprekende kinders en ouers in 'n uitruilprojek betrokke sou kry.[31] Sarah kan beskou word as die geestelike moeder van die organisasie in die Kaap.[32]

Op 24 Junie 1958 het Sarah aan mnr. J. A. B. Cooper, betrokke by die Abe Bailey Trust, geskryf in verband met die moontlikheid om 'n uitruilprogram in die Kaap te loods. Sarah het aan Cooper genoem dat sommige van haar studente se ouers asook haar volwasse studente gevra het of sy nie vir hulle kon reël om ook Afrikaanse persone te besoek en so hulle taalvaardigheid verbeter nie. Sarah het gesê dat sy soms sulke geleenthede kon reël deurdat van haar vriende die studente ontvang het, maar te veel persone wou van die geleentheid gebruik maak en dit was nie binne haar vermoë om dit te doen nie. Sy het wel die S.A.O.U. genader om so 'n diens te verrig, maar die organisasie was te klein om die taak op hulle skouers te neem. Sy het Cooper gevra om Dr Pauw, die sekretaris van die S.A.O.U., te nader vir die stig van 'n uitruilskema in die Kaap, want sy was seker dat die Abe Bailey Trust beter sou vaar met dié versoek as sy.[33]

In 1960 is die ekwivalent van die Transvaalse organisasie in die Kaap gestig. 'n Komitee is aangestel om die organisasie te bedryf. Dié komitee is deur die S.A.T.A. en die S.A.O.U. aangewys. Die Direkteur van Onderwys het hierdie projek voluit ondersteun en het ook in die *Onderwys Gazette* alle

[30] G. 202. O. 4. 1. (4): *Die Burger*: Kuiery met groter begrip as doel, 4 Februarie 1960.
[31] G. 202. O. 4. 1. (3): *Cape Argus*, Bailey trust to aid plan to promote bilingualism, 4 Febrarie 1960.
[32] G. 202. O. 4. 1. (4): *Die Burger*: Kuiery met groter begrip as doel, 4 Februarie 1960.
[33] G. 202. O. 4. 2 (2a): Brief van SG aan J.A.B.Cooper van die Abe Bailey Trust, 24 Junie 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoolinspekteurs aangesê om deelname in hulle onderskeie invloedsfere aan te moedig.[34]

Die ses lede van die komitee wat die organisasie bestuur het, was almal Suid-Afrikaners. Daar was twee Engelssprekendes (verteenwoordigers van S.A.T.A.), twee Afrikaanssprekendes (verteenwoordigers van S.A.O.U.), Sarah Goldblatt wat beide Engels- en Afrikaanssprekend was en 'n sekretaresse. Die organisasie het die steun van die Kaapse Onderwysdepartement gehad en het finansiële steun van die Abe Bailey Trust ontvang.[35]

Volgens die *Cape Times* het Sarah by die jaarlikse kongres van die 'Cape Province Women's Agricultural Association' by Groenpunt haar eerste aankondiging rakende die tweetaligheidsprojek op 16 September 1959 gedoen. Tydens dié funksie het Sarah bekend gemaak dat die Kaap voortaan self 'n program soos dié in Johannesburg sou loods waar Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes die ander taalgroep gedurende vakansies sou besoek. Hierdie oor-en-weer kuiery sou in daardie Desember vakansie begin. Op daardie stadium is hierdie tipe besoeke vanuit Johannesburg reg deur die land georganiseer.[36]

Die doelwitte van die Organisasie was om geskikte Engelse en Afrikaanse gashere vir die program te vind. Gaste van die teenoorgestelde taalgroep word dan by die gashere geplaas vir die vakansie. Die idee is dat beide gas en gasheer se lewe deur dié ervaring verreik sou word.[37] Die idee was dat die skolier sy of haar tweede taal tydens die geleentheid sou oefen. Nie alleen het die kinders die geleentheid gehad om hulle tweede taal te oefen nie, maar hulle het ook 'n kykie in die kultuur van hulle gasheer gehad. Hierdie besoeke is met verloop van tyd uitgebrei om ook naweekbesoeke in te sluit. 'n Groep skoliere van die Rustenburg Junior School in Rondebosch het byvoorbeeld 'n

[34] G. 202. O. 4. 2. (6): Getikte blad van Organization for the advancement of bilingualism, g.d.
[35] G. 202. O. 3. 2. (46):Brief van Sarah aan B. Rudge, 16 November 1971.
[36] G. 202. O. 4. 1. (2): *Cape Times*: Cape plan for home exchanges, 17 September 1959.
[37] G. 202. O. 3. 2. (46):Brief van Sarah aan B. Rudge, 16 November 1971.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naweek in De Doorns deurgebring. Op hulle beurt het skoliere van De Doorns 'n besoek aan die stad gebring. Hierdie besoeke was dikwels nie eenmalig nie. Dit het gebeur dat die ouers van die betrokke kinders mekaar leer ken het en hulle dan by mekaar begin kuier het.[38] Wat dus begin het as die bevordering van taal het dikwels gelei tot beter kennis van die teenoorgestelde taal en kultuur.

## 4.5. DIE AFRIKANER KULTUUR: ARBEIDSGENOT

Op 10 Augustus 1929 het Sarah 'n aanbevelingsbrief, geskryf deur mnr. J. F. Burger, 'n lektor in Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad, ontvang. In hierdie brief het hy Sarah as iemand met 'n aansteeklike geesdrif vir die Afrikaanse kultuur beskryf. Hy noem ook dat sy "verbaasde werkkrag en onvermoeide energie" openbaar. Hierdie afleidings kon hy maak, omdat hy Sarah as onderwyseres goed geken het.[39] Hierdie brief dien as een van die bewyse van Sarah se liefde en oorgawe waarmee sy vir die Afrikaner kultuur, en spesifiek die taal, gewerk het.

Sarah Goldblatt het nie alleen alles in haar vermoë gedoen om die taal van die Afrikanervolk te bevorder nie, sy het ook 'n bydra tot die Afrikaner kultuur gelewer. Sarah het gehelp om te sorg dat Langenhoven se huis, Arbeidsgenot, vir die Afrikanervolk bewaar bly. Die huis het, en dien steeds as teken van die Afrikaanse taalstryd wat deur Langenhoven gevoer is. Arbeidsgenot dien vir die Suid-Afrikaner as simbool van Langenhoven se stryd om te verseker dat daar vir Afrikaanssprekendes boeke in hulle eie taal was om te lees. Op hierdie manier het hy die volk leer lees en skryf.

Arbeidsgenot dien as konkrete bewys van die diens wat Sarah Goldblatt nie net aan Langenhoven en sy nagedagtenis gelewer het nie, maar aan die Suid-Afrikaanse volk in sy geheel. Dit is waar dat dit nie net Sarah se toedoen was en is dat ons vandag oor dié monument ter nagedagtenis aan Afrikaans en Langenhoven, die stryder van die taal, beskik nie. Hoewel verskillende

[38] G. 202. O. 4. 2. (7): Koerantknipse. Geen koerantnaam of datum.
[39] G. 202. Pe. D. 2. (19): Getuigskrif vir Sarah deur J.F. Burger, 10 Augustus 1929.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persone 'n bydra gelewer het, het Sarah beslis 'n baie groot en leidende rol in die aangeleentheid gehad.

'n Mens kan jouself afvra, wat maak Arbeidsgenot so besonders vir die Afrikanervolk. Dit was die huis wat Vroutjie, Magdalena Maria Langenhoven, voorheen Van Velden en gebore Hugo, vir haar en C.J. Langenhoven op Oudtshoorn gekoop het. Sy het die huis op 13 Junie 1903 gekoop, sewe maande nadat Langenhoven besluit het dat hy eerder as prokureur op Oudtshoorn, as advokaat in die Kaap wou werk. Aanvanklik het die huis as Woodbine bekend gestaan, maar die Langenhovengesin het dit herdoop na Arbeidsgenot. In Arbeidsgenot het Langenhoven die meeste van sy werk gedoen en dit was hier waar hy in 1918 'Die Stem van Suid-Afrika' geskryf het. Langenhoven het ook in 1932 in Arbeidsgenot te sterwe gekom. Ons weet dat Langenhoven 'n besondere bydrae met sy skryfwerk gelewer het deurdat hy eerstens Afrikaans as skryftaal help vestig het, en in die tweede plek het hy deur sy werk sy volk in Afrikaans leer lees.[40]

Op 5 Februarie 1954 het Sarah 'n leesgroep besoek en hulle toegespreek. Die onderwerp was Langenhoven en sy huis, Arbeidsgenot. Sarah het die groep vertel van verskillende persone oorsee wie se huise bewaar is ter nagedagtenis aan hulle en die diens wat hulle aan hulle volke gelewer het. Een van die persone wat sy genoem het was Shakespeare, wie se huis in Straford-on-Avon in Brittanje deur die regering gekoop is. Op hierdie manier is sy huis vir die nageslag bewaar en Sarah noem dat 'n mens die eer wat die mense vir dié skrywer het kan aanvoel as jy die huis besoek.[41] Uit Sarah se toespraak is dit duidelik dat sy geglo het dat Langenhoven, weens die bydra wat hy tot die taal gelewer het, dieselfde verering verdien as iemand soos Shakespeare en daarom was dit nodig om sy huis, Arbeidsgenot, te bewaar.

Hierdie monument is aan die Afrikanervolk deur mev. Langenhoven gegee. Op 12 Julie 1944 het sy haar testament opgestel wat bepaal het dat Arbeidsgenot aangekoop kon word om te dien as 'n monument vir die

[40] J. P. Scannell: Arbeidsgenot, p. 2.
[41] G. 202. L. 1. T. A. (6): Toespraak by leeskring op Oudtshoorn, 5 Februarie 1954.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Afrikanervolk.[42] Na Langenhoven se dood het Vroutjie steeds met die grootste geduld besoekers by Arbeidgenot ontvang. Hierdie persone het sy dan deur die huis geneem en hulle alles van haar eggenoot vertel en gewys waar hy sy werk gedoen en ook gesterf het. Later van tyd, toe Vroutjie begin siek word het, het sy altyd gesorg dat daar iemand was om besoekers deur die huis te neem.[43] Arbeidsgenot sou dus deur die testament vir besoeke deur die publiek beskikbaar bly.

Vroutjie se testament het bepaal dat Arbeidsgenot vir 'n bedrag van van £1 500 aangekoop kon word. Vir die huis moes 'n bedrag van £1 200 betaal word. Die verdere £300 was vir die meublement in die huis, soos met haar dood. Vroutjie het slegs daarop aangedring dat haar bedlinne en haar klere, behalwe vir haar Voortrekkerkostuum, aan haar dogter Engela gegee moes word.

In haar testament het Vroutjie sewe persone as Trustees vir Arbeidsgenot aangewys. Die persone was as volg: Edelagbare H.A. Fagan (Regter van die Hooggeregshof, Kaapstad), Advokaat Dr. E.G. Jansen, Advokaat Stephanus Petrus le Roux, L.V. Jacobus Johannes Smartryk Naude, Jacob Johannes Smit, haar dogter Margarita Rachel Engela Brümmer, getroud met Johannes Nicholas Brümmer, en juffrou Sarah Goldblatt. Vroutjie het bepaal dat die huis en inhoud daarvan binne ses maande van haar dood deur die trustees gekoop moes word. Indien dit nie gedoen is nie, kon die huis deur enige iemand anders gekoop word.[44] Sy het verder ook bepaal dat indien een van die trustees te sterwe sou kom, die mag om 'n nuwe persoon te verkies in die hande van die oorblywende Trustees sou rus.[45]

Op 23 Mei 1950 is Vroutjie oorlede. Die trutstees wat deur haar aangewys is, het agtien dae na haar dood by minister E. G. Jansen se kantoor in Kaapstad bymekaargekom vir hulle eerste vergadering.[46] Op dié vergadering, gehou op

[42] 202. Pe. 7.2.2 (1a) Testament van MM Langenhoven, opgestel 12 Julie 1944.
[43] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 38.
[44] 202. Pe. 7.2.2. (1a) Testament van M.M. Langenhoven 12 Julie 1944.
[45] 202. Pe. 7.2.2 (1c) Ekstrak van Testament van wyle M.M. Langenhoven, 10. Julie 1944.
[46] J.P. Scannell: Arbeidsgenot, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

10 Junie 1950, moes besluite rondom die aankoop van die huis geneem word. Die groot vraag was of die trustees die huis moes koop en of hulle eerder die staat moes versoek om die huis te koop. Advokaat Le Roux het aanbeveel dat die Trustees eerder self die huis koop. Die probleem was natuurlik om die geld vir dié transaksie te bekom. In antwoord hierop het Le Roux voorgestel dat die geld van die publiek ingesamel moes word en hiervoor moes, op sy voorstel, die Langenhoven Gedenkfonds in die lewe geroep word. Die taak van die Gedenkfonds het hy as drieledig beskou. In die eerste instansie was die Fonds verantwoordelik vir die aankoop van Arbeidsgenot en ten tweede sou die Gedenkfonds verantwoordelikheid vir onderhoud aan die woning aanvaar. In die laaste plek moes die Gedenkfonds die bevordering van Afrikaanse letterkunde ten doel stel. Op Sarah se voorstel is die laaste doelwit omskryf na die lees van Afrikaans vir die bevordering van Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde. Die Trustees het self die verantwoordelikheid vir die Langenhoven Gedenkfonds gedra. Jansen is as voorsitter van die Trustees verkies en Fagan as ondervoorsitter, met Sarah as die sekretaresse. Hierdie drie, asook Le Roux het 'n komitee gevorm wat verantwoordelik was vir die opstel van 'n versoek wat tot die publiek gerig sou word vir die insameling van fondse vir die koop van Arbeidsgenot.[47]

Sarah was beslis nie van plan om toe te laat dat géld die aankoop van Arbeidsgenot in die wiele ry nie en het vir Engela en haar man Nico, oor die saak gekontak. Op 16 November 1950 het Sarah 'n brief van Nico ontvang waarin hy haar meegedeel het dat hy nie self die geld vir die aankoop van Arbeidsgenot sou kon voorskiet nie, maar dat Engela ingestem het om £700 aan die Fonds te leen tot tyd en wyl die nodige fondse ingevorder is. Nico het ook sy waardering teenoor Sarah uitgespreek omdat sy bereid was om die verdere £800 aan die Gedenkfonds voor te skiet. Hy het genoem dat hy aanvaar dat Sarah dadelik die geld in Mev. Langenhoven se boedel sou inbetaal.[48] Dit was elkgeval nodig, omdat die Langenhoven Gedenkfonds se tyd vir die aankoop van die huis beperk was. In die notule van die Trustees se vergadering op 29 Junie 1951, word melding gemaak van die geld wat deur

[47] Scanneell versameling: Naotule van vergadering van Trustees, 10 Junie 1950.
[48] G. 202. KF. 2 (19) Brief van N. Brümmer aan Sarah Goldblatt, 16 November 1950.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sarah en Engela voorgeskiet is. Daar word genoem dat Engela se geld met rente aan haar terugbetaal moes word. Sarah het gemeld dat slegs £300 aan haar terug betaal moes word, siende dat sy die ander £500 as 'n skenking beskou het.[49]

Sarah het nie net geld aan die fonds voorgeskiet en die saak daar gelaat nie. Sy het haar volle gewig ingegooi vir die insameling van fondse vir die behoud van Arbeidsgenot vir die volk, soos bedoel deur die Trustees. In Augustus 1953 het Sarah al haar ander werksaamhede gestaak en haar volle aandag aan die fondsinsameling van die Gedenkfonds gegee. Vir hierdie doel het Sarah haar op Oudtshoorn by Arbeidsgenot gevestig. 'n Kuratorshuis is op Arbeidsgenot se grond aangebou en Sarah was die eerste om daar te woon. Hierdie huis moes teen September 1953 voltooi wees, maar ongelukkig was haar nuwe woning nie voor November daardie jaar voltooi nie.[50]

'n Mens sou dink dat hierdie skuif vir Sarah 'n heerlike en maklike ondervinding moes wees. Sy sou immers naby Arbeidsgenot wees en haar volle aandag aan haar 'Chief' se nagedagtenis kon gee. Tussen Sarah se persoonlike dokumente is 'n paar bladsye wat sy getik het, getiteld: *Saartjie kom huis toe?* Sy skryf hoe sy altyd wanneer sy op Arbeidsgenot gekuier het, veral toe Langenhoven nog geleef het, die rus en vrede ervaar het wat hom soontoe getrek het. Sarah kon Arbeidsgenot waardeer as 'n vriendelike en veilige heenkome. Op daardie tydstip het byna veertig jaar verloop vandat Sarah Oudtshoorn verlaat het om haarself in die Kaap te vestig. Sarah se vriende was in die Kaap en die huis op Oudtshoorn was nie háár huis soos die een in die Kaap, waar alles georden was en aan haar grille voldoen het, nie. Selfs Sarah, wat 'n gereelde besoeker aan Arbeidsgenot was, het gewonder of sy werklik by so 'n skuif sou byval vind. Sarah beskryf haarself as bedruk en tranerig op dié dag wat sy met gepakte motor haar tog na Arbeidsgenot aangepak het. Sy erken dat sy gedink het sy bang was vir die nuwe woning. Met haar aankoms het Sarah egter die rustigheid ervaar en het sy begin tuis voel. Sy het Arbeidsgenot bietjie skoongemaak en begin regkry

---

[49] Scannell versameling: Notule van vergadering van Trustees, 29 Junie 1951.
[50] Scanneell versameling: Notuel van vergadering van trustees, 12 April 1954.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terwyl sy gewag het dat haar huis voltooi word. Sy het, soos haar gewoonte na Langenhoven se dood was, in sy kamer geslaap. Sarah het ook saam met Jakob Smit ('n Trustee van die Gedenkfonds en inwoner van Oudtshoorn) gekuier en het al meer tuis gevoel.[51] Dit is duidelik dat Sarah bereid was om alles in haar vermoë vir Langenhoven se nagedagtenis te doen, en dit is geensins sonder opoffering gedoen nie.

Deur middel van onderhoude, korrespondensie, besoeke en vergaderings het Sarah voortgegaan om fondse in te samel. Sarah het met verskillende kultuurorganisasies, skoolkomitees, predikante en ander vooraanstaande persone in verskillende dorpe kontak gemaak sodat die persone die fondsinsamelings verder kon uitbrei. Sy het die mense aangemoedig om komitees tot stand te bring wat die fondsinsameling verder sou voer. Skakeling met die S.A.O.U. en die S.A.T.A. het gehelp dat sy 180 verskillende skole besoek het in die tydperk wat sy voltyds besig was om dié taak uit te voer. In Januarie 1953 het Sarah haar fondsinsamelingsprojek begin en vanaf Augustus 1953 voltyds daaraan gewerk tot en met 31 Maart 1954. In die tydperk het Sarah se werk daartoe gelei dat £1718. 13p ingevorder is. Tot en met Januarie 1953, is daar £1877. 13p. 2s deur die Fonds ingesamel, waarvan £500 deur Sarah geskenk is. Vir die diens wat Sarah gelewer het, het sy nie betaling gevra nie. Die geld wat sy benodig het, het sy uit haar eie sak betaal. Haar motor het egter gebreek en daarvoor het sy die Fonds vir 'n bydra van tussen £50-£100 gevra. Teen die einde van Maart 1954 het Sarah egter nie meer daarvoor kans gesien om voltyds met die insameling voort te gaan nie en het aan die ander Trustees genoem dat sy teen Junie 1954 terug wou wees in die Kaap.[52] Hoewel Sarah nie voltyds voortgegaan het met die insameling nie, is dit duidelik uit die syfers wat genoem is dat haar bydrae onskatbaar was. Sarah het alles in haar vermoë gedoen om te sorg dat die Gedenkfonds die nodige geld sou hê om hulle doelwitte te bereik. Op 11 Maart 1955 het Sarah 'n praatjie vir die Vrouerubriek by die SAUK gelewer

[51] G. 202. Pe. B. (4):Getikte stuk: Saartjie kom huis toe?, g.d.
[52] Scanneell versameling: Notuel van vergadering van trustees, 12 April 1954.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarin sy vertel dat sy die vorige twee jaar baie uithuisig was weens die fondsinsameling vir Arbeidsgenot regoor Suid-Afrika.[53]

Sarah en die trustees se idee was nie bloot om Arbeidsgenot in stand te hou nie. Tydens Sarah se toepspraak by 'n leesgroep in 1954 het sy vertel van die trustees se idees vir Arbeidsgenot. Hoewel die idee was om die huis te behou soos dit was toe Langenhoven geleef het, was die doelwit om dit nie in 'n dooie monument te omskep nie. Die Afrikaanse kuns, kultuur en taal moes juis op Arbeidsgenot lewe gegee word. Daar was byvoorbeeld die idee om skrywers en kunstenaars toe te laat om op Arbeidsbenot te vertoef en daar inspirasie vir hulle werk te vind. Leesgroepe moes ook toegelaat word om daar byeen te kom. Die sonwyser wat Langenhoven ontwerp het moes daar opgerig word en dit staan vandag nog in die tuin. Sarah het ook die idee van 'n opelugteater genoem. Hierdie was 'n idee wat Langenhoven tydens sy leeftyd geopper het.[54] Hierdie ideaal is egter tot vandag nog nie uitgevoer nie, maar Arbeidsgenot is daar tot Suid-Afrikaners en toeriste se beskikking en kan besigtig word.

## 4.6. DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

Sarah wou in samewerking met Regter Fagan verseker dat Die Stem van Suid-Afrika die eiendom van die volk sou word en bly. Om in hierdie doelwit te slaag, was dit nodig om die outeursreg van Die Stem se woorde, sowel as musiek, aan die regering oor te dra. Om dit te kon doen, moes die outeursreg van die musiek van die komponis, M.L. de Villiers, gekoop word.

Op 9 September 1937 het Henry Fagan die outeursreg van die musiek van De Villiers gekoop vir die bedrag van £150. Hoewel die transaksie gedoen is met die idee om die outeursreg aan die regering oor te gee, was die verklaring wat op 9 September gegee is geen voorwaarde vir die oorhandiging aan die regering nie.

[53] G. 202. Ku. 6.G. (1): Praatjie vir die SAUK vrouerubriek, 11 Maart 1955.
[54] G. 202. L. 1. T. A. (6): Toespraak vir die leesgroep op Oudtshoorn deur Sarah, 5 Februarie 1954.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 25 Augustus 1943 het Henry Fagan sy regte rakende Die Stem aan Sarah en Mev. Langenhoven verkoop. Fagan het £150 van die twee dames vir sy outeursreg ontvang. Sarah het £50 en Vroutjie £100 bygedra vir dié aankoop hiervan.[55] Dit het beteken dat outeursreg vir die woorde en musiek van Die Stem aan die twee vroue behoort het en dat dit hulle vrygestaan het om dit aan die regering oor te dra. In die Volksraadsitting van 1957 is die Union Jack as landsvlag afgeskaf en het Eerste Minister Strijdom gesê dat 'n volkslied ingestel moes word. Sarah en Engela was dadelik bereid om die outeursregte van Die Stem aan die regering oor te gee en gevolglik is Die Stem in 1958 as volkslied in 'n Parlementsitting aanvaar.[56]

## 4.7. SARAH EN DIE 'LANGENHOVEN-INDUSTRIE'

Sarah Goldblatt se grootste werk van haar lewe was dit wat met Langenhoven verband gehou het. Aanvanklik het Sarah saam met Langenhoven by *Het Zuid-Westen* gewerk, die begin van hulle jarelange vriendskap. Nadat die koerant gestaak is, het Sarah nie opgehou om saam met Langenhoven te werk nie. Sarah het vanaf haar huis in Kaapstad, tot Langenhoven se dood vir hom as 'n tipe persoonlike sekretaresse opgetree. Na sy dood het Sarah die taak as administratrise van sy letterkundige nalatenskap opgetree. Sarah het dus haar lewe gewy aan Langenhoven, sy volk en sy taal wat sy ook as haar eie beskou het.

Reeds in die vorige hoofstuk is daarna verwys dat Sarah, nadat sy na Kaapstad teruggetrek het, voortgegaan het om vir Langenhoven te werk. Sarah moes Langenhoven se manuskripte deurgaan vir foute en moes ook sy belange by *Die Burger* en die *Nasionale Pers* hanteer wanneer hy dit nie persoonlik kon doen nie.[57] In twee briewe wat Langenhoven aan Sarah geskryf het gee hy aan haar spesifieke opdragte om by *Die Burger* se kantoor uit te voer. In een brief moes sy 'n boodskap oordra[58] en in 'n ander moes sy aan *Die Burger* 'n verduideliking gee vir 'n spesifieke artikel wat Langenhoven

[55] 202. Ku. 4.1.6. (1) Ooreenkoms vir oordra van outeursreg vir Die Stem se musiek, 25 Augustus 1943.
[56] J. P. Scannell: Arbeidsgenot, p. 13.
[57] M. E. Rothman: My beskeie deel, pp. 275-276.
[58] A 1994 Band 1: Brief van Langenhoven aan Sarah, 25 Mei 1919.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskryf het.[59] Op 17 Mei 1919 het Langenhoven in sy brief vir Sarah gevra om na Oudtshoorn te kom om vir hom tikwerk te kom doen.[60] Hierdie is slegs 'n paar voorbeelde ter illustrasie van die werk wat Sarah deurgaans vir Langenhoven moes doen.

Op Vrydag 15 Julie 1932, is Langenhoven in sy bed in Arbeidsgenot, oorlede.[61] Tien dae later, op 25 Julie 1932, is sy testament in die vorm van 'n berig in *Die Burger* gepubliseer. In sy testament het Langenhoven vir Sarah Goldblatt as administratrise van sy boeke en geskrifte aangewys. Hy het die beheer aan haar "goedgesinde diskresie" oorgelaat, met die enigste vereiste dat Sarah in oorleg met Vroutjie en Engela moes optree.[62]

Kannemeyer skryf dat hierdie bepaling in Langenhoven se testament vir Sarah die bewys was van Langnehoven se vertroue in haar. Daar was geen bloedband of egverbintenis tussen hulle nie, maar deur die bepaling het Sarah haar deel van Langenhoven gekry. Voor Langenhoven se dood was Sarah bloot sy 'sub'. Sy moes kommentaar op sy manuskripte lewer en help met korreksies wanneer hy dit nie self kon doen nie. Wanneer dit vir Langenhoven onmoontlik was om met *Die Burger* te onderhandel was ook dít Sarah se werk. Na Langenhoven se dood was Sarah eintlik in beheer, want Engela sou geen aanspraak maak op seggenskap nie en Sarah moes net vir Vroutjie in ag neem. Reeds voor Langenhoven se dood was Sarah daarvan bewus dat hy haar in beheer van sy letterkundige nalatenskap sou plaas. In 'n brief wat Langenhoven op 21 Desember 1920 aan Sarah gestuur het, waarin hy haar gelukwens met haar verjaardag, spreek hy die hoop uit dat sy nog baie baie verjaarsdae sal hê, sodat sy lank na sy dood steeds na sy werk sal kan omsien.

In Augustus 1932 is Sarah en Vroutjie deur die Nasionale Pers genader om Langenhoven se werke in 'n eenvormige band uit te gee. Spoedig het mense

---

[59] A 1994 Band 2: Brief van Langenhoven aan Sarah, 30 Desember 1919.
[60] A 1994 Band 1: Brief van Langenhoven aan Sarah, 17 Mei 1919.
[61] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, p. 7.
[62] Ibid., pp. 18-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin inteken om die bundels te ontvang en twee oplae is gedruk, een van tweeduisend en een van eenduidend, omdat die testament bepaal het dat slegs tweeduidend eksemplare op 'n slag gedruk mag word. So het dit voortgegaan. Onder beheer van Sarah is Langenhoven se werke deur die jare aan die publiek verkoop. Sy het nie altyd streng volgens die bepalings van die testament gehou nie en so byvoorbeeld van sy onvoltooide en ook Engelse werke laat druk. Die uitgee van Langenhoven se versamelde werke is een van Suid-Afrika se grootste literêre suksesse. Die spoedige verkope was 'n aanduiding van Langenhoven se gewildheid by die lesende publiek. Sy werke is ook by skole voorgeskryf.[63]

Sarah het egter nie alleen deur die uitgee van Langenhoven se werke probeer om hom te vereer nie. In 'n onderhoud met haar op 13 Januarie 1970 by die SAUK, het Sarah haar taak as administratrise beskryf as 'n voortsetting van Langenhoven se werk. Om hierdie voortsetting moontlik te maak, het Sarah haar taak as drieërlei beskou. In die eerste plek het sy haar daarop toegespits om Langenhoven se werke te bewaar en dit aan die publiek uit te gee, presies soos hy dit geskryf het. Sy was nie bereid om veranderinge aan te bring nie. Sarah sou ook as inligtingsbron oor Langenhoven dien deur antwoorde op vrae oor hom te verskaf. In die laaste plek sou Sarah sorg dat Langenhoven se werk gelees word en dat sy naam lewend sou bly.[64] Deur die jare het Sarah op verskillende maniere hierdie take, wat sy haarself opgelê het, uitleef.

Deur die uitgee van Langenhoven se werke het Sarah in haar eerste doelwit geslaag. Sy het ook gesorg dat daar gereeld van Langenhoven se boeke by skole vir die leerlinge voorgeskryf is. Langenhoven-aande, wat die voorlees en opvoer van gedeeltes uit sy werke behels het, het sy landswyd aangemoedig. Politici, administrateurs of hoogwaardigheidsbekleërs was dikwels betrokke by diesulke aande, waar hulle dan geleentheidsredes gelewer het. Op hierdie manier het Sarah mense gekry om Langenhoven te lees en ook sy naam te laat voortleef. Sarah het verder dikwels artikels oor

---

[63] J. C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 27-28.
[64] Ibid., pp. 29-30.

Langenhoven in *Die Huisgenoot* en *Die Burger* geskryf en sommige van haar vriende, joernaliste, politici en akademici aangemoedig om dieselfde te doen.

Op 23 Mei 1950 is Vroutjie oorlede en langs Langenhoven op Oudtshoorn begrawe. Dit het beteken dat Sarah hierna volle beheer oor Langenhoven se werk gehad het. Voortaan moes sy slegs vir Engela in gedagte hou, hoewel Sarah reeds voor Vroutjie se dood tot 'n groot mate volle beheer oor Langenhoven se nalatenskap uitgevoer het.[65]

Sarah het gesorg dat Langenhoven erken word, deur onder andere Arbeidsgenot, vir die volk te bewaar. Die gedig, Die Stem van Suid-Afrika, wat Langenhoven geskryf het, is met behulp van Sarah se toewyding in 1959 verkies tot die enigste Volkslied van Suid-Afrika.

Gedurende die jare wat gevolg het, het Sarah deurgaans gepoog om seremonies te bewerkstellig waar Langenhoven vereer is. Hierdie verrigtinge het sy ook met 'n vorm van feestelikheid probeer kombineer. Sarah het nie alleen by seremonies gehou nie. In 1933 het die beeldhouer Herbert Vladimir Meyerowitz vir Sarah 'n beeld van haar 'Chief' gemaak. Na Meyerowitz se dood in 1945 het sy die hulp van I. Mitford-Baberton ingeroep om vir haar nog van die beelde te maak. In 1959 is die eerste een van die beelde by die hoofkwartier van die Kaapse Provinsiale Raad onthul. Dit is gedoen ter verering van Langenhoven se rol in die aanvaarding van Afrikaans as onderwystaal in die Kaap. Hierdie onthulling is gedoen in die jaar waarin die Wonder van Afrikaans herdenk is en natuurlik wou Sarah vir Langenhoven hierby betrek. Hiervoor is daar by verskillende skole en inrigtings wat na Langenhoven vermoem is, of waarby hy betrokke was, replikas van hierdie Langenhovenbeelde geplaas.[66]

Op 8 September 1964 het Sarah 'n brief van A. W. Leifeldt, sekretaris van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting, ontvang. In die brief is aan Sarah meegedeel dat sy in 1964 die jaarlikse toekenning van dié instansie sou ontvang. Hulle het

[65] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp.37-39.
[66] Ibid., pp. 42-43

toekennings aan persone gegee wat ten opsigte van kuns, kultuur, drama of die behoud van historiese objekte 'n bydrae tot die kulturele erfenis van Suid-Afrika gemaak het. Sarah sou die toekenning ontvang vir die bydra wat sy as Langenhoven se administratrise gelewer het tot die behoud en uitbrei van sy werk.[67] Sarah het 'n geldelike prys van die Drie Eeue-Stigting ontvang en het besluit om dié geld te gebruik om 'n borsbeeld van Langenhoven te laat maak wat sy aan die Parlement sou skenk.[68]

As Langenhoven se administratrise het Sarah nie alleen sy letterkundige nalatenskap met 'n ysterhand regeer nie, maar wou sy ook alles beheer wat oor hom gepubliseer is. Op 28 Desember 1946 skryf sy 'n brief aan die redakteur van 'The Forum' om haar misnoë uit te spreek oor 'n artikel wat hulle van Mev. Langenhoven geplaas het. Sarah noem in die brief dat hulle 'Loeloeraai' verkeerdelik as 'Luluraai' geskryf het en volgens haar is dit 'n onvergeeflike spelfout. Verder maak sy kapsie teen die plasing van die artikel omdat dit nie voor plasing aan Mev. Langenhoven voorgelê is nie en sy sê dat dit tot gevolg gehad het dat Mev. Langenhoven voortaan geen biografiese inligting oor Langenhoven bekend sou maak nie, veral ook omdat dit sy wens was dat biografiese inligting oor hom nie gegee moes word nie.[69] Sarah gaan in 'n verdere brief so ver as om te vra dat die onderhoud, en dus 'n publikasie wat daaruit sou volg, teruggetrek word.[70] In reaksie op Sarah se brief skryf die besturende redakteur Mnr. de Villiers dat hy nie kan glo dat Mev. Langenhoven besluit het om nooit weer inligting rakende haar afgestorwe man te gee nie. Hy sê ook dat 'n proefleesfout nie as onkunde beskou kan word nie. Wat betref laasgenoemde verwys hy na die spel van Loeloeraai.[71] Sarah se reaksie op die artikel het dus ontevrenheid by die redakteurs van 'The Forum' ontlok. Daar kan dus afgelei word dat Sarah dalk slegs ontevrede was omdat sy nie geken is in die uitgee van die artikel nie, en dat dit nie so seer iets was waardeur òf Langenhoven òf sy vrou te na gekom is nie.

---

[67] G. 202. Pe. V. 1. (1): Brief van A.W. Liefeldt van Drie-Eeue-Stigting aan Sarah, 8/09/1964.
[68] G. 202. Pe. V. 1. (1a): Brief van Sarah aan A.W. Liefeldt, 30 September 1964.
[69] G. 202. K. 3. 4. (1):Brief van Sarah aan redakteur van *The Forum*, 28 Desember 1946.
[70] G. 202. K. 3. 4. (2): Verdere brief van Sarah aan *The Forum*, 11 Januarie 1947.
[71] G. 202. K. 3. 4. (4):Brief van *The Forum* aan Sarah, 10 Januarie 1947.

Bogenoemde is nie die enigste bewys dat Sarah dit moeilik gemaak het vir ander om vryelik Langenhoven se werke te gebruik nie. 'n Brief aan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie dien as verdere bewys. In die brief word 'n versoek aan die SAUK gerig vir die uitsaai van 'n stuk wat oor Langenhoven geskryf is. Die antwoord was ongelukkig dat dit nie moontlik sou wees nie. Behalwe vir ander praktiese probleme word genoem dat toestemming van Mej. Goldblatt verkry moet word en dat dit ongelukkig "n taamlike moeilike taak' is.[72]

So het Sarah deur die jare op verskillende maniere voortgebou op die verering van Langenhoven se naam. Haar 'grand finale' sou egter die Langenhoven Eeufees van 1973 wees. Wat Kannemeyer betref, het Sarah hierdie feesvieringe gebruik om haarself in die kollig te plaas. Hy noem dat Sarah daarvan gehou het om met hooggeplaastes om te gaan en hierdie was dus haar geleentheid om haarself tussen dié mense in die kollig te hou.[73] Of hierdie 'n juiste afleiding is om te maak, kan nie met sekerheid gesê word nie. Dit is egter waar dat sy altyd alles in haar vermoë gedoen het om Langenhoven se nagedagtenis te vereer. Dit is ook bekend dat sy dit wat sy wou doen, met oorgawe gedoen het. Langenhoven was altyd vir haar die belangrike persoon en daarom is dit moeilik om te glo dat Sarah slegs die fees wou gebruik om haar eie ego te streel.

## 4.8. LANGENHOVEN-EEUFEESJAAR

In 1973 het die groot Langenhoven-verering sy klimaks bereik met die fees wat in Oudtshoorn afgespeel het. Deur die fees van 1973, op sy honderste verjaarsdag, is Langenhoven soos 'n ware volksheld vereer. Sarah het elke persoon of organisasie wat 'n bydra tot die fees kon lewer, genader. Die uiteinde was dat staatsdepartemente, onderwysdepartemente, politieke partye, die FAK en die 1820-setlaarsvereniging (om ook die Engelse gemeenskap te betrek) onder meer betrek is.

---

[72] G. 202. Ku. 6. D. (6a):Brief van P.H. de V. Uys aan M Johnson SAUK Gramstad, g.d.
[73] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 46-47.

Scannell skryf dat Sarah reeds in haar tagtigerjare was gedurende die fees, maar nog het sy geen energie ontsien om die taak voort te dryf nie. Volgens hom is sy voortgedryf deur die idee dat sy nie bloot besig was met die verering van 'n persoon nie. Scannell skryf dat "n doelgerigte studie van Langenhoven 'n doelgerigtheid en idealisme by die Afrikaners sou laat herleef wat na haar mening tekens van verval getoon het'. Scannell noem terreg dat hoewel Sarah nooit haar Joodse verbintenis weggesteek het nie, sy die Afrikanervolk baie na aan die hart gedra het.[74]

Onder Afrikanergeledere was hierdie tipe feestelike vereering nie 'n eerste nie. Gedurende 1938 is die honderste herdenkingsjaar van die Groot Trek van 1838 gevier. Dié fees was van so 'n aard dat dit op dieselfde vlak as gebeure soos die Anglo-Boere oorlog, 1899-1902, die boere Rebellie van 1914-1915, die oorwinning van die Nasionale Pary in 1948 en Republiekwording in 1961 geplaas kon word. Wat begin het as 'n klein herdenkingsfees met twee ossewaens het in 'n groot volksfees uitgedraai, met nege ossewaens wat by nagenoeg vyfhonderd plekke reg oor Suid-Afirka aangedoen het. In elke dorp, maak nie saak hoe klein, is 'n komitee saamgestel om die fees in die dorp te reguleer. Hoewel daar met hierdie fees geen nuwe politieke aankondiginge gedoen is nie, het die fees gehelp om Afrikaners weer op simboliese wyse te verenig en mense het opnuut weer 'n blink toekoms vir die Afrikaner gesien. Aangesien die Afrikaner op emosionele wyse geraak is, het dit 'n positiewe gevoel tot gevolg gehad, veral omdat die onsigbare band tussen Afrikaners weereens aan hulle gewys is.[75] Hierdie trek het plaasgevind in 'n tydperk waar die Afrikaner homself toenemend in die stad bevind het, aangesien baie na die stede getrek het op soek na werk. Die Afrikaners het egter gevind dat die stede deur die Engelse taal, kultuur en waardes gedomineer is. Baie van die verstedelikte Afrikaners het hulle in swak ekonomiese omstandigehede bevind, in 'n sosio-ekonomiese omgewing wat vir hulle vreemd was. Die nostalgie wat deur die 1938 trek voortgebring is, het dus by die groep

---

[74] J. P. Scannell: Arbeidsgenot, p. 14.
[75] A. Grundlingh en H. Sapire: From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology inan industrializing South Africa, 1938-1988 (South African Historical Journal, 1989, 21, pp. 19-21).

Afrikaners besonderse aanklank gevind, iets waarmee hulle graag wou identifiseer om hulle plek in hulle vreemde samelewing te vind.[76]

Hoewel die Langenhovenfees nie gelykgestel kan word aan Afrikanerfeeste soos die Groot Trek fees van 1938 nie, is daar wel 'n mate van ooreenstemming. Scannell noem dat Sarah die Langenhovenfees wou gebruik om 'n studie van Langenhoven aan die gang te kry onder die Afrikaners en ook die verval wat sy bespeur het teen te werk. Die verval waarna sy verwys moet met taalgebruik verwant hou en natuurlik die lees en gebruik van Langenhoven se werke. Die fees sou sorg vir 'n nuwe opgewondenheid oor Langenhoven en ook die Afrikaanse taal. Die formaat wat die fees aangeneem het, kan dus verduidelik word deurdat mense aangemoedig is en tot 'n mate ook opgesweep is vir die feestelikheid rondom Langenhoven en 'n Afrikanertrots, gevoed deur 'n stryd vir die taal.

Die vraag is natuurlik waar hierdie inisiatief ontstaan het. In 'n onderhoud op 24 Julie 2002 met Dr. M. du Toit Potgieter, voormalige rektor van die blanke opleidingskollege in Oudtshoorn, het hy gesê dat dit nie oorspronklik Sarah se breinkind was nie, maar wel sy eie. Dr. Potgieter vertel dat hy een Sondagoggend in 1968 in die kerk besef het dat Langenhoven in 1973 'n honder jaar oud sou wees. Van die kerkdiens kan hy niks onthou nie, want sy gedagtes was besig met die vraag wat gedoen gaan word ter herdenking van Langenhoven en sy honderste verjaardag.[77] Dr. Potgieter het geweet dat hierdie viering nie iets was wat enige persoon eiehandig sou kon hanteer nie. In September 1969 het Dr. Potgieter en Mnr. W. Odendaal, 'n plaaslike skoolhoof, as afgevaardigdes van Oudtshoorn se plaaslike Skakelkomitee na die FAK se Jaarvergadering in Pretoria gegaan met die Eeufees as besprekingspunt vir die vergadering. Die kongres het eenparig besluit om die

[76] A. Grundlingh en H. Sapire: From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology inan industrializing South Africa, 1938-1988 (South African Historical Journal, 1989, 21, pp. 25).
[77] Onderhoud met Dr. M. Du Toit Potgieter te Oudtshoorn, 24 Julie 2002.

voorstel te ondersteun. Daar is besluit dat die Uitvoerende Bestuur as voog vir die projek sou dien. [78]

In 'n konsepbrief wat deur Dr. Potgieter in 1972 onderteken is, is die besluite wat op die FAK kongres geneem is, bevestig. Dit bevestig dat die Algemene Vergadering in September 1969 tot 'n landswye Langenhovenfees in 1973 ingestem het en dat die Uitvoerende Komitee die nodige stappe ter uitvoering daarvan sou neem. Die Uitvoerende Komitee het besluit dat "Die feeste plaaslik van aard moet wees en na 'n hoogtepunt op 12 Augustus 1973 by Oudtshoorn moet lei".[79] Bemarking vir die fees sou deur die *Handhaaf,* die FAK se blad, gedoen kon word. Daar is ook bevestig dat Sarah, weens haar posisie as Langenhoven se letterkundige administratrise, in alle bepalings geken sou word. Dit is in elkgeval op die vergadering genoem dat Sarah toe reeds besig was om sommige projekte van stapel te stuur en dat haar geesdrif werklik finominaal was.[80] Dit was van selfsprekend dat Sarah beslis alles in haar vermoë sou doen om die saak te ondersteun, want dit was immers ter verering van haar 'Chief'.

Onder leiding van Sarah en die Skakelkomitee op Oudtshoorn was daar teen 17 Mei 1972, die datum waarop die brief opgestel is, reeds baie werk ten opsigte van die fees gedoen. Daar is gereël dat die poswese 'n reeks Langenhovengedenkseëls sou uitgee en die Onderwysdepartement het in 1972 Langenhoven se boeke vir die volgende jaar voorgeskryf. Die rolprentwese sou hulle bydra lewer deur 'n dokumentêr oor Langenhoven se lewe en werk te verfilm. Die uitsaaikorporasie sou ook 'n bydra lewer en Langenhovenboeke is herdruk. Verskillende organisasies sou vir die Langenhovenfees hulle kongresse in Oudtshoorn hou. Onder dié liggame was die S.A.O.U., Rapportryers en die FAK.

---

[78] Onderhoud met Dr. Potgieter en 202. VC. 1A. (3) [in Goldblatt versameling hoewel gemerk soos Langenhoven versameling] Notule, reëlingsvergadering Eeufees, 7 Februarie 1972.
[79] 202. VC. 1A (4): [Goldblatt versameling, gemerk soos Langenhoven versameling] Konsepbrief vir Langenhovenfees, 17 Mei 1972.
[80] 202. VC. 1A. (3). [in Goldblatt versameling hoewel gemerk soos Langenhoven versameling] Notule, reëlingsvergadering Eeufees, 7 Februarie 1972.

'n Langenhoven-Eeufeeskomitee is op Oudtshoorn in die lewe geroep met verskillende sub-komitees. Die groepe was verantwoordelik vir die feesverrigtinge op Oudtshoorn. Hulle het alle Suid-Kaapse dorpe genooi om die naweek van 10-12 Augustus op Oudtshoorn saam te trek. Die hoop is uitgespreek dat daar in elk van die dorpe 'n Langenhovenkomitee saamgestel sou word wat 'n program in die betrokke dorp sou loods.[81] Die hoop was dus om die hele land by die feesvieringe te betrek, elke dorp deur hulle eie fees. Hoewel elke dorp oorgelaat is om hulle eie fees te reël, is hulle beslis aangemoedig en het Sarah geen kans laat verbyglip om almal daarvan te oortuig dat die feestelikheid nodig was nie.

Op 26 Februarie 1973 het Sarah saam met 'n paar skoliere aan 'n radio onderhoud deelgeneem wat oor Langenhoven en die eeufees gehandel het. Die eerste vraag wat deur die kinders aan haar gestel is, was of al die feesvieringe en die aktiwiteite wat daarmee verband hou nie te veel was en eerder die volk negatief sou stem teenoor die feesviering nie. Sarah het geantwoord dat sy ook hierdie vrees gekoester het. Sy het egter gesê dat sy glo 'n atmosfeer geskep moes word waarin die rol en waarde van Langenhoven vasgestel moes word. Verder het sy verwys na volksfeeste oor die algemeen waar die hele fees deur die hele land haarfyn beplan is. Elke dorp se aandeel en tyd wanneer dit moes gebeur is uitgestip. Wat die Langenhoven fees betref, moes elke dorp self besluit wanneer en indien daar enigsins iets ter viering van Langenhoven gedoen sou word. Die keuse is dus aan die gemeenskap oorgelaat. Die enigste plekke waar daar iets spesifieks gereël sou word, was op Oudtshoorn, die dorp waar Langenhoven gewoon het. Stellenbosch, die dorp waar hy studeer het, sou ook spesiale reëlings vir die fees tref. Die kinders wou verder weet of hulle as jongmense werklik by Langenhoven kon aanklank vind, siende dat hy eerder byval by die vorige generasie sou vind. Sarah het gereageer deur te sê dat as die kinders sou begin om Langenhoven te lees, hulle sou sien dat hy 'n groot bydra tot Afrikaans gelewer het en dat die taal moontlik nie so ver gevorderd sou wees

[81] 202. VC. 1A (4) [Goldblatt versameling, gemerk soos Langenhoven versameling] Konsepbrief vir Langenhovenfees, 17 Mei 1972.

soos dit op daardie stadium was, as dit nie vir Langenhoven was nie. Kinders sou hom dus vir hierdie bydrae en sy werk vir die taal kon waardeer.[82]

Hierdie was nie bloot 'n waar opmerking van die kinders nie, maar 'n aanduiding van die verandering wat binne Afrikanergeledere voorgekom het, veral gedurende die sestiger en sewentiger jare. Die verbruikerskultuur het sy weg na Suid-Afrika gevind wat ook spesifieke kulturele invloede tot gevolg gehad het.[83] Teen 1970 was kulturele sekularisasie, gebaseer op 'n verbruikerskultuur, sport, ontspanning, reis en persoonlike vryheid, die begin van die verbrokkelende Afrikaner identiteit.[84] Nie alleen Langenhoven was vir die kinders deel van 'n vorige generasie nie, maar ook die konsep van 'n tipe volksfees. Soos vroeër genoem het Scanneel vermeld dat Sarah juis die fees wou gebruik om die verval van die Afrikaner teen te werk.

Sarah, wat vroeër 'n onderwyseres was, was waarskynlik die aangewese persoon om die jong kinders van Langenhoven se waarde te oortuig, siende dat sy uit ondervinding met kinders kon werk. Sy het Langenhoven se werk ook goed genoeg geken om te kon oordeel waarby kinders kon aanklank vind en waardeur hulle intellektueel gestimuleer sou word.

Onder leiding van Sarah, die FAK en die plaaslike skakelkomitee op Oudtshoorn, is die Langenhovenfees van 1973 dus tot uitvoer gebring. 'n Oordeel oor die impak van die fees op die voortleef van Langenhoven se nagedagtenis is nie die doel van die hoofstuk nie, maar dit wil voorkom asof opinies oor dié fees verskil. As 'n mens hoofstuk drie van Kannemeyer se boek, *Langenhoven: 'n Lewe* lees, word 'n redelik negatiewe beeld van veral Sarah se aandeel in die fees geskets.[85] Dit is egter waar dat die fees nie alleen Sarah se inisiatief was nie. Hetsy goed of sleg, die Langenhoven fees van 1973 was Sarah se laaste groot verering van Langenhoven.

---

[82] G. 202. Ku. 6E (13); Transkripsie van Sarah se gesprek met leerlinge op Tieneratelјee SAUK, 26 Februarie 1973.
[83] W. Beinart: Twentieth century South African history, p. 175.
[84] Ibid., p. 179.
[85] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 48-65.

Na afloop van die fees, het Sarah se werk nog nie tot 'n einde gekom nie. Daar was nog 'n paar briewe wat geskryf moes word en sy moes die tweede oplaag van die eeufeesuitgawe van die *Versamelde Werke* afhandel. Hoewel Sarah reeds in 1969 aangesê is om katerakke van haar oë te verwyder het sy geweier om dit te doen. Die uiteinde was dat sy teen die einde van 1974 omtrent niks meer kon sien nie. Sy het ook baie depressief geword. Ten einde laaste het Sarah wel die operasie ondergaan. Die narkose het 'n negatiewe uitwerking op Sarah gehad en haar heeltemal gedisoriënteerd gelaat. Sy het ook mense se name vergeet.

Sarah was ongeduldig met die stadige tempo waarteen sy herstel het en dit het haar toestand vererger, omdat sy redelik depressief gebly het. Haar toestand het tot so 'n mate versleg dat Jan Scannell, wat op daardie stadium as administrateur van die Langenhoven nalatenskap opgetree het, op 19 Februarie 1975 aan Sarah se broer geskryf het om hom te laat weet dat haar gesondheid glad nie bevredigend was nie.[86] Sarah se toestand het algaande agteruit gegaan. Op 22 Mei 1975 is sy oorlede.[87] Haar as is in 'n houer, voor die borsbeeld van Langenhoven in die tuin by Arbeidsgenot, begrawe. 'n Gedenkplaat met die woorde "Met nougesette ywer het sy haar lewe gewy aan die belange en die nagedagtenis van haar Chief", is daarop aangebring.

Sarah het haar lewe daaraan gewy om die nagedagtenis van Langenhoven te koester. Sy het tot haar dood op die hoë ouderdom van vyf en tagtig, voortgegaan met haar pligsgetroue werk vir Langenhoven.

## 4.9. GEVOLGTREKKING

Sarah sal beslis onthou word as Langenhoven se administratrise en Afrikaanse onderwyseres. As skrywer in eie reg sal Sarah nie onthou word nie, waarskynlik omdat sy in die opsig in Langenhoven se skadu geleef het. 'n Groot persentasie van haar tyd is daaraan gewy om Langenhoven se werk te promofeer. Dit is egter belangrik dat 'n mens sal besef dat Sarah haarself nie

---

[86] J.C. Kannemeyer: Langenhoven: 'n Lewe, pp. 661-662.
[87] Ibid., pp. 666-668.

alleen met Langenhoven se werk besig gehou het nie, maar dat sy 'n besonderse bydra tot die Afrikaanse taal en kultuur gelewer het.

Wat Afrikaans betref het Sarah nie net as onderwyseres Afrikaans in skole aangebied nie, maar sy het ook Afrikaanse klasse by haar huis aangebied. Dit blyk dat Sarah wyd bekend en hoog aangeskrewe was vir die lesse wat sy tot kort voor haar dood aangebied het. Verder het sy deur middel van radiolesse die Engelse gemeenskap gehelp om Afrikaans aan te leer. Onenigheid tussen Sarah en die SAUK het die einde van die lesse beteken. Sarah was ook betrokke by die bevordering van tweetaligheid in die Kaap.

Deur uitgebreide fondsinsamelings het Sarah verseker dat Arbeidsgenot vir die Afrikanerkultuur behoue gebly het as monument van Langenhoven en die stryd wat hierdie man vir Afrikaans gevoer het. Sarah het selfs so ver gegaan as om op Arbeidsgenot te gaan woon vir die doel, hoewel dit vir haar 'n groot opoffering was. In samewerking met Vroutjie en Regter Fagan het Sarah gehelp om te verseker dat *Die Stem*, die eiendom van die staat en dus die Afrikanervolk word. Hoewel Sarah 'n groot bydra tot die Afrikaner se taal en kultuur gelewer het, was haar grootste lewenstaak tog om Langenhoven te laat voortleef na sy dood.

Langenhoven is deur die behoud van sy huis en die uitgee van sy werke verewig. Die grootste verering van die man was egter die Langenhoven Eeufees. Hoewel Sarah die groot dryfkrag agter die fees was, was die oorsprong daarvan nie aan haar inisiatief te danke nie. Sarah het Langenhoven se beeld lewend gehou deur Langenhovenaande, toesprake en artikels. Haar deursettingsvermoë het haar eindelik 'n toekenning deur die Drie-Eeue Stigting besorg. Sarah het met 'n arendsoog oor Langenhoven en sy nalatenskap gewaak en was nie te vinde daarvoor dat iemand sonder haar medewete iets oor hom publiseer nie.

Daar is diegene wat glo dat Sarah Langenhoven tydig en ontydig op mense afgedwing het. Dit is moontlik dat daar wel diegene was wat Sarah se poging as sulks ervaar het, maar dit het beslis gehelp om die skrywer se

nagedagtenis vir ons tot vandag te bewaar. Lank na sy dood lees Afrikaners nog Langenhoven.

# SLOT

Sarah Eva Goldblatt was 'n Joodse dame wat as kind saam met haar ouers na Suid-Afrika vanuit Oos-Europa, via Londen, geïmmigreer het. In Suid-Afrika het sy deel van die Afrikaner en sy kultuur geword. Sy was so nou met die Afrikaner verbind dat dit daartoe gely het dat die skrywer, Langenhoven, haar in sy testament as administratrise van sy letterkundige nalatenskap benoem het. Die vraag wat behandel is, is waarom hy bereid was om, gedurende die dertigerjare, hierdie Joodse vrou as sy administratrise aan te wys. Verder is gekyk na watter bydra Sarah tot die Afrikaner, sy taal en kultuur, gelewer het.

Die verhoudig tussen Afrikaner en Jood in Suid-Afrika het oor die jare gewissel. Aanvanklik is die Joodse immigrante in die land verwelkom, maar hierdie houding het baie veranderinge deurgegaan. Die groot getal Joodse immigrante, veral die vanuit Oos-Europese lande, en die gepaardgaande verstedeliking van Afrikaners, veral na die Anglo-Boereoorlog, het finansiële kompetisie tussen die twee groepe veroorsaak en dit het bygedra tot ontevredenheid met die Jode. Negetiewe stereotipering van Jode het voorgekom wat hulle beeld baie skade berokken het. Jode is dikwels as die ryk mynmagnate beskou of smouse wat die Afrikaner wou uitbuit. Groeiende Joodse getalle is beskou as bydraende faktor tot die armblanke vraagstuk in Suid-Afrika. In antwoord hierop is wetgewing ingestel om veral ook Joodse immigrasie te beperk. Op politieke gebied het die meeste Jode Britsgesinde partye in Suid-Afrika ondersteun en dit het die Afrikaner dwars in die krop gesteek.

Gedurende die dertigerjare het die anti-Joodse neiging in Suid-Afrika 'n hoogtepunt bereik. Hierdie houding is deur die anti-Britse gevoel in die land, sowel as ekonomiese frustrasie aangevuur. Duitse, Nazi invloede in Suid-Afrika het ook die anti-semitisme aangevuur. Na die bekendwording van die Nazi regime se optrede teenoor die Jode, het die Afrikaners meer simpatiekgesind teenoor dié ras geword, maar steeds wou hulle nie Joodse

immigrasie aanmoedig nie. Hoewel die Afrikaners se houding teenoor die Jode stelselmatig verbeter het, was Jode nie volkome welkom in die land nie.

Uit die houding wat die Afrikaners, veral in die begin dertigerjare, teenoor die Jode gehad het, is dit te verstane dat dit vreemd was vir Langenhoven om juis 'n Jood as sy administratrise aan te stel. Aangesien Langenhoven op Oudtshoorn gewoon het, maak dit sin dat hy 'n meer positiewe beeld van die Jode gehad het. Op die dorp was die Jode tot 'n groot mate deel van die gemeenskap in die geheel. Die Jode het ook 'n belangrike bydra gelewer in die totstandkoming van die vereindustrie.

Oudtshoorn se inwoners is egter nie onaangeraak gelaat deur die res van Suid-Afrika se houding teenoor die Jode nie. Veral na die ineenstorting van die verehandel is die Jode in die dorp in 'n baie swak lig beskou. In Oudtshoorn het die inwoners finansieël baie swaar gekry en is die Jode as 'n bydraende faktor tot die ekonomiese probleme bestempel. Verder het hulle ondersteuning van die Britse ryk ook nie die boere in Oudtshoorn aangestaan nie. Die verhouding tussen Jood en nie-Jood in die dorp is dus nadelig beïnvloed. Die verwagting is dat die verhouding onherstelbaar sou wees aangesien dit ekonomies baie sleg met Afrikaners in Oudtshoorn gegaan het. Ten spyte daarvan dat werkloosheid in die dorp waarskynlik sou bydra tot die stigting van anti-semitiese groepe, het hierdie organisasies nooit grootskaalse aanhang geniet nie en was die inwoners van die dorp eerder afkerend teenoor dié groepe. Jode is dus oor die algemeen in Oudtshoorn aanvaar en is as inwoners van die dorp aanvaar, hoewel negatiewe houdings soms kop uitgesteek het. Langenhoven het homself dus in 'n omgewing bevind wat meer positief teenoor die Jode was.

Sarah was nie alleen 'n Jood nie, maar ook 'n vrou. Hoewel vroue in die Afrikaner kultuur nou met hulle mans saamgewerk het, het hulle nie dieselfde mag en beheer in hulle gemeenskappe gehad nie. Mans het die leiding geneem. So byvoorbeeld is vroue nie vanuit die staanspoor toegelaat om aan die stryd vir Afrikaans, saam met die G.R.A., deel te neem nie. Vroue was dus mans se ondergeskiktes. Die Anglo-Beoreoorlog het die emansipasie van die

Afrikanervrou aangehelp aangesien vroue tydens die oorlogbewys het dat hulle vir hulleself kon sorg en verantwoordelikheid kon neem.

Verstedeliking en industrialisasie het die rol wat vroue, veral binne gesinsverband, gespeel het, aansienlik uitgebrei. Meer moontlikhede was vir vroue beskikbaar wat tot hulle emansipasie bygedra het. Feminisme vanuit die buiteland het vroue aangemoedig om vir hulle eie regte en belange op te staan. So is die stryd vir stemreg deur vroue ook in Suid-Afrika aangesê. Alhoewel vroue groter vryheid en regte geniet het en uiteindelik stemreg gekry het, was hulle steeds nie die leidende figure binne die Afrikaner gemeenskap nie. Mans het steeds die belangrike leiersrolle gevul. Daar is steeds van die vrou verwag om 'n goeie moeder en vrou vir haar man te wees. Hierdie pligte moes vir geen ander rede afgeskeep word nie. Om 'n vrou dus as administratrise aan te stel, was nie 'n gehoorde ding om te doen nie, 'n man is in die rol verwag.

Jood of vrou, Langenhoven het steeds vir Sarah as sy administratrise aangewys. Daar was verskillende redes en omstandighede wat moontlik bygedra het tot hierdie besluit.

Hoewel Sarah 'n Jood van Oos-Europese afkoms was, was sy en haar gesin deel van die groep Jode wat in die Engelse kultuur geassimileer was. Haar vader het deur die 'Jewish Culture Society' ander Joodse immigrante gehelp om by die Engelse kultuur in te pas en die taal te leer. Wat Sarah se opvoeding betref het haar ouers gesorg dat sy Nederlands magtig was, die erkende taal van die Afrikaners op daardie stadium. Sy was dus deel van 'n gesin wat by hulle nuwe gemeenskap wou inpas en wat nie hulle Joodse kultuur slaafs nagevolg het nie. Die aanleer van Nederlands was nie vreemd onder die Jode nie en in die Goldblatt huishouding wil dit voorkom of 'n diversiteit in tale voorgekom het. Om hierdie rede is dit te verstane dat Sarah Engels, Duits, Nederlands, waarskynlik ook Jiddisj en later Afrikaans magtig was. Tale het Sarah dus nie gestrem nie. Sy is vroeg ook aan joernalistiek blootgestsel. Haar vader, self 'n joernalis en eienaar van sy eie drukkery, het meegebring dat Sarah vertroud was met hierdie beroep en dus 'n aanwins vir

Langenhoven en die *Het Zuid-Westen* was. Sy kon haarself waarskynlik ook maklik met Langenhoven en sy stryd vir Afrikaans vereenselwig, omrede haar vader ook 'n kampvegter vir sy taal, Jiddisj, was. Binne haar gesin en met haar opvoeding is Sarah dus reeds onwetend voorberei vir 'n jarelange verbintenis met die skrywer en taalstryder, Langenhoven.

Dit is uitgewys dat Sarah van jongs aan die Afrikaner en sy kultuur blootgestel is en in haar opvoeding is haar belangstelling in die volk reeds geprikkel. Hierdie faktor en haar vinnige aanleer van Afrikaans sou beslis, wat Langenhoven betref, in haar guns tel. Saam met Langenhoven het Sarah dus hard aan die koerant gewerk en daardeur Afrikaans bevorder. Langenhoven het geglo dat hy van haar 'n Afrikaner gemaak het. Sarah het hom altyd in sy strewe en in sy werk ondersteun.

Haar ondersteuning van Langenhoven se taalstryd het ook in haar werk as onderwyseres uitgestaan waar sy, terug in die Kaap, Afrikaans in skole help implimenteer het. Dit het sy gedoen om aan haar 'Chief' te wys dat dit sou werk. Terug in die Kaap het Sarah steeds voortgegaan om Langenhoven op verskillende maniere met sy werk by te staan. Sarah was vanuit die staanspoor vir Langenhoven 'n vertroueling, veral wat sy werk betref. Sy het ook sy sensitiwiteit vir kritiek verstaan, wat tot sy vertroue in haar sou bydra het. Met hierdie mate van vertoue, kan 'n mens nie anders as om te verwag dat hy haar as administratrise sou aanstel nie. Sy was vertroud met sy werk en hoe hy wou hê dat dit hanteer moes word. Veral vir iemand wat so sensitief oor sy werk was soos Langenhoven, was sy die aangewese persoon.

Behalwe vir hulle goeie werksverhouding, het Langenhoven en Sarah spoedig hegte vriende geword. Die twee kon mekaar op intellektuele vlak stimuleer. In sy persoonlike lewe het Langenhoven vir Sarah vertrou. Dit blyk uit die feit dat sy en Vroutjie die enigste persone was wat waarlik kennis gedra het van Langenhoven se drankprobleem en die afmetings wat dit aangeneem het. Ook in hierdie opsig het Sarah haar vriend geduldig ondersteun. Sarah was nie alleen Langenhoven se vertroueling nie, maar ook Vroutjie s'n, wat soms ook haar ondersteuning gesoek het tydens Langenhoven se tye van siekte.

Die vriendskap tussen Langenhoven en Sarah was so heg dat die vraag ontstaan het of daar nie dalk 'n romantiese verhoudig bestaan het nie.

'n Besliste uitspraak of so 'n verhouding bestaan het kan nie met volkome sekerheid gegee word nie, want daar is nie konkrete bewyse in die studie daarvoor gevind nie. Indien daar wel so 'n verhouding was, sou dit beslis 'n bydraende faktor wees om te verduidelik waarom Langenhoven vir Sarah as administratrise aangewys het. Hierdie sou egter nie as deurslaggewende faktor kon dien nie. 'n Vermoë om die werk te kan verrig is beslis nodig.

Langenhoven se politieke beskouing van Jode maak dit vreemd dat hy so goed met Sarah, wat 'n Jood was, bevriend kon wees. Hoewel Langenhoven geglo het dat dit vir Suid-Afrika nodig was om Joodse immigrasie stop te sit, was sy houding teenoor Joodse individue goed. Sarah was nie die enigste Joodse vriend wat Langenhoven gehad het nie. Hy het in Oudtshoorn gewoon waar die verhouding tussen Jood en nie-Jood ook redelik goed was en waar hy baie kontak met hierdie persone gehad het. Langenhoven het baie respek vir Jode as etniese groep gehad, en het juis geglo dat hulle sukses vir die Afrikaner 'n bedreiging kon inhou. Sarah het hy nie as bedreiging vir die Afrikaner beskou nie, waarskynlik eerder as aanwins. Vir hom was sy dalk ook 'n voorbeeld van hoe die Jode deel van die Afrikanerkultuur kon word, 'n voorbeeld wat hy dalk gehoop het deur ander Jode gevolg sou word.

Sarah het die Afrikaner so ver moontlik in die uitbou van sy taal en kultuur ondersteun. Sy het haarself ook as Joodse Afrikaner beskou en het nie haar Joodse kultuur en geloof aktief uitgeleef nie. Hierdie faktore het waarskynlik meegehelp dat sy binne Afrikanergeledere aanvaar en daarin openeem is. Sarah was van mening dat die Jode baie meer kon doen om by die Afrikaner kultuur in te skakel. Sy het geglo dat die Jode baie van die negatiewe stereotipering self tot gevolg gehad het. Haar gesindheid ten opsigte van die verhouding tussen Afrikaner en Jood het haar dus bygedra daartoe dat sy vir Langenhoven 'n aanneemlike keuse vir sy werk was.

Beide Langenhoven en Sarah was van mening dat die vrou 'n versorgende rol moes vervul. Langenhoven het geglo dat dit die vrou se plig was om na haar huisgesin om te sien en om ook haar man te onderskraag. Hy het geglo dat die rol wat die vrou in die samelewing het, was om liefdesdiens in die gemeenskap te doen. Sarah se beskouing van die vrou het tot 'n mate hierby aangesluit, deurdat sy ook van mening was dat die vrou 'n plig teenoor die gemeenskap gehad het. Sy het egter geglo dat die vrou spesifiek deur die opvoeding van haar kinders hierdie bydra moes lewer. In Sarah het Langenhoven waarsynlik 'n vrou gesien wat ondersteunend was, siende dat sy hom altyd van hulp was en hom onderskraag het. Sarah het ook nie 'n gesin van haar eie gehad nie en daarom niemand om na om te sien nie, wat beteken het dat sy die tyd tot haar beskikking sou hê om na sy nalatenskap om te sien.

Hoewel daar ooreenstemming in Sarah en Langenhoven se beskouing van die vrou was, was Sarah een van die vroue wat nie teruggestaan het vir 'n manswêreld nie. Sy was 'n vrou wat die grootste gedeelte van haar lewe in die stad gewoon het. In die stede was dit minder vreemd vir vroue om beroepe buite die huis te hê. Sarah was ook bevriend met vroue soos MER wat deel gevorm het van die baanbrekers vir die emansipasie van vroue. Sarah het haar dus nie deur haar geslag laat terughou nie en daarom kon sy Langenhoven se werk vir hom doen.

Sarah se opvoeding en lewensuitkyk het gehelp om die verhoudig tussen haar en Langehoven 'n sukses te maak. Uit bogenoemde is dit duidelik waarom Langenhoven uiteindelik gekies het om Sarah as sy adminitratrise aan te wys.

Wanneer daar van Sarah gepraat word is dit waarskynlik in verband met Langenhoven. Sy word geken as sy administratrise. Sy het wel Langenhoven se nalatenskap behartig, maar dit is nie die enigste werk wat Sarah gedoen het nie. Ongelukkig staan Sarah in Langenhoven se skadu, deurdat mense haar slegs erken vir die werk wat sy in verband met die skrywer gedoen het.

Sy het egter ook 'n groot bydra gelewer tot die uitbou van die Afrikaanse taal en die Afrikaner se kultuur.

Behalwe dat Sarah as onderwyseres Afrikaans aan leerlinge geleer het, het sy ook Afrikaanse klasse by haar huis aangebied en radiolesse uigesaai waardeur Engelstaliges met dié taal gehelp is. Verder was sy ook betrokke by die instelling van die tweetaligheidsprogram in die Kaap. Hieruit is dit duidelik dat Sarah 'n passie vir die taal gehad het.

Wat die Afrikaner se kultuur betref, het Sarah gehelp met die behoud van Arbeidsgenot. Sy was het ook 'n aandeel in die regering se verkryging van outereursreg op Die Stem, gehad.

Sarah se grootste werk was egter dit wat sy rakende Langenhoven se nalatenskap gedoen het. Sy het gesorg dat sy werke voordurend uitgegee is en dat mense dus Langenhoven gelees het. Sy het gesorg dat sy boeke vir skole voorgeskryf is. Geen geleentheid het sy deur haar vingers laat glip om Langenhoven se gedagtenis te laat voortleef nie, met die hoogtepunt die Eeufees van 1973. Kannemeyer hou voor dat Sarah hierdie fees aangedryf het tot dit uiteindleik Langenhoven se naam eerder skade gedoen het omdat mense net keelvol daarvan was om van hom te hoor. Daar was moontlik diegene wat gedink het dat die fees net een te veel was, maar daar was ook diegene wat dit waardeer het. Die feit is dat dit nie alleen Sarah was wat die fees gelei het nie. Die hele fees is nie net deur haar saamgestel nie, maar deur 'n feeskomitee op Oudtshoorn, waar die hooffees gehou is. Elke dorp was verder self verantwoordelik vir feesviering in hulle dorp. Sarah het dus nie alleen beheer oor die fees gehad nie. Sy het dit wel so ver as moontlik aangevuur.

Sarah het dus haar lewe gewy aan die Afrikaanse taal en kultuur en die nagedagtenis van Langenhoven. In elk van dié opsigte het sy 'n positiewe bydra gelewer op haar entoesiastiese en leidende manier.

# BRONNE

## I. LITERATUUR

Arkin, M. (ed.): *South African Jewry: A contemporary survey.* Oxford University Press, Kaapstad, 1984.

Beyers, C.J. (red.): *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel* V. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1987.

Beinart, W.: *Twentieth century South African history.* Oxford University Press, Kaapstad, 1994.

Bosman, A.D.: J. Wouter du Preez. Vader van die uitruilskemavir die bevordering van tweetaligheid en goeie menseverhoudinge in Suid-Afrika. 'n Biografie. 1982.

Coetzee, D.: Immigrants to citizens: civil integration and acculturation of Jews into Oudtshoorn society. (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad, 2000).

De Sane, M. (ed.): *The South African Jewish Year Book.* The South African Historical Society, Johannesburg, 1929.

Du Toit, M.: Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939. (Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1996).

Feldman, B.I.: Social life of Cape Town Jewry, 1904-1914, with special reference to the Eastern European immigrant community. (Ongepubliseerde BA Hons-tesis, Universiteit van Kaapstad, 1984).

Feldman, L.: *Oudtshoorn Jerusalem of Africa.* Natal Witness, Pietermaritzburg, 1989.

Grobbelaar, P.W. (red.): *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel 1 Mens en land.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1974.

Kannemeyer, J.C.: *Langenhoven: 'n Lewe.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1995.

Langenhoven, C.J.: *CJ Langenhoven: U dienswillige dienaar.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1973.

Levenson, M.: *People of the book. Images of the Jew in South African English fiction 1880-1992.* Witwatersrand University Press, Johannesburg, 2001.

Olivier, J.R.: Die Suid-Afrikaanse Taalbond (1890-1965). (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1965).

Pienaar, D.: "Stuur julle gedigte kêrels!": Die invloed van ‘n patriargale stelsel op die ontwikkeling van vroueskrywers in die Eerste en Tweede Afrikaanse Taalbeweging: ‘n Historiese oorsig. (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1997).

Prozesky, M. en De Grunchy, J. (eds.): *Living faiths of South Africa.* Philip, Kaapstad, 1995.

Rothaman, M.E.: *My beskeie deel. ‘n Outobiografiese vertelling.* Tafelberg-Uitgewers Beperk, 1972.

Saron, G. : *The Jews of South Africa: An illustrated history to 1953, with an epilogue to 1975.* Scarecrow Books, Linden, 2001.

Saron, G. en Hotz, L. (eds.): *The Jews in South Africa. A History.* Oxford University Press, Londen, 1955.

Scannell, J.: *Arbeidsgenot die woonhuis van C.J. Langenhoven.* Die Langenhoven-Gedenkfonds, Bellville, 1984.

Shain, M.: *Jewry and Cape society. The origins and activities of the Jewish Board of Deputies for the Cape Colony.* Historical Publication Society, Kaapstad, 1983.

Shain, M.: *The roots of antisemitism in South Africa.* University Press of Virginia, Charlottesville, 1994.

Shimoni, G.: *Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967).* Oxford University Press, Kaapstad, 1980.

Stockenström, E.: Geskiedenis van die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930. (Ongepubliseerde D.Phil.-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1944).

Walker, C. (ed.): *Women and gender in Southern Africa to 1945.* Philip, Kaapstad, 1990.

## II. TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

Bradford, H.: Women, gender and colonialism: Rethinking the history of the British Cape Colony and its frontier zones, c. 1806-70 (*Journal of African History,* Vol. 37, 1996).

Grundlingh, A. en Sapire, H.: From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrializing South Africa, 1938-1988 (*South African Historical Journal*, Vol. 21, 1989).

Hetherington, P.: Women in South Africa: The historiography in English (T*he International Journal of African Historical Studies*, Vol. 26, No. 2, 1993).

Hotz, L.: Jews who arrived here sixty years ago (*Jewish Affairs*, Vol. 18, No. 2, 1963).

Langenhoven, C.J.: Aan stille waters: Ons hoed (*Die Burger*, 10 Mei 1926).

Langenhoven, C.J.: Aan stille waters: Die tugmeester (*Die Burger*, 19 Mei 1926).

Saren, G.: David Goldblatt: Champion of Yiddish (*Zionist record and South African Jewish chronicle. New Year Annual*, September 1978).

## III. HISTORIESE MANUSKRIPTE

**J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch**

Sarah Goldblatt versameling

  Verwysingsnommer: G. 202

Langenhoven versameling

  Verwysingsnommer: 202

A 1994 Band (Bande met briewe van Langenhoven aan Sarah)

Band een

Band twee

**Arbeidsgenot dokumentasie**

J.P. Scanneell versameling

  Geen verwysingsnommers

## IV. ONDERHOUDE

Onderhoud gevoer op 24 Julie 2002 te Oudtshoorn.

Persone:

*Ester van Rensburg*, nee Langenhoven. 88. Haar vader en Langenhoven was neefs.

*Dr. Mathuys Du Toit Potgieter.* 88. Voorsitter van Arbeidsgenot Komitee en voorsitter van direksie van Langenhoven Gedenkfonds. Werk in 1973 saam met Sarah aan Langenhoven Eeufees.

*Wilhelm Odendaal.* 85. Voorsitter van Arbeidsgnot Komitee en voorsitter van Langenhoven Gedenkfonds direksie, 1985 en 1986, na Dr. Potgieter.

*Magritha Petronella Kock*, nee Van der Merwe. 86. Haar oumagrootjie het Langenhoven grootgemaak.